

'n Beskrywing van die valensiemorfeem in Afrikaans vanuit 'n kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsraamwerk

**Trollip E.B.
21724504**

Verhandeling voorgelê ter nakoming vir die graad Magister Artium
in Afrikaans en Nederlands aan die Potchefstroomkampus van
die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof G.B. van Huyssteen
Hulpstudieleier: Prof F.L.M.P. Hinskens

Oktober 2016

VOORWOORD

Ek wil graag my opregte dank uitspreek teenoor die volgende instansies en persone:

- Die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) vir finansiële steun;
- Die navorsingseenheid van die NWU se Skool vir Tale (Potchefstroomkampus) vir húl finansiële en administratiewe ondersteuning;
- Die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek vir hul finansiële steun;
- Die Departement van Kuns en Kultuur vir hul finansiële steun;
- Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vir hul finansiële steun;
- My studieleier, prof. Gerhard van Huyssteen, vir sy volgehoue en jarelange morele ondersteuning, sy advies, idees en weiering om enige iets anders as die beste te aanvaar;
- My hulpstudieleier, prof. Frans Hinskens, vir sy ondersteuning en raad;
- My ma en pa, vir hulle konstante, blywende liefde en onwrikbare geloof in my vermoë, veral wanneer ek gesukkel het om self daarin te glo;
- Bruce en Eelco, wat nog altyd vir my 'n onuitputlike bron van ondersteuning en omgee is;
- My broer, Edgar en Carmen wat altyd gevra het hoe dit met my navorsing gaan, en Ari'el wat my kantoorstoel kom kaap het, wat ek aanvaar het as 'n teken om 'n blaaskans te vat;
- Die eksaminatore wat my verhandeling gelees het en konstruktiewe kommentaar gelewer het;
- En uiteindelik bedank ek elke persoon wat my in die verbygaan gevra het oor my studie en ander wat geduldig geluister het as ek net spontaan daaroor begin praat het.

OPSOMMING

In Afrikaans kom daar in sommige komplekse morfologiese konstruksies (fleksievorme, afleidings en komposita) 'n valensiemorfeem voor. Voorbeelde van valensiemorfeme sluit in die *·s·* in *man·s·hemp* en die *·e·* in *student·e·raad*. Een van die sentrale vrae met betrekking tot die valensiemorfeem is of dit enige semantiese inhoud dra in die komplekse waarin dit voorkom. Resente taalkundige beskrywings in Afrikaans, Nederlands en Duits huldig verskillende standpunte.

Die uitdagings met betrekking tot die valensiemorfeem (definiëring, modellering en verifiëring) dien as die navorsingsvrae wat in hierdie studie beantwoord word:

1. Hoe kan die valensiemorfeem in Afrikaans gedefinieer word?
2. Hoe kan die valensiemorfeem in Afrikaans linguisties gemodelleer word?
3. Bevestig mense se keuse vir valensiemorfeme, spesifiek in komposita, hierdie linguistiese model?

Om hierdie vrae te beantwoord word daar eerstens 'n literatuurstudie gedoen van bestaande beskrywings van die valensiemorfeem in veral Afrikaans en Nederlands, maar ook Duits. Datastelle (een bestaande uit komposita en een bestaande uit nonkomposita) word daarna ontleed om skemas (en die uiteindelijke linguistiese model) te kan postuleer. Laastens word die model aan die hand van 'n gebruikseksperiment in die vorm van 'n vraelys geverifieer.

Met betrekking tot komposita word oorweging geskenk aan die semantiese klassifisering van komposita om na te speur of sekere betekenis-kategorieë direk aan valensiemorfeemgebruik gekoppel kan word. Die spreiding van valensiemorfeme blyk hoofsaaklik lukraak tussen die kategorieë te wees. Met die uitsondering van koppeltekens in komposita waarin 'n neweskikkende verhouding tussen kompositumkomponente bestaan, is daar nie 'n duidelike verhouding tussen 'n spesifieke semantiese kategorie en valensiemorfeemgebruik nie. Uiteindelik word 'n model gepostuleer waarin die konseptuele pool van die valensiemorfeem as hoogs skematies voorgestel word, terwyl dit wel op die realiseringspool gespesifiseer is (met 'n definitiewe ortografiese en/of fonologiese inhoud).

Aspekte van die modelle wat opgestel is, word met behulp van 'n elektroniese vraelys aan moedertaalsprekers van Afrikaans en Nederlands getoets. Die eksperimentele items is saamgestel uit drie taalkundige aspekte, te wete klemtoonbotsing, segmentsamestelling en semantiese konteks. Die data, wat met behulp van die ANOVA- en MANOVA-statistiese metodes beskryf is, bevestig die linguistiese model. Die koppelteken word spesifiek verkies in

gevalle waar 'n neweskikkende verhouding tussen die komponente geld en/of waar daar 'n opeenhoping van vokale is. Dit blyk ook uit die data dat taalgebruikers geneig is om die ·s- valensiemorfeem in komposita te verkies waar 'n besitsgenitiewe verhouding tussen die komponente geld.

Met inagneming van bestaande beskrywings van die valensiemorfeem, die beskrywing van die valensiemorfeem vanuit 'n kognitiewe gebruiksebaseerde raamwerk, asook die eksperiment wat onderneem is, kan 'n mens nie anders as om tot die gevolgtrekking te kom dat die konseptuele invoer van die valensiemorfeem, die koppelteken uitgesluit, in Afrikaans hoogs skematies is nie. Die studie word afgesluit met idees vir verdere navorsing.

Sleutelwoorde

Afleiding, Afrikaans, interfiiks, kognitiewe grammatika, komposisie, kompositum, koppelteken, morfologie, samestelling, valensiemorfeem.

ABSTRACT

A linking element (*valensiemorfeem* in Afrikaans) appears in some Afrikaans complex morphological constructions (inflectional forms, derivations and compounds). Examples of linking elements include the *·s·* in *man·s·hemp* (**men-LK-shirt**) and the *·e·* in *student·e·raad* (**student-LK-council**). One of the main questions concerning the linking element is whether it contributes any semantic input to the complexes it features in. Recent linguistic descriptions in Afrikaans, Dutch and German hold different views on this question.

The challenges when it comes to the linking element (defining, modelling and verifying) serves as the research questions that will be addressed in this study:

1. How can the linking element be defined in Afrikaans?
2. How can the linking element be linguistically modelled in Afrikaans?
3. Does language users' use of linking elements, specifically in the case of compounds, confirm this linguistic model?

To answer these questions a literature study of the current descriptions of the linking element in especially Afrikaans and Dutch, but also in German, will be conducted. Hereafter data sets (one consisting of compounds and the other of non-compounds) will be analysed to posit schemas (and ultimately also the linguistic model). Lastly the model will be verified using a usage-based approach, in the form of an online questionnaire.

Semantic classification with regards to compounds is being considered to discern whether specific semantic categories could be linked to the use of linking elements. The distribution of linking elements in the data sets appeared mainly to be random. A relationship between a particular semantic category and the use of linking elements, with the exception of the hyphen in compounds where a coordinative relationship existed between the compound components, couldn't be established. Ultimately a linguistic model is posited where the conceptual pole of the linking element is extremely schematic, whilst it is specified on the realisation pole (with definite orthographical and/or phonological input).

Aspects of the models that were constructed have been tested by using an online questionnaire that was completed by native speakers of Afrikaans and Dutch. The experimental items were constructed using three linguistic aspects that included stress clashes, segmental composition and semantic context. The data gathered, analysed using ANOVA and MANOVA statistical methods, confirmed the linguistic model. The hyphen is preferred in cases where a coordinative relationship is present between the compound components or where there were a cluster of

vowels present at the component borders. The data also showed that language users tend to use the ·s· linking element in compounds where a possessive-genitive relationship was present between components.

With consideration of existing descriptions of the linking element, the description of the linking element from a cognitive usage-based framework and also the experiment that was undertaken, one cannot but reach the conclusion that the conceptual input of the linking element in Afrikaans, with the exception of the hyphen, is extremely schematic. This study is concluded with ideas for further research.

Key words

Afrikaans, cognitive grammar, composition, compound, compounding, derivation, hyphen, interfix, linking element, morphology.

INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD	I
OPSOMMING	II
ABSTRACT	IV
TABELLE	X
FIGURE	XI
AFKORTINGS	13
HOOFSTUK 1: INLEIDING	15
1.1 Agtergrond	15
1.2 Probleemstelling	16
1.3 Navorsingsvrae en doelstellings	17
1.4 Teoretiese raamwerk en vooronderstellings	18
1.5 Metode	21
1.5.1 Literatuurstudie.....	21
1.5.2 Data-analise	21
1.5.2.1 Automatic Compound Processing-data.....	21
1.5.2.2 National Centre for Human Language Technologies-data	23
1.5.2.3 Afrikaanse Woordelys en Spelreëls-data	26
1.5.2.4 Geamalgameerde lyste.....	26
1.5.3 Eksperiment en hipotese(s)	27
1.6 Ontploffing	29
HOOFSTUK 2: BESTAANDE BESKRYWINGS VAN DIE VALENSIEMORFEEM	30
2.1 Inleiding	30

2.2	Valensiemorfeme in Afrikaans.....	30
2.2.1	Kempen (1969).....	31
2.2.2	Combrink (1990).....	32
2.2.3	Combrink en De Stadler (1987)	35
2.2.4	Van Huyssteen (2005b; 2010; 2014)	36
2.2.5	Botha (1964).....	38
2.2.6	Taalkommissie (2009)	38
2.2.7	Ander.....	38
2.2.8	Samevatting en moontlike algemene definisie	39
2.3	Valensiemorfeme in Nederlands.....	40
2.3.1	Historiese benaderings.....	42
2.3.2	Moontlike meervoudsfunksie van valensiemorfeme	43
2.3.3	Ander funksie moontlikhede van valensiemorfeme	46
2.3.4	Samevatting	51
2.4	Valensiemorfeme in Duits.....	51
2.4.1	Funksie moontlikhede van Duitse valensiemorfeme	52
2.4.2	Samevatting	57
2.5	Vergelyking van die beskouings rondom valensiemorfeme	58
2.6	Samevatting	64
HOOFSTUK 3: BESKRYWING VAN VALENSIEMORFEEMKONSTRUKSIES.....		66
3.1	Inleiding.....	66
3.2	Konstruksies in KG	66
3.3	Karakterisering van die valensiemorfeem	73

3.3.1	Komposisie	73
3.3.1.1	Konstruksieprofielring	73
3.3.1.2	Semantiese en fonologiese afhanklikheid	76
3.3.1.3	Konstituering	79
3.3.2	Vestiging.....	79
3.3.2.1	Algemeenheid.....	80
3.3.2.2	Produktiwiteit	80
3.3.3	Samevatting	80
3.4	Kategoriseringsnetwerk van die valensiemorfeem	81
3.4.1	Beskrywing: Realiseringspool	82
3.4.1.1	Valensiemorfeem in komposita	82
3.4.1.2	Valensiemorfeme in nonkomposita	87
3.4.2	Beskrywing: Konseptualiseringspool.....	92
3.4.2.1	Valensiemorfeme in komposita	93
3.4.2.2	Valensiemorfeme in afleidings en fleksievorme	94
3.5	Samevatting	94
HOOFSTUK 4: VERIFIËRING VAN ASPEKTE VAN DIE		
KATEGORISERINGSNETWERK		98
4.1	Inleiding.....	98
4.2	Eksperimentopstelling en veranderlikes	98
4.2.1	Doel.....	101
4.2.2	Hipoteses	101
4.2.3	Operasionalisering van veranderlikes	102

4.2.4	Vraelys	105
4.3	Resultate	106
4.4	Gevolgtrekkings	112
4.5	Samevatting	115
HOOFSTUK 5: GEVOLGTREKKING EN TOEKOMSWERK		117
5.1	Inleiding.....	117
5.2	Samevatting en terugskouing.....	117
5.3	Toekomswerk.....	120
BRONNELYS.....		122
ADDENDUM A.....		129
ADDENDUM B.....		132

TABELLE

Tabel 2-1: Opsomming van die beskrywing van valensiemorfeme	59
Tabel 3-1: Opsomming van datastelle wat in die studie gebruik word.....	81
Tabel 3-2: Kwantitatiewe ontleding van valensiemorfeme in die kompositumdatastel.....	82
Tabel 3-3: Stamme wat drie keer of meer in die kompositumdatastel met spesifieke valensiemorfeme voorkom	84
Tabel 3-4: Kwantitatiewe ontleding van valensiemorfeme in die nonkompositumdatastel.....	90
Tabel 3-5: Frekwensiematriks van die kompositumdatastel se semantiese kategorieë.....	93
Tabel 4-1: Komposita in oorspronklike eksperiment	103
Tabel 4-2: Opsomming van respondente.....	106
Tabel 4-3: Komposita gebruik in analise.....	107
Tabel 4-4: Komposita in finale eksperiment in die vorm wat deur die meerderheid respondente gekies het (Nederlandssprekende en Afrikaanssprekende respondente gekombineer)	109
Tabel 4-5: MANOVA-berekenings vir die eksperiment.....	110
Tabel 4-6: ANOVA-berekenings vir die eksperiment.....	110
Tabel 4-7: Aantal respondente wat gekies het vir die kompositumvorm met 'n koppelteken...	113

FIGURE

Figuur 1-1: Binêre verbindingstruktuur van bruid•s•kleed	19
Figuur 1-2: Ternêre verbindingstruktuur van bruid•s•kleed	19
Figuur 3-1: Analiseskema van [EEND•LK•HOK/eend•e•hok]	68
Figuur 3-2: Analiseskema van [EEND•LK•AANSYN/eend•e•...]	69
Figuur 3-3: Analiseskema van [AANSYN•LK•AANSYN]/...1•e•...2]	70
Figuur 3-4: Kategoriseringsnetwerk van die [eend]-komposisiestrukture	72
Figuur 3-5: Kategoriseringsnetwerk van die [eend]-komposisiestrukture met [arend•s•...] as verlenging.....	72
Figuur 3-6: Analiseskema van [AREND•LK•KLOU/arend•s•klou]	74
Figuur 3-7: Analiseskema van [WERK•NR/werk•er].....	77
Figuur 3-8: Analiseskema van [LEER•LK•NR/leer•d•er]	77
Figuur 3-9: Realiseringskema van [AREND•LK•KLOU/arend•s•klou]	78
Figuur 3-10: Realiseringskema van [VRIEND•LK•ADJR/vriend•e•lik].....	78
Figuur 3-11: Algemeenste realiseringskonstruksieskemas van die valensiomorfeem in Afrikaanse komposita.....	83
Figuur 3-12: Die algemene en spesifieke realiseringskonstruksieskemas in die kompositumdatstel	86
Figuur 3-13: Konstruksieskemas vir die reëls vir die gebruik van die koppelteken in Afrikaanse komposita.....	88
Figuur 3-14: Kategoriseringsnetwerk van die realiseringspool van die valensiomorfeem in Afrikaanse komposita.....	89
Figuur 3-15: Integrasie van die algemene en spesifieke realiseringskonstruksieskemas in die nonkompositumdatstel.....	91

Figuur 3-16: Primêre konseptuele konstruksieskema van die valensiemorfeem in Afrikaans.....	92
Figuur 3-17: Konstruksieskema van die neweskikkende semantiese verhouding	94
Figuur 3-18: Kategoriseringsnetwerk van die valensiemorfeem in Afrikaanse komposita	96
Figuur 3-19: Kategoriseringsnetwerk van die valensiemorfeem in Afrikaanse nonkomposita.....	97

AFKORTINGS

Afkorting	Verklaring
ADA	adjektiverende ambifiks
ADJR	adjektiveerder
aff	geaffigeerde vorm
allo	allomorf
ANOVA	analise van variansie (<i>analysis of variance</i>)
AR ²	aangepaste R ² (<i>Adjusted R²</i>)
AuCoPro	Automatic Compound Processing-projek
AWS	<i>Afrikaanse Woordelys en Spelreëls</i> (Taalkommissie, 2009)
BVH	binêrevertakkingshipotese
CKAR	C5 KompositumAnaliseerder vir Robuuste Morfologiese Analise (<i>C5 Compound Analyser for Robust Morphological Analysis</i>)
CMP	komparatiefmorfeem
ESH	eenvoudigersintaksishipotese
KCA	Kempen (1969), Combrink (1990) en AWS (Taalkommissie, 2009)
KG	kognitiewe grammatika
LK	valensiemorfeem
lm	landmerk
MANOVA	multifasettige analise van variansie (<i>Multivariate analysis of variance</i>)
MLG	valensiemorfeem van Germaanse herkoms (<i>Morpheme Linking Germanic</i>)
NCHLT	National Centre for Human Language Technologies
NN	komposita waarvan albei stamme naamwoorde is
NR	nominaliseerder
PDS	woordsoortbehoudende prefiks
PDV	verledetydprefiks
PFV	verledetydprefiks
PL	meervoudsuffiks
pre	prefiks
p-waarde	beduidendheidswaarde
RD	afhanklike stam
RFB	bywoordstam
RFN	naamwoordstam
RFNA	naamwoordallomorf
RFNP	naamwoordplusallomorf
RFO	stam van 'n nienaarwoord
RFV	werkwoordstam
RFVM	verkorte stamallomorf

Afkorting	Verklaring
same	kompositum
same.attr.endo	endosentriese, attributiewe kompositum
SDA	adjektiveerder-suffiks
SDAP	verlengde suffiksallomorf
SDN	nominaliseerder-suffiks
SDV	verbaliseerder-suffiks
SFA	attributiewe -e
SFM	meervoudsuffiks
stam	stam/onafhanklike komponent
suf	suffiks
tr	trajektor
XN	komposita waarvan die eerste stam nie 'n naamwoord is nie, maar die tweede stam wel is

Hoofstuk 1: Inleiding

1.1 Agtergrond

Germaanse tale soos Afrikaans, Nederlands en Duits beskik primêr oor twee produktiewe woordvormingsprosesse, naamlik affigering en samestelling (Van Huyssteen, 2014:192). Tydens hierdie prosesse word twee of meer konstituente (wat onder andere selfstandige woorde en affikse kan insluit) bymekaar gevoeg om nuwe woorde of woordvorme (afleidings, geflekteerde vorme en komposita) te vorm. Voorbeelde van geaffigeerde vorme sluit in *spogg·e·rig*, *hoeveel·heid* en *ver·sprei*, terwyl *hand·byl*, *lees·teken* en *stem·reg* voorbeelde van komposita is.¹

In sommige geaffigeerde vorme en komposita kom 'n bykomende konstituent voor, soos die *·e·* in *pronk·e·rig*, *swan·e·dons* en *druiw·e·tros*, die *·s·* in *eiendom·s·reg* en *hemp·s·knoop*, en die *·d·* in *bestuur·d·er* en *leer·d·er*. Hierdie konstituent word vir doeleindes van hierdie studie 'n valensiomorfeem genoem; dit staan egter ook bekend as 'n paramorfeem, klankpluselement of interfiks, om net 'n paar te noem.² Vir meer voorbeelde van valensiomorfeme in Afrikaans, vergelyk Combrink (1990:48-50) en Kempen (1969:94-95).

Die spesifieke eienskap van valensiomorfeme om die morfologiese valensie (d.i. verbindingsvermoë) van stamme te verander, dien as kenmerkende eienskap (Combrink, 1990:30; Nübling & Szczepaniak, 2008:10). 'n Voorbeeld van die vergroting van morfologiese valensie is waar stamme verbind met *arbeid*. In die CKARMA-datastel (CTeXt, 2005) vereis 84% van die komposita met *arbeid* as eerste stam die *·s·*-valensiomorfeem om verder te kan verbind. Voorbeelde sluit in *arbeid·s·beleid*, *arbeid·s·faktore* en *arbeid·s·lone*; *arbeid* sou nie met *beleid*, *faktore* of *lone* kon verbind sonder die gebruik van die *·s·* tussen die stamme nie, aangesien *arbeid* hoofsaaklik sistematies met behulp van die *·s·* aan ander stamme verbind. Die valensiomorfeem maak dit dus moontlik dat *arbeid* as 'n stam in komposita gebruik kan word deur die stam te verleng om verbindings tussen dié en ander stamme moontlik te maak.

1 Die middelpunt (·) word in hierdie verhandeling as 'n aanduier van morfeemgrense gebruik. Morfeemgrense word slegs aangedui waar dit relevant is tot die argumentasielyn.

2 'n Tabel van die reeks name wat teoretici gebruik om na valensiomorfeme te verwys, verskyn in Van Huyssteen (2005b).

1.2 Probleemstelling

Definisies van die valensiemorfeem verskil grootliks weens verskillende beskouings rakende die fonologiese en/of semantiese aard daarvan. Sommige teoretici meen valensiemorfeme het 'n moontlike semantiese funksie (Banga *et al.*, 2012; Banga *et al.*, 2013; Mattens, 1970; Van Tiel *et al.*, 2011), terwyl ander meen valensiemorfeme slegs 'n fonologiese funksie het (Combrink & De Stadler, 1987; Krott *et al.*, 2001, 2004; Nübling & Szczepaniak, 2008, 2013). Teoretici bevraagteken ook die vermoë wat valensiemorfeme het om semantiese betekenis in 'n geaffigeerde vorm of kompositum te dra. Combrink (1990:173) noem valensiemorfeme "fasiliteerders van Afrikaanse woorde se sillabebou". Die analise van hierdie woordelement word dus gekompliseer deur die feit dat daar nie eenstemmigheid is oor die aard daarvan nie, veral ook nie in Afrikaans nie (Van Huyssteen, 2014:188).

Kempen (1969:93, 95) definieer die valensiemorfeem as 'n morfeem wat 'n vorm van die eerste stam/konstituent skep ('n allomorf) wat nie buite die kompositum waarin dit voorkom, kan funksioneer nie. 'n Voorbeeld hiervan is *bruid·s· in *bruid·s·kleed*. Die ·s·-valensiemorfeem skep die allomorf *bruid·s· wat nie ooreenstem met enige aanvaarde geflekteerde vorm van *bruid* nie. Valensiemorfeme kan egter vorme van stamme skep wat ooreenstem met hul geflekteerde vorme, soos byvoorbeeld *man·s·hemp* wat uit die twee stamme, naamlik *man* en *hemp*, en die valensiemorfeem ·s· bestaan. Die eerste stam in hierdie kompositum lyk dus soos die aanvaarde meervoudsvorm (*man·s·*).

Volgens Combrink (1990:239-240) kan 'n valensiemorfeem tussen twee stamme, 'n stam en 'n suffiks, of 'n stam en 'n prefiks "skyn te staan"; dit is sonder betekenis; en dit verleng die "grondmorfeem" deur 'n allomorf te skep (van die eerste stam) wat 'n ander morfologiese valensie as die "grondmorfeem" het. Botha (1964:53) verwys net terloops na valensiemorfeme en beskou dit as 'n fonologiese element van Afrikaanse komposita. Van Huyssteen (2005b, 2010, 2014) argumenteer vanuit 'n kognitiewegrammatikaperspektief dat valensiemorfeme streng fonologies funksioneer, en dat dit daarom uiters skematiese semantiese inhoud het. Indien die semantiese en/of fonologiese inhoud van valensiemorfeme egter nie met 'n groter mate van sekerheid beskryf kan word nie, kan die taalkundige analise daarvan nie volledig en korrek gedoen word nie.

Die bestaande Afrikaanse beskouings sal kan baat by valensiemorfeemstudies wat in ander tale gedoen is. Ondersoeke en eksperimente wat reeds gedoen is rakende valensiemorfeme en hul betekenis of funksie binne komposita in ander tale (spesifiek Nederlands en Duits), sluit 'n reeks eksperimente in, wat wissel van produksie van valensiemorfeme (Hanssen *et*

al., 2012) tot die persepsies daarvan (Banga *et al.*, 2012, 2013; Schreuder *et al.*, 1998). Baayen (2014) bespreek sekere psigolinguistiese metodes wat al gebruik is om morfologiese prosessering na te speur, wat insluit die kies van alternatiewe vorme van dieselfde woord (*lexical decision task*), asook die uitlokking van 'n sekere woord (*priming*). Libben (2014) benader die valensiemorfeem vanuit 'n primêr sielkundige invalshoek. Geen van hierdie metodes is nog gebruik om die prosessering van die valensiemorfeem in Afrikaans te beskryf nie.

Samevattend blyk dit dus uit hierdie uiteensetting dat daar uiteenlopende opinies bestaan rondom valensiemorfeme en die aard daarvan. 'n Omvattende taalmodel wat die valensiemorfeem in Afrikaanse komposita en afleidings volledig beskryf, ontbreek ook. Daar ontbreek verder ook eksperimente waarin die verskillende moontlike konseptuele invoere van die valensiemorfeem in samehang met die fonologiese eienskappe getoets word. Daar is dus 'n behoefte vir 'n taalmodel wat 'n teoreties eenvormige beskrywing van die vorm(e) en funksie(s) van valensiemorfeme gee.

1.3 Navorsingsvrae en doelstellings

Drie navorsingsvrae kan uit bostaande probleemstellings geformuleer word:

1. Hoe kan die valensiemorfeem in Afrikaans gedefinieer word?
2. Hoe kan die valensiemorfeem in Afrikaans linguisties gemodelleer word?
3. Bevestig mense se keuse vir valensiemorfeme, spesifiek in komposita, hierdie linguistiese model?

Voortspruitend hieruit is die doel van hierdie navorsing ook drieledig. Die doelstellings is om:

1. die valensiemorfeem in Afrikaans te definieer deur definisies in bestaande literatuur sinvol te integreer;
2. die valensiemorfeem in Afrikaans te modelleer deur gebruik te maak van 'n kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsraamwerk; en
3. die geldigheid van die model, spesifiek met betrekking tot komposita, te verifieer deur middel van gebruikersgebaseerde toetse.

1.4 Teoretiese raamwerk en vooronderstellings


Drie vooronderstellings is belangrik vir die ondersoek, waarvan die eerste is dat slegs ongeflekterde stamme (*bare stems*) gebruik kan word wanneer komplekse (spesifiek komposita) gevorm word (Schmid, 2011:121; Štekauer *et al.*, 2012:51, 134). Hierteenoor staan linguiste wat nie die moontlikheid uitsluit dat geflekterde stamme in komposita (kan) voorkom nie (Booij, 2010:86; Combrink, 1990:270).

As voorbeelde van ongeflekterde stamme wat verbind, kan die volgende voorbeelde van komposita vergelyk word: *mier·gif*, *eend·e·kamp* en *arbeid·s·geskil*. *Mier·gif* bestaan duidelik uit twee ongeflekterde stamme: *mier* en *gif*. Die vraag is of die *·e·* tussen *eend* en *kamp* 'n meervoudsuffiks (siende dat *eend* se meervoud *eend·e* is), of 'n valensiemorfem is. Die toets wat in hierdie verhandeling gebruik word in sulke meerduidige gevalle, is dié van Kempen (1969:96): Hy noem *person·e* in *person·e·reg*, *gesang·e* in *gesang·e·boek* en *eend·e* in *eend·e·kamp* “perifere, nie-sentrale verbindingsvorme” of “skynmeervoude”, aangesien meervoude net meervoude is wanneer dit teenoor 'n enkelvoud gestel kan word en nie wanneer dit toevallig soos meervoude lyk nie. Daarmee bedoel hy dat die verbindingsvorme slegs as meervoudsvorme gesien kon word as **persoon·reg*, **gesang·boek* en **eend·kamp* ook as komposita bestaan het. Die *·e·* in al die genoemde gevalle is dus valensiemorfeme en nie meervoudsuffikse nie. Hierteenoor argumenteer Combrink (1990:271) dat die mening van moedertaalsprekers (in die vorm van woorde se woordeboekdefinisies of vraelyste oor die betrokke woorde) die manier is om meervoudsuffikse en valensiemorfeme, wat eenderse vorme skep, van mekaar te skei. Kempen se toets word egter vir eers gebruik waar daar meerduidigheid bestaan oor die aard van 'n verbindingsvorm binne 'n kompleks.


Die tweede vooronderstelling handel oor die moontlikheid van ternêre morfologiese verbindings (Frank, 2002). Scalise en Guevara (2005:163-164) bespreek die binêrevertakkingshipotese (*Binary Branching Hypothesis*) as 'n beperking op die woordvormingsreëls in 'n taal. Volgens hierdie hipotese bestaan enige komplekse woord, ongeag sy kompleksiteit, uit een of meer binêre strukture: Slegs twee komponente mag op 'n slag verbind om 'n kompleks te vorm. Booij (1992:47) bespreek komposita wat ternêre verbindings blyk te vereis in gevalle waar 'n binêre verbinding nie 'n bestaande woord skep waarmee die derde konstituent kan verbind nie. 'n Afrikaanse voorbeeld sou *bruid·s·kleed* wees; beide *bruid·s* en *·s·kleed* is nie woorde nie. Hy argumenteer egter dat 'n binêre verbinding gepas is, omdat dit moontlike woorde (allomorfe) skep, en hierdie moontlikhede

kán dien as invoere vir woordvorming. Hiervolgens sou *bruid* en *·s·* eers verbind (om die allomorf *bruid·s·* te vorm), en daarna verbind *bruid·s·* met *kleed* om die kompositum te vorm. Hierdie siening sluit dus aan by dié van Kempen (1969) soos hierbo bespreek.

Die binêre verbindingstruktuur, waarvolgens 'n valensiemorfeem 'n allomorf skep wat verder verbind (soos **bruid·s·* in *bruid·s·kleed*), word voorgestel in Figuur 1-1; die skema in Figuur 1-2 beeld die situasie uit indien 'n ternêre struktuur vir komposita aanvaar sou word. Vir doeleindes van hierdie studie word die binêrevertakkingshipotese egter vooronderstel in soverre dit betrekking het op die aantal komponente wat verbind. Die dieper, onderliggende idees agter die generatiewe interpretasie en implikasies van dié hipotese word egter nie ondersteun nie. In navolging van Hilpert (2013:140-141) word aanvaar dat daar sowel links- as regsvertakkings in dieselfde taal (en selfs in dieselfde morfologiese konstruksies) kan wees, soos geïllustreer sal word in afdeling 3.3.1.2. Met sowel links- as regsvertakkings word bedoel dat die valensiemorfeem beide tot stamallomorfie (soos in [[[bruid][s]][kleed]]) of tot affiksallomorfie (soos in [[leer][[d][er]]) kan bydra.



Figuur 1-1: Binêre verbindingstruktuur van bruid·s·kleed



Figuur 1-2: Ternêre verbindingstruktuur van bruid·s·kleed

Die derde vooronderstelling het betrekking op die gebruik van die koppelteken in Afrikaanse komplekse. Van Zaanen *et al.* (2014:105) het die koppelteken as 'n valensiemorfeem beskou

in hul studie, omdat die koppelteken die valensie van stamme wat op vokale eindig en met stamme wat met vokale begin, vergroot. Op soortgelyke wyse het Van Huyssteen (2005b) die koppelteken ook in sý korpusondersoek na Afrikaanse valensiemorfeme ingesluit. In Bertram en Hyönä (2013:158) word die eienskappe van koppeltekens om sowel woordgrense aan te dui, as om te wys dat sekere konstituente bymekaar hoort en om die korrekte fonologiese vorm te bewaar, bespreek. Vir doeleindes van hierdie studie word die koppelteken as 'n valensiemorfeem beskou, gesien in die lig van die genoemde taalkundige beskouings. Die kognitiewegrammatikamotivering vir die insluiting van die koppelteken as 'n valensiemorfeem, word in afdeling 3.2 bespreek.

Die gebrek aan eenstemmigheid wat betref valensiemorfeme se vorm en betekenis laat ruimte vir die opstel van 'n omvattende taalmodel. So 'n model kan opgestel word vanuit 'n kognitiewe gebruiksgebaseerde perspektief, juis omdat die valensiemorfeem nog nie vanuit hierdie perspektief in Afrikaans beskryf is nie; dit bied dus die moontlikheid vir nuwe insigte. Eienskappe van die kognitiewe grammatika (n deelteorie van kognitiewe linguistiek), naamlik die gebruiksgebaseerde benadering wat gevolg word, die verbinding tot 'n semantiese motivering van morfologiese konstruksies en die vervaging van die tradisionele grense in die linguistiek, bied definitiewe moontlikhede vir die taalkundige bestudering van die valensiemorfeem (Taylor, 2002:4, 27-31). Daar is ook 'n aantal metodologiese voordele verbonde aan so 'n model, wat insluit dat slegs data waarin werklike taalgebruik vervat is, gebruik word en die model sodoende induktief vanuit die beskikbare data opgestel kan word (Van Huyssteen, 2002:314-315). Taylor (2002:30) beklemtoon dat dit taalgebruikers is wat taal "genereer" en nie die grammatika self nie.

Benewens bogenoemde motivering vir 'n gebruiksgebaseerde perspektief, is integrasie en betekenisdinamika ook beginsels van die kognitiewe perspektief wat bevorderlik vir hierdie studie sal wees (Langacker, 2013:14, 30). Integrasie moedig die vereniging van inligting uit verskeie bronne en studieverdele aan wanneer 'n taalverskynsel bestudeer word, en betekenisdinamika laat ruimte vir die verandering van woorde/woorddele se konseptuele inhoud (in die spektrum van 'n definitiewe betekenis na besonders skematiese betekenis). Met betrekking tot die valensiemorfeem is hierdie beginsels van groot waarde, soos in hoofstuk 3 gedemonstreer sal word.

1.5 Metode

1.5.1 Literatuurstudie

Ten einde die valensiemorfeem in Afrikaans te definieer, sal daar eers 'n literatuurstudie van bestaande Afrikaanse, Nederlandse en Duitse beskrywings van die valensiemorfeem gedoen word. Daar sal ook oorweging geskenk word aan beskrywings vanuit die kognitiewe grammatika en die moontlikhede wat dit bied om verskynsels soos die valensiemorfeem te beskryf.

1.5.2 Data-analise

Hierna sal 'n data-analise gedoen word om die spreiding en voorkoms van valensiemorfeme in Afrikaans na te speur, ten einde 'n kategoriseringsnetwerk (d.i. taalmodel) van die valensiemorfeem se semantiese en fonologiese pole te postuleer. Die data wat gebruik word, word in afdeling 1.5.2.1 tot 1.5.2.4 bespreek.

1.5.2.1 Automatic Compound Processing-data

AuCoPro (*Automatic Compound Processing*) was 'n gesamentlike projek tussen die Noordwes-Universiteit, Universiteit van Tilburg en die Universiteit van Antwerpen wat tussen 2012 en 2014 onderneem is. Die primêre doelwitte daarvan was om kompositumverdelers (*compound splitters*) en -analiseerders (*compound analysers*) vir beide Afrikaans en Nederlands te ontwikkel. Die projek het gefokus op komposita en die analise daarvan, aangesien samestelling 'n uiters produktiewe proses in Germaanse tale is. Vir meer inligting oor die projek kan www.sourceforge.net/projects/aucopro/ en www.gerhard.pro/aucopro/ geraadpleeg word.

Die AuCoPro-datastel bestaan uit morfologies en semanties geannoteerde komposita en is daarom belangrik vir die huidige studie. Die datastel kan opgedeel word in 'n verdelings- en semantiese datastel. Eersgenoemde bestaan uit 25 266 komposita en laasgenoemde uit 3 828. In die verdelingsdatastel is komposita volgens woordgrense en valensiemorfeme morfologies geskei met behulp van onderskeidelik 'n "+" en 'n "_": Voor stamme word 'n "+" gebruik en voor valensiemorfeme 'n "_". Vergelyk byvoorbeeld die volgende gevalle:

- (1) kragspel → krag + spel
- (2) afskeidspreek → afskeid _ s + preek
- (3) vrouetennis → vrou _ e + tennis

Afleidings- en fleksieaffikse word nie onderskei in die morfologiese annotasie nie – die annotasie maak slegs voorsiening vir die verdeling van komposita en nie komplekse soos *leer-d-er* en *bestuur-d-er* nie. Vir 'n verdere uiteensetting van die annoteringsriglyne en annoteringsprotokol, sien Verhoeven *et al.* (2014:25-32) waarin die verdelingsproses breedvoerig behandel word en met meer voorbeelde toegelig word.

Die tweede gedeelte van die AuCoPro-datastel is semanties geannoteer. Die protokol hiervoor is veel kompleks as die skeidingsprotokol en behels die toekenning van 'n enkele semantiese kategorie aan elke kompositum. Verhoeven *et al.* (2014:33-50) sit hierdie proses gedetailleerd uiteen. Die deelversameling van die AuCoPro-datastelle wat vir hierdie studie gebruik word, is komposita wat valensiemorfeme bevat en beide morfologies en semanties geannoteer is. Die aangesuiwerde lys kom te staan op 186 komposita.

Die grootste leemtes betreffende die AuCoPro-data is die ongebalanseerdheid van die datastelle en plek-plek ook die annotasie daarvan. Die komposita in die AuCoPro-datastel bestaan óf net uit naamwoorde (hierna NN-datastel/NN-komposita), óf uit 'n ander woordsoort as eerste stam en 'n naamwoord as tweede stam (hierna XN-datastel/XN-komposita). In die XN-datastel is meer as 80% van die data komposita waarvan die eerste stam 'n werkwoord is. Die enkele komposita met koppeltekens in die NN-datastel is ook nie verteenwoordigend van koppeltekengebruik in Afrikaans nie. Met betrekking tot die annotasie vind 'n mens soms voorbeelde waarin die valensiemorfeem nie geïdentifiseer word nie. Vergelyk die volgende voorbeelde:

- (4) minutelange → minute + lange (in plaas van die verwagte minut _ e + lange)
- (5) slawehuis → slawe + huis (in plaas van die verwagte slaw _ e + huis)
- (6) brieweboekmetode → briewe + boek + metode (in plaas van die verwagte bried _ e + boek + metode)

Die motivering vir die gebrek om valensiemorfeme uit te wys in bogenoemde voorbeelde setel in die woordbenadering/wyse van annotasie wat volgens die protokol gevolg moet word, d.i. dat konstituente in die analise onafhanklike komponente (woorde) moet wees (Verhoeven *et al.*, 2014:26). Wat ontbreek in bogenoemde wyse van annotasie is 'n wyse om valensiemorfeemgebruik van allomorfie te onderskei.

As 'n mens die semantiese kategorisering oorweeg, is die gerapporteerde ooreenstemming tussen annoteerders (*inter-annotator agreement*) onderskeidelik 45,5% vir die NN-datastel en 33,5% vir die XN-datastel (Verhoeven *et al.*, 2014:9). Die ooreenstemming is nie beduidend genoeg dat die kategorisering onomwonde aanvaar kan word nie, en dit het moontlik te doen met die reeks opsies en interpretasie moontlikhede wat aan annoteerders gebied word in die protokol. Vir doeleindes van hierdie studie is daar volstaan met die morfologiese verdeling wat in die data gedoen is, maar die semantiese kategorisering/analise is oorgedoen. Die semantiese herkategorisering is handmatig gekontroleer deur die studieleier. Die regstelling van die gebreke in die AuCoPro-datastel word as toekomswerk in hoofstuk 5 bespreek.

1.5.2.2 National Centre for Human Language Technologies-data

Die *National Centre for Human Language Technologies* (hierna NCHLT) het 'n projek van stapel gestuur om taalhelpbronne vir (onder andere) Afrikaans te ontwikkel, en die NCHLT-data is die resultaat daarvan. Vir meer oor hierdie projek kan rma.nwu.ac.za geraadpleeg word. Volledige sinne is in hierdie datastel volgens hul onderskeie woorddele geannoteer. Aangesien valensiemorfeme nie eksklusief in komposita voorkom nie, help hierdie korpus om die deel van die kategoriseringsnetwerk te postuleer waarin valensiemorfeme in afleidings soos *bestuur·d·er* en *wett·e·loos·heid* voorkom.

Hierdie datastel bestaan uit 'n afrigting- en toetsstel van onderskeidelik 58 095 en 6 162 items (wat komposita, eiename, lidwoorde en leestekens insluit). Die wyse van morfologiese annotasie is kompleks as die skeidingsriglyne wat in die AuCoPro-data gebruik is. Volgens die protokol word alle woorddele onderskei, wat insluit afhanklike/onafhanklike stamme, allomorfe, verskillende affikse en die valensiemorfeem. Vir doeleindes van hierdie studie stel ons net belang in die afleidings- en fleksievorme wat met 'n MLG-etiket gemerk is. Hierdie etiket staan vir 'n valensiemorfeem van Germaanse herkoms (*Morpheme Linking Germanic*). Nadat komposita en komplekse wat meer as een keer in die data voorkom, verwyder is, kom

die data te staan op 72 konstruksies. In (7)-(20) verskyn voorbeelde van die wyse van annotasie in die NCHLT-korpus.³

(7) huishoudings → huis[RFN]hou[RFV]d[MLG]ing[SDN]s[SFM]

(8) meerderheid → meer[RFB]d[MLG]er[MLG]heid[SDN]

(9) wetteloosheid → wett[RFNP]e[MLG]loos[SDA]heid[SDN]

(10) waardevolle → waarde[RFN]voll[SDAP]e[MLG]

(11) gepaardgaan → ge[PDV]paar[RFN]d[MLG]gaan[RFV]

Daar bestaan in hierdie datastel, soos in die AuCoPro-datastel, ook twyfelagtige annotasies.⁴ Voorbeelde hiervan is die *·e·* in *waarde·voll·e* (sien (10)) en die *·d·* in *ge·paar·d·gaan* (sien

3 Etiket wat in die voorbeelde ((7) tot (20)) gebruik word, sluit in:

[ADA] = adjektiverende ambifiks;

[RD] = afhanklike stam;

[RFN] = (onveranderde) naamwoordstam;

[RFV] = (onveranderde) werkwoordstam;

[RFB] = (onveranderde) bywoordstam;

[RFO] = (onveranderde) stam van 'n ander woordsoort buiten 'n naamwoord, werkwoord, adjektief en bywoord;

[RFNA] = allomorf van 'n naamwoord;

[RFNP] = (plus-)allomorf van 'n naamwoordstam;

[RFVM] = verkorte stamallomorf;

[MLG] = valensiemorfeem (van Germaanse herkoms);

[SDAP] = verlengde suffiksallomorf;

[SDN] = nominaliserende afleidingsuffiks;

[SDV] = verbaliserende suffiks;

[SFA] = attributiewe *·e·*;

[SFM] = meervoudsuffiks;

[SDA] = adjektiverende suffiks;

[PFV] = verledetydprefiks;

[PDS] = prefiks is wat nie die woordsoort van die stam verander nie; en

[PDV] = prefiks wat verledetyd aandui.

Vir 'n volledige uiteensetting van al die etikette, sien die protokol (rma.nwu.ac.za).

(11)) wat as MLG's (d.i. valensiomorfeme) geannoteer is; eersgenoemde is eerder 'n attributiewe *-e* ([SFA]) en laasgenoemde 'n adjektiverende ambifiks ([ADA]). Ander voorbeelde van inkonsekwente annotasies in die NCHLT-data verskyn in (12)-(20).

(12) instandhouding → instandhou[RFV]d[MLG]ing[SDN]

(13) skoolinstandhouding → skool[RFN]in[RFO]stan[RFVM]d[SDN]hou[RFV]d[MLG]ing[SDN]

(14) huishouding → huis[RFN]hou[RFV]d[MLG]ing[SDN]

(15) verkryging → ver[PDS]kry[RFV]g[MLG]ing[SDN]

(16) gereageer → ge[PFV]rea[RD]g[MLG]eer[SDV]

(17) gebeurtenis → gebeur[RFV]t[MLG]enis[SDN]

(18) ongeskiktheid → on[PDS]ge[PDA]skik[RFN]t[MLG]heid[SDN]

(19) waarskuwings → waarsku[RFN]w[MLG]ing[SDN]s[SFM]

(20) gaste → gast[RFNA]e[SFM]

Inkonsekwentheid van annotasie bied uitdagings, soos in die geval van *instandhou-d-ing*, *skool-in-stan-d-hou-d-ing* en *huis-hou-d-ing*, soos aangetoon word in (12), (13) en (14). Die *-g-* in woorde soos *ver-kryg-ing* en *ge-rea-g-eer*, asook die *-t-* in *on-geskik-t-heid* en *gebeur-t-enis* en die *-w-* in *waarsku-w-ing-s* moet eerder behandel word soos die *-t-* in *gast-e*, naamlik as deel van stamallomorfie.

In dieselfde asem moet die *-d-* in *huis-hou-d-ing* genoem word, aangesien die *-d-* in hierdie (en ander soortgelyke) geval 'n relik van die Nederlandse infinitiefvorm is, eerder as valensiomorfeme, soos wat Combrink (1990:172) van mening is. Vir doeleindes van hierdie studie word volstaan by die morfologiese verdeling wat gedoen is. Hierdie hersiening van die NCHLT-datastel word ook in die vooruitsig gestel as toekomswerk in hoofstuk 5.

4 Morfeemgrense in hierdie en die volgende paragraaf word aangedui soos dit in die datastel weerspieël word.

1.5.2.3 Afrikaanse Woordelys en Spelreëls-data

Die derde datastel wat gebruik word, is saamgestel uit spesifieke woorde uit die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (Taalkommissie, 2009) (hierna AWS) se woordelys. Die volledige woordelys (wat nie die volledige lys van woorde in Afrikaans is nie) is beskikbaar by woordelys.co.za, maar die reëls is slegs in gedrukte formaat beskikbaar.

Die doel van die datastel wat uit die AWS-woordelys onttrek is, is om die AuCoPro-datastel met komposita waarin koppeltekens voorkom, aan te vul. Daar is besluit om 'n datastel uit die AWS-woordelys te onttrek om die koppeltekegebruik in Afrikaans meer verteenwoordigend te maak. Die lys wat onttrek is (ongeanoteerd) kom te staan op 982 items (wat frasesamestellings en samestellings met letters, simbole en syfers insluit). Vir doeleindes van hierdie studie is slegs die NN-komposita uit die lys onttrek en kom die aangesuiwerde lys te staan op 102 komposita.

Die AWS speel 'n belangrike rol in hierdie studie, aangesien daar pertinente spelreëls met betrekking tot die gebruik van die *-s-*-valensiemorfeem en die koppelteken bestaan. Hierdie reëls is veral belangrik, gesien in die lig van vestiging (sien afdeling 3.3.2), aangesien dit bydra tot die sentraliteit van hierdie twee valensiemorfeme (Van Huyssteen, 2005a:134). Hierdie reëls word in meer detail in afdeling 3.4 bespreek waar konstruksieskemas vir die valensiemorfeem in Afrikaans opgestel word.

1.5.2.4 Geamalgameerde lyste

Al die voorgenoemde datastelle is handmatig gekontroleer om datastelle te skep waarin daar slegs komplekse met valensiemorfeme in voorkom. Die resultaat van hierdie proses is korter lyste as dié wat pas bespreek is.

Die datastelle is met inagneming van die volgende aangesuiwer:

- (1) Slegs komposita wat uit twee selfstandige naamwoorde bestaan, is oorweeg;
- (2) Slegs 'n enkele voorbeeld van elke komplekse konstruksie is in die finale lys opgeneem (fleksievorme en gevalle waar dieselfde konstruksie 'n tweede keer in die datastel voorgekom het, is verwyder);

- (3) Frasesamestellings, reduplikasies en samestellings met syfers, afkortings, simbole en akronieme is nie oorweeg nie; en
- (4) Eiename waarin koppeltekens voorkom, asook eienaamsamestellings en afleidings van eiename is uitgesluit.

Voorts is daar twee datastelle vir hierdie studie van belang en word daar in die bespreking wat volg slegs na hierdie geamalgameerde weergawes verwys:

- (1) Kompositumdatastel (aangesuiwerde AuCoPro- en AWS-datastelle wat gekombineer is); en
- (2) Nonkompositumdatastel (aangesuiwerde NCHLT-datastel).

1.5.3 Eksperiment en hipotese(s)

Sodra 'n taalmodel opgestel is, moet sekere aspekte daarvan geverifieer word. Die hipotese vir hierdie navorsing is meerledig, gesien teen die agtergrond van die literatuurstudie (hoofstuk 2) en beginsels/konstrukte uit die kognitiewe grammatika (hoofstuk 3) wat die onvoorspelbare aard van die valensiemorfeem benadruk.

Om hierdie taalmodel se funksionaliteit aan die hand van gebruikers se taalgevoel te verifieer, is 'n aanlyn vraelys met 80 nuwe komposita opgestel. Daar is op hierdie eksperimenttipe besluit op grond van 'n aantal voordele, naamlik: (i) die gemak waarmee die resultate statisties bewerk kan word, (ii) die moontlikheid dat soveel as moontlike respondente daaraan sal kan deelneem, (iii) die geleentheid om gefokusde en direkte vrae te vra, en (iv) die moontlikheid wat dit bied om verhoudings in die data te beklemtoon (Wilkinson & Birmingham, 2003:19, 37, 39). Vraelyste is op hul effektiwste wanneer die antwoorde wat respondente gee spesifieke veranderlikes/faktore meet (Neuer, 2003:264). Wilkinson en Birmingham (2003:3) beklemtoon dat een eksperimenttipe nie verhoew is bo 'n ander nie; jou keuse moet berus op dit wat gepas is vir die navorsing wat jy onderneem. In hierdie studie moet die vraelys dien as 'n middel om die passing van die taalmodel, wat in hoofstuk 3 opgestel is, te bevestig of te weerlê. 'n Voorloopstudie (*pilot study*) het aangetoon dat waar respondente die opsie gehad het om meer as een antwoord te kies, dit moontlik tot verwarrende en oninterpreteerbare data sou kon lei. Op grond daarvan is besluit op vrae waarin respondente slegs een antwoord kon kies. Die proses wat gevolg is tydens die opstel van die vraelys word breedvoerig in afdeling 4.2 bespreek.

Tydens die ontwerp van hierdie vraelys is 'n aantal faktore in ag geneem, gegrond op die verwagte voorspellingswaarde wat hierdie faktore (volgens die literatuur) op die gebruik van valensiemorfeme het. Die volgende aspekte – met voorlopig geassosieerde hipoteses – sal oorweeg word:

1. **Klemtoon:** Soos aangetoon sal word in hoofstuk 2, is verskeie taalkundiges (onder andere Combrink & De Stadler (1987)) van mening dat valensiemorfeme 'n belangrike rol speel in klemtoonverskuiwings in komposita. Daar kan voorlopig gestel word dat respondente vir 'n samestellingsvorm met 'n valensiemorfeem sal kies waar aangrensende sillabes albei die klemdraende sillabes in die onderskeie woorde is. In die geval waar die slotvokaal van die eerste stam en beginvokaal van die tweede stam klem dra (x·x), sal respondente kies vir die koppelteken of ·s·-valensiemorfeem en waar dieselfde klempatroon geld in die geval van aangrensende konsonante, sal respondente kies vir die samestellingsvorm met die ·e·-valensiemorfeem.
2. **Segmentele samestelling:** Die invoeging van 'n valensiemorfeem in komposita waar vokale of konsonante ophoop, soos in hoofstuk 2 en 3 bespreek sal word aan die hand van Combrink en De Stadler (1987) en die Taalkommissie (2009), kan lees vergemaklik of betekenisverwarring voorkom. Wanneer dieselfde of verskillende vokale aan mekaar grens, sal respondente kies vir die kompositumvorm met die koppelteken. Die rede waarom die ·e·-valensiemorfeem nie waarskynlik sal wees nie, is omdat dit die vokaalsamestelling sal kompliseer. In die geval waar identiese konsonante aan mekaar grens, sal respondente die samestellingsvorm met die ·e·-valensiemorfeem of sonder 'n valensiemorfeem kies, afhangende van die hoeveelheid konsonante wat aan mekaar grens.
3. **Semantiese kategorieë:** As deel van die korpusondersoek word bestaande komposita aan die hand van 'n annotasieprotokol semanties geannoteer. Die tabel wat die spreiding van komposita met valensiemorfeme in die verskillende kategorieë aandui, verskyn in afdeling 3.4.2.1. Die algemeenste kategorieë word, in volgorde van oplopende waarskynlikheid (volgens die spreidingstabel) dat respondente vir die kompositumvorm mét 'n valensiemorfeem sal kies, as volg voorgehou (met (i) as die waarskynlikste en (iv) die onwaarskynlikste):
 - (i) Neweskikkende komposita (veral die koppelteken)
 - (ii) Besitsgenitiewe komposita (veral die ·s·-valensiemorfeem);

- (iii) Komposita met 'n nielewendende deelnemer (die ·e--valensiemorfeem of ·s--valensiemorfeem); en
 - (iv) Komposita met 'n tematiese verhouding tussen die komponente (die ·s--valensiemorfeem).
4. **Paradigmatiese analogie:** Die analogiese benadering tot kompositumvorming blyk die betroubaarste wyse te wees as die gebruik van valensiemorfeme voorspel wil word, soos in hoofstuk 2 bespreek sal word (na aanleiding van Krott *et al.*, 2001 en Krott *et al.* 2004). Hierdie faktor word as 'n gegewe aanvaar en word daarom nie in hierdie eksperiment getoets nie.
5. **Taalagtergrond:** Die enigste nielinguistiese veranderlike wat oorweeg sal word, is die invloed van respondente se moedertaal, d.i. Afrikaans teenoor Nederlands. Die verband tussen hierdie tale word sterk beklemtoon deur die hele studie en spesifiek in hoofstuk 2 waarin 'n literatuurstudie van albei tale se valensiemorfeembeskrywings gedoen word. Weens die ooreenstemmende skryfwysetradisies in dié twee tale (wat beperkte aandag geniet in hoofstuk 2 en hoofstuk 4), behoort daar nie 'n beduidende verskil te wees tussen die keuses van moedertaalsprekers van Afrikaans en moedertaalsprekers van Nederlands nie.

1.6 Ontplooiing

In hoofstuk 2 word die beskikbare literatuur oor valensiemorfeme in hoofsaaklik Afrikaans, Nederlands en Duits bespreek. Ander tale kom ook ter sprake in soverre die insigte relevant is vir die posisie in Afrikaans. In hoofstuk 3 word die valensiemorfeem in Afrikaans aan die hand van relevante konstrunkte in die kognitiewe grammatika beskryf. Die hoofstuk word afgesluit met 'n omvattende kategoriseringsnetwerk vir die valensiemorfeem in Afrikaans. Die eksperiment, waarin aspekte van die kategoriseringsnetwerk getoets word, word bespreek en geanaliseer in hoofstuk 4. Ten slotte word 'n samevatting van hierdie studie in hoofstuk 5 gegee met 'n bondige bespreking van moontlike toekomswerk betreffende die valensiemorfeem in Afrikaans.

Hoofstuk 2: Bestaande beskrywings van die valensiemorfeem

2.1 Inleiding

Soos reeds uit die inleidende hoofstuk blyk, is daar nie teoretiese duidelikheid oor die aard van valensiemorfeme nie. In die literatuur word uiteenlopende standpunte aangetref, wat strek van standpunte dat die valensiemorfeem semanties inhoudloos is tot sienings dat daar 'n verskeidenheid fonologiese en semantiese funksies vir die valensiemorfeem bestaan. Die ondersoek na valensiemorfeme in verskillende tale brei die spektrum van analisemoontlikhede toenemend uit. Renner (2013), wat 'n studie van die *·cum·*-valensiemorfeem in Engels onderneem het, en Labrone (2014) wat na die valensiemorfeem (genoem *lotura*) in Baskies gekyk het, dien as onlangse voorbeelde. Eersgenoemde is van mening dat die Engelse *·cum·* morfologies én semanties, soos valensiemorfeme, funksioneer (Renner, 2013:63), terwyl laasgenoemde die Baskiese valensiemorfeme as homomorfees aan ander verskynsels in Baskiese woordvormingsprosesse stel (Labrone, 2014:401-402).

Štekauer *et al.* (2015:78) wys daarop dat valensiemorfeme nie 'n eksklusiewe eienskap van 'n seker groep verwante tale (soos Germaanse tale) is nie. Afrikaans word saam met onder andere Grieks en Maori, wat nie Germaanse tale is nie, gelys as tale waarin valensiemorfeme voorkom (Štekauer *et al.*, 2015:79). In hierdie hoofstuk sal die relevante literatuur oor veral Afrikaans, Nederlands en Duits krities bespreek word.⁵ Daar word in hierdie studie op die genoemde Germaanse tale gefokus weens die tussenposisie wat hulle beklee op die voorspellingskaal van valensiemorfeemgebruik (Krott *et al.*, 2007:27).

2.2 Valensiemorfeme in Afrikaans

Bestaande bronne oor die aard, gebruik en moontlike funksies van valensiemorfeme in Afrikaans kom eerste ter sprake. Daar sal eerstens gekyk word na die standpunte van Kempen (1969), Combrink (1990), Combrink en De Stadler (1987) en Van Huyssteen (2005b, 2010, 2014). Hierna word gekyk na verdere terloopse besprekings van valensiemorfeme in Botha (1964) en die Taalkommissie (2009).

⁵ Naamwoord-naamwoordsamestellings geniet primêr aandag in al die bespreekte tale, deels omdat dit hoofsaaklik hierdie soort samestellings is wat in die literatuur bestudeer word. Waar ander woordsoorte asook spesifieke affikse betrokke is, sal dit eksplisiet vermeld word.

2.2.1 Kempen (1969)

Kempen (1969:93) begin sy bespreking van valensiomorfeme deur die term “verbindingsklank” en die moontlike misleidende aard daarvan onder die loep te neem. Hy noem dat ’n valensiomorfeem beskou moet word as deel van die eerste stam van komposita, maar dat die term “verbindingsklank” ’n woordelement suggereer wat nie deel vorm van enige van die ander dele in die kompositum nie. Kempen (1969:95) beskou die valensiomorfeem as ’n morfeem wat ’n vorm van ’n konstituent skep wat nie losgemaak van die kompositum waarin dit staan, kan funksioneer nie – ’n siening wat ooreenstem met Booij (2010), wat later in hierdie hoofstuk bespreek word. Hierdie tipe konstituent wat geskep word, staan bekend as ’n allomorf⁶ – ’n konstituent wat gevorm word wanneer ’n gewone stam ’n fonologiese of ortografiese verandering ondergaan (Van Huyssteen, 2014:181). Voorbeelde van allomorfe in Afrikaans sou wees *kalw·er·* in *kalw·er·hok*, *lam·s·* in *lam·s·boud* en *bruid·s·* in *bruid·s·kleed*.

Kempen identifiseer vyftien moontlike valensiomorfeme wat met die eerste konstituente van komposita kan verbind om allomorfe te vorm sonder “vrye korrelate morfeme met dieselfde vorm” (Kempen, 1969:94-95). Voorbeelde is *kabinet·s·* in *kabinet·s·minister* en *vier·en·* in *vier·en·deel*, aangesien **kabinets* en **vieren* nie as onafhanklike stamme in Afrikaans voorkom nie. Kempen vra hierna wat gebeur in die geval waar die valensiomorfeme wel vrye korrelate morfeme met dieselfde vorm skep, soos byvoorbeeld *druiw·e·* in *druiw·e·tros*, *perd·e·* in *perd·e·kar* en *slaw·e·* in *slaw·e·arbeid*. Met betrekking tot hierdie paradigmatische en nieparadigmatiese aard van valensiomorfeme bespreek Kempen (1969:96) die moontlike meervoudsinterpretasie wat met die gebruik van valensiomorfeme bedoel of geïnterpreteer kan word (vergelyk ook die bespreking van Nübling en Szczepaniak (2008) in afdeling 2.4.1). Hy noem *druiw·e·*, *perd·e·* en *slaw·e·* in die voorbeelde hierbo “perifere, nie-sentrale verbindingsvorme” of “skynmeervoude”, aangesien meervoudsvorme net meervoud is wanneer dit teenoor enkelvoudsvorme gestel kan word en nie net wanneer dit vormlik soos meervoudsvorme lyk nie. Hiermee bedoel hy dat die verbindingsvorme net as meervoudsvorme gesien kon word as **druiftros*, **perdruiter* en **slaafarbeid* ook as komposita sou bestaan.

6 Kempen (1969) verwys na allomorfe as verbindingsvorme. In hierdie studie word gebruik gemaak van eersgenoemde term.

Kempen argumenteer dat valensiomorfeme by sommige onafhanklike stamme bygevoeg word wanneer hierdie woorde met ander verbind. Die resultaat van hierdie valensiomorfeem-gebruik kan allomorfe wees wat óf nie lyk op onafhanklike woorde nie (**kabinets* en **vieren*), óf wat wel lyk op onafhanklike woorde (*druiv·e·*, *perd·e·* en *slaw·e·*). Al lyk laasgenoemde op die meervoudsvorme van die betrokke stamme, is dit nie noodwendig meervoudsvorme nie. Slegs wanneer die enkelvoudsvorme met dieselfde tweede stam voorkom as die skynbare meervoudsvorme (soos in die geval van *universiteit·span* (span van 'n universiteit) teenoor *universiteit·e·span* (span bestaande uit spelers van verskillende universiteite)), sal die eerste stam as 'n meervoud geag word en nie bloot omdat dit lyk op die meervoud nie. Dit is ook die standpunt wat in hierdie ondersoek gehandhaaf word.

Die reëlmaat in die gebruik van valensiomorfeme kan eers bepaal word nadat vasgestel is of 'n mens wel te make het met valensiomorfeme (Kempen, 1969:94) en by implikasie nie met meervoudsmorfeme nie. Kempen (1969:89, 111) ondersoek die moontlike reëlmaat in die gebruik van valensiomorfeme en sê dat die verhouding (soos byvoorbeeld 'n besitsgenitiewe verhouding) tussen die konstituente nie die teenwoordigheid (en by implikasie keuse) van 'n valensiomorfeem bepaal nie. Volgens Kempen speel die semantiek tussen konstituente dus nie 'n rol wanneer dit kom by die keuse van valensiomorfeme nie. Die keuse moet, volgens hom, anders gemotiveer wees.

Kempen (1969:107-109) betrek die geskiedenis van valensiomorfeme (in besonder die ·s·-valensiomorfeem) in Nederlands met verwysing na Van Lessen (1928). Hy verwys na die historiese skeidingsfunksie van die ·s·-valensiomorfeem in meer komplekse komposita (Kempen, 1969:108), asook na die ·en·-valensiomorfeem (·e· in Afrikaans) wat van 'n genitiefsfunksie tot 'n meervoudsfunksie in Nederlands ontwikkel het (Kempen, 1969:109). 'n Belangrike eienskap van Kempen se bespreking is die vasstelling van 'n sisteem met betrekking tot die gebruik van valensiomorfeme, en hy beperk nie sy bespreking tot die sinchroniese nie, maar soek antwoorde in die diachronie van valensiomorfeme. Ten spyte van die onsekerhede wat hy uitwys, kom hy tot die gevolgtrekking dat daar (tóé) geen "dringende taalkundige oorweginge" was om die "intrusiewe -s-" en "-e-" (Kempen, 1969:109) te verklaar nie.

2.2.2 Combrink (1990)

Combrink (1990:30, 239-240) definieer 'n valensiomorfeem (oftewel voegsel, soos hy dit noem) as 'n affiks wat (1) betekenisloos is; (2) tussen twee stamme, 'n stam en 'n suffiks, of 'n prefiks en 'n stam staan; en (3) wat 'n stam, prefiks of suffiks verleng vir die gewenste

morfologiese valensie. Waar hy ongeveer dertig valensiemorfeme bespreek (Combrink, 1990:244-247), figureer *·d·* en *·e·* as valensiemorfeme wat gereeld in afleidings en fleksie voorkom. Combrink onderskei ook tussen die *·d·* wat die stam verleng (soos in *skei·d·ing*) en die *·d·* wat die affiks verleng (soos in *ver·d·er*). In hierdie studie word eersgenoemde as 'n relik van die oorspronklike Nederlandse stam beskou (en nie bestudeer nie).

Combrink (1990:30; 236) benadruk dat voegselfs nie blote "bindingsklanke", "bindfoneme" of "binders" is nie, maar wel op 'n morfologiese vlak funksioneer. Hy motiveer dit aan die hand van die vermoë waarvoor 'n valensiemorfeem beskik om die morfologiese valensie van 'n stam of affiks te verander. Morfologiese valensie word beskou as 'n affiniteit wat een stam vir 'n ander morfeem/stam het: Indien die een stam nie 'n morfologiese valensie vir 'n ander stam het nie, kan hulle nie verbind nie (Combrink, 1990:62). Hy verduidelik morfologiese valensie aan die hand van die "verbonde item" (stam plus valensiemorfeem) en "onverbonde item" (stam op sy eie) (Combrink, 1990:240-241). 'n Verbonde item is byvoorbeeld *eiendom·s·* in *eiendom·s·reg*, aangesien *eiendom·s·* met iets anders moet verbind omdat dit nie 'n losstaande, onafhanklike woord is nie. 'n Onverbonde item is byvoorbeeld *eiendom*, aangesien hierdie stam onafhanklik kan funksioneer. Valensiemorfeme kan die morfologiese valensie van stamme laat toeneem of afneem: Die *·s·* in *eiendom·s·reg* bewerkstellig duidelik 'n toename in die morfologiese valensie. Juis as gevolg van die valensiemorfeem word *eiendom·s·* gevorm, wat verder kan verbind met, onder andere, *agent*, *maatskappy* en *trust*. Die onverbonde item (*eiendom*) kan nie sonder die valensiemorfeem as die eerste stam in komposita optree nie. 'n Valensiemorfeem kan die morfologiese valensie van 'n stam ook laat afneem, soos die *·s·* in *dood·s·eis* wat verhoed dat *dood* met ander stamme verbind (soos *tol*, *mars* en *offer* wat nie verbind met *dood·s·* nie, maar wel met *dod·e·*). Op soortgelyke wyse noem Van Zaanen *et al.* (2014:1057) die waarde van die koppelteken om die morfologiese valensie van woorde wat op vokale eindig en met woorde wil verbind wat met vokale begin, te vergroot, soos in die geval van *mou·--·ophouer*.

In sy poging tot 'n sistematisering van die gebruik van valensiemorfeme, noem Combrink (1990:25) dat die voorkoms van valensiemorfeme afhanklik is van fonologiese, semantiese, sintaktiese, morfologiese en individueel-leksikale aspekte. In sy bespreking formuleer hy 'n aantal fonologiese, semantiese en sintaktiese reëls en neigings by die gebruik van valensiemorfeme (Combrink, 1990:260-265). Die eerste twee reëls, wat gebaseer is op semantiek, betrek die verhouding tussen die stamme: Geen valensiemorfeem kom voor waar 'n *tot-* of *tussen-*verhouding tussen die stamme bestaan nie en ook nie waar daar 'n *plus-* of *of-*verhouding tussen die stamme is nie (Combrink, 1990:261). Voorbeelde wat genoem word

om sy standpunt te staaf, sluit in *moeder--kind--verhouding* en *pa--seun--gesprek* (wat daarop dui dat Combrink koppeltekens nie as valensiemorfeme beskou nie). Volgens Combrink speel die verhouding tussen die konstituente dus 'n rol by die gebruik van valensiemorfeme. Dit is in direkte teenstelling met Kempen se siening.

Combrink (1990:265) bespreek ook grammatiese fluktuering waar spesifieke stamme soms met valensiemorfeme gebruik word en ander kere nie. Een van die redes wat hy hiervoor aanbied, is historiese vormverandering, en hy gebruik die voorbeeld van *bedd·e·* wat uit Middelnerlands kom en in daardie konteks 'n enkelvoudsinterpretasie gehad het (Combrink, 1990:266-267). Volgens Combrink het *bedd·e·* nog nie volledig foneties afgeslyt om as eerste komponent in komposita sy sinchroniese Afrikaanse enkelvoudsvorm (*bed*) in alle komposita te hê nie en daarom kom *bedd·e·* nog voor as verbindingstam in komposita waarin die interpretasie duidelik enkelvoudig is (byvoorbeeld *bed·stut*). Combrink sonder *bedd·e·kamer*, *bedd·e·mak·er* en *bedd·e·winkel* uit en sê hier kan dit wel die meervoudsvorm (*bedd·e*) wees wat as die eerste komponent in die komposita optree.

Wat Combrink (1990) as historiese vormverandering beskryf, kan ook morfologiese nivellering wees. (Nivellering kom neer op die veralgemening (lees: leksikalisering) van fleksievorme.) Dit is sinchroniese gesien heel duidelik dat *·er·* as valensiemorfeem in *kind·er·boek* en *kind·er·agtig* funksioneer, maar hierdie betrokke *·er·* is eintlik deel van die 17de-eeuse Nederlandse meervoudaffiks *·ers* (Raidt, 1991:211). Die *·ers*-morfeem is vergelykbaar met *·eren* in Nederlands, wat bekend staan as 'n *stapelmeervoud*. Wat hierdie valensiemorfeem-cum-meervoudaffiks verteenwoordig, is gefaalde morfologiese nivellering. 'n Afrikaanse voorbeeld is *eier*, wat oorspronklik *ei* was, soos steeds in Nederlands die geval is. Die *·er* was oorspronklik 'n meervoudsaffiks, maar het in Afrikaans geleksikaliseer tot die enkelvoudsvorm wat 'n *·s* kry in die meervoud. In Nederlands is *ei* steeds die enkelvoud en die meervoud is *ei·eren*. Onsuksesvolle nivellering vind byvoorbeeld plaas by *kind* en *kind·er·s* – eintlik behoort **kinder* die enkelvoudsvorm te wees met 'n *·s*-meervoudsaffiks, soos in die geval van *eier* en *eier·s*.

Combrink, soos Kempen, betrek dus ook die diachronie van valensiemorfeme in die soeke na 'n motivering vir die gebruik daarvan. Samevattend kom hy tot die gevolgtrekking dat die interpretasie van valensiemorfeme nie volledig is wanneer die historiese ontwikkeling daarvan nie in ag geneem word nie, al is sy primêre fokus op 'n sinchroniese studie.

2.2.3 Combrink en De Stadler (1987)

Combrink en De Stadler (1987:134, 179-180) verwys na valensiemorfeme as voegselklanke of verbindingsmorfeme en bied 'n fonologiese motivering vir die gebruik daarvan. Volgens hulle verkies Afrikaans om die ritmebeginsel te gehoorsaam, wat behels dat hoë klemgrade nie aan vokale in aangrensende sillabes toegeken moet word nie – dit moet geskei word deur 'n vokaal met 'n mindere klemgraad. Klemgrade, oftewel swak en sterk sillabes, word bepaal deur die vokaalhiërargie, die aantal konsonante ná die vokaal, oop of geslote sillabes, en die gespannendheid van die slotkonsonant (Combrink & De Stadler, 1987:190). Die sillabesterktehiërargie, gerangskik van sterkste tot swakste sillabe, laat blyk dat sillabes met diftonge en lang vokale die sterkste is (wat sin maak gesien in die lig dat eintlik twee of meer vokale gebruik word wanneer diftonge ter sprake is) en sillabes wat met 'n ongespanne konsonant begin die swakste is (Combrink & De Stadler, 1987:191-192). Die belangrikheid van vokale is geleë in die feit dat vokale die kern vorm van 'n sillabe/klanksegment en dat daar net een vokaal per sillabe kan wees (Combrink & De Stadler, 1987:160-161). Sillabeboumodelle (hoe sillabes kan lyk) wissel van sillabes wat slegs uit 'n vokaal bestaan tot sillabes met twee konsonante voor en drie ná die vokaal (Combrink & De Stadler, 1987:161). Vir die doeleindes van hierdie studie is dit nodig om te fokus op hoe klem toegeken word aan sillabes in komposita.

Komposita geniet dikwels spesifieke aandag in die fonologie (Wissing, 2010). Die samestellingsklemreël in Afrikaans behels dat klem toegeken word aan die hoofklemdraende vokaal van die eerste stam in die kompositum, terwyl die vokaal wat die hoofklem dra in die tweede stam met twee klemgrade verlaag word (Combrink & De Stadler, 1987:134). Die hoofklem van die eerste stammorfeem word dus die hoofklem van die kompositum (Combrink & De Stadler, 1987:199). Die implikasie van valensiemorfeme met betrekking tot die ritme in komposita is dat daar 'n herstrukturering van sillabes plaasvind sodra 'n *-e-* valensiemorfeem ([ə]) gebruik word. Waar valensiemorfeme gebruik word, val die sillabegrens ná die valensiemorfeem (Combrink & De Stadler, 1987:179). Die invoeging van [ə] vind slegs plaas waar hersillabifikasie ('n proses waarmee die sillabestruktuur van 'n taal aangepas word) nie kan plaasvind nie (Combrink & De Stadler, 1987:107). Dis duidelik dat [ə] gebruik word as 'n soort "afleier", aangesien die klank die swakste posisie beklee in die vokaalsterktehiërargie; tog sal dit in 'n driesillabige kompositum steeds sekondêre klem dra op grond van die samestellingsklemreël. Daarenteen funksioneer [s] as 'n "geleier", aangesien die gebruik van hierdie klank, wat gespanne en stemloos is, die sillabe se posisie in terme van klemsterkte (omdat daar meer konsonante na die vokaal is) verbeter.

Neem as voorbeeld *rott·e·gif* met die sillabestruktuur: /rɔ·tə·xəf/. Die invoeging van die [ə] noodsaak 'n herrangskikking van sillabes aangesien die byvoeging van 'n sillabe plaasgevind het (Combrink & De Stadler, 1987:182). Sonder die ·e·-valensiemorfeem sou daar slegs twee sillabes gewees het. Die vokale wat uitgespreek word, naamlik die [ɔ] in *rot*, die valensiemorfeem ([ə]) en die [ə] in *gif* kan slegs met behulp van die samestellingsklemreël opgelos word, aangesien die valensiemorfeem en die vokaal in *gif* ewe swak vokale is. Al word die vokaal in *gif* en die valensiemorfeem albei as [ə] uitgespreek, kry die vokaal in *rot* die hoofklem, die valensiemorfeem sekondêre klem en die vokaal in *gif* tersiêre klem, ten spyte daarvan dat die laaste twee klanke beide [ə] is. As 'n mens met vokale werk, het die [ə]-klank gewoonlik die laagste rangorde in die vokaalhiërargie, wat by implikasie beteken dat dit die minste beklemtoon word of "n swak affiniteit vir hoofklem het" (Combrink & De Stadler, 1987:191, 197). Die gebruik van [ə] as valensiemorfeem blyk 'n uitsondering op die vokaalhiërargie te wees, aangesien die samestellingsklemreël altyd die klemdraende sillabe in die tweede stam met twee klemgrade verlaag, ongeag die gebruik van die schwa as valensiemorfeem.

Anders as die ·e·-valensiemorfeem skep die ·s·-valensiemorfeem in 'n woord soos *liggaam·s·bou* nie 'n bykomende sillabe nie, maar funksioneer dit eerder as 'n bykomende konsonant by die voorafgaande sillabe, wat daardie sillabe versterk. Gesien in die lig van die samestellingsklemreël en die vokaalsterktehiërargie is die ·s·-valensiemorfeem goed fonologies gemotiveer, aangesien *bou* in *liggaam·s·bou* monosillabies is met 'n diftong, wat hom die sterkste sillabe in die kompositum maak. Weens die werking van die reël verkry *lig-* die hoofklem, *-gaam·s·* die sekondêre klem en *·bou* die tersiêre klem. Die ·s·-valensiemorfeem versterk *-gaam-* sover moontlik om te kompenseer vir *·bou* se klemverlaging. Vir 'n verdere verduideliking van hoe die ·s·-valensiemorfeem fonologies funksioneer, vergelyk die bespreking van Nübling en Szczepaniak (2008) in afdeling 2.4.1.

2.2.4 Van Huyssteen (2005b; 2010; 2014)

Vanuit 'n kognitiewegrammatikaperspektief definieer Van Huyssteen (2005b) valensiemorfeme as 'n kieskeurige simboliese eenheid met 'n hoogs skematies semantiese struktuur wat beide fonologies en semanties afhanklik is en wat verbind aan die regterkant van 'n stam/wortel/woord, gevolg deur nog 'n konstituent of woord, of aan die linkerkant van 'n suffiks voorafgegaan deur 'n ander konstituent sonder om op enige konstitueringsvlak by te dra tot die profielstruktuur van die komposisiestruktuur. Wat Van Huyssteen hier sê, is dat 'n valensiemorfeem eerstens "kieskeurig" is, dit wil sê dit verbind nie met alle stamme (of selfs

altyd met dieselfde stam) nie. Die "skematies semantiese struktuur" en "sonder om op enige konstitueringsvlak by te dra tot die profielstruktuur" verwoord sy siening dat die valensiemorfeem se semantiese inhoud onbeduidend/weglaatbaar is en geen invloed op die betekenis/semantiek van komposita het nie.

Van Huyssteen (2005b) onderneem 'n voorlopige studie van die moontlike meervoudsinterpretasie van valensiemorfeme in Afrikaans. Ná eksperimentering kom hy tot die slotsom dat valensiemorfeme nie wesenlik bydra tot 'n meervoudsinterpretasie van komposita nie. Hierdie siening verskil lynreg met die bevindinge van Neijt *et al.* (2010) en Jansen *et al.* (2007) wat beweer dat Afrikaanssprekendes deur die meervoudsvorm van 'n komponent beïnvloed word wanneer hulle tydens eksperimente moontlike meervoudsinterpretasie moes aantoon (vergelyk afdeling 2.3.2).

In 'n latere publikasie vul Van Huyssteen (2010:108) sy studie van valensiemorfeme gedeeltelik aan en beskryf 'n valensiemorfeem as 'n woorddeel met fonetiese vorm, maar amper geen semantiese betekenis nie (wat ooreenstem met die "skematies semantiese struktuur" van die 2005b-definisie). Valensiemorfeme word beskou as paramorfeme – foneties of semanties afhanklike morfeme wat nie alleen as woorde kan voorkom nie (vergelykbaar met Combrink se "verbonde items"), maar slegs in kombinasie met ander komponente (Van Huyssteen, 2010:110). Van Huyssteen (2010:116) definieer 'n valensiemorfeem as 'n totaal skematiese, afhanklike en kieskeurige (in die sin dat valensiemorfeme nie in alle komposita voorkom nie) simboliese eenheid wat heg aan die linkerkantste woorddeel in 'n komplekse simboliese eenheid (kompositum). Hierdie definisie verskil van die 2005b-definisie op grond van die skematisiteit wat nou "totaal" is en nie net gerig is op die semantiese inhoud nie. In die 2010-definisie word dit ook nie eksplisiet gestel dat die valensiemorfeem in ander komplekse as komposita voorkom nie.

Van Huyssteen (2014:188) beklemtoon die leemte wat bestaan in Afrikaans rondom die beskrywing van valensiemorfeme. Hiermee herhaal hy, vier-en-twintig jaar later, dieselfde standpunt van Combrink (1990:235) wat daarop gewys het dat navorsing in Afrikaans oor allomorfie met betrekking tot valensiemorfeme nog "in sy kinderskoene" is. Van Huyssteen bevestig ook sy standpunt (reeds teenwoordig in die 2005b-aanbieding en 2010-artikel) dat valensiemorfeme in beginsel semanties leeg is.

2.2.5 Botha (1964)

Botha (1964:53) huldig die siening dat valensiemorfeme 'n streng fonologiese eienskap van komposita is. Hy verwys na valensiemorfeme as *plusklankelemente* wat 'n verskil in die klankvorm van 'n woord uitwys. Botha (1964:89-90) verwys ook later na valensiemorfeme as *paramorfeme* en noem dat valensiemorfeme 'n "nie-konstante neutralisasiekenmerk" van komposita is. "Nie-konstante" verwys na die onreëlmatigheid wat soms voorkom, omdat daar gevalle is waar valensiemorfeme gebruik word, opsioneel is of glad nie gebruik word nie. Wat betref "neutralisasie" is Botha se bedoeling nie duidelik nie, maar die afleiding is dat Botha valensiemorfeme as 'n streng fonologiese merker van komposita beskou.

2.2.6 Taalkommissie (2009)

Reël 17.16 in die AWS (Taalkommissie, 2009:169) skryf voor dat waar 'n eerste komponent in 'n kompositum in die enkelvoud nie op 'n "s" eindig nie en die tweede komponent met 'n "s" begin, 'n *·s·*-valensiemorfeem (genoem *verbindings-s*) nie geskryf word nie. Die posisie verskil in Nederlands waar die *·s·*, volgens reël 10.2 (en leidraad 10.B) van *Het Groene Boekje* (Nederlandse Taalunie, 2005:69) wel geskryf kan word in geval waar die eerste komponent nie met 'n "s" eindig nie, maar die tweede komponent wel met 'n "s" begin, soos in die geval van *dame·s·sjaal*. Hierdie *·s·* moet geskryf word as daar 'n geval is waar die eerste stam verbind met 'n tweede stam wat nie met 'n sisklank begin nie, soos in die geval van *dame·s·tas* (Nederlandse Taalunie, 2005:69).

In die opmerkings by reël 17.16 word gesê dat waar daar 'n weglatingsteken is, die *·s·*-valensiemorfeem wel geskryf word in navolging van die uitspraak (Taalkommissie, 2009:169). Dit stem ooreen met die hersillabifikasie-uitsondering in Combrink en De Stadler (1987:179), naamlik dat die sillabegrens ná die valensiemorfeem val. Drie pertinente voorbeelde word ook genoem waar die valensiemorfeem nie as 'n valensiemorfeem optree nie, maar as 'n meervoudsmorfeem, naamlik *geest·e·wêreld*, *skol·e·koor* en *universiteit·e·span* (Taalkommissie, 2009:170).

2.2.7 Ander

Afrikaans word ook betrek in 'n aantal Nederlandse studies, waaronder Neijt *et al.* (2010) en Jansen *et al.* (2007). In albei hierdie studies word eksperimente onderneem waarin Nederlandse valensiemorfeme getoets word vir hul geneigdheid om meervoud aan te dui waar dit vormlik met die meervoudsaffiks ooreenstem. Dieselfde is gedoen met Afrikaanse

weergawes van die komposita wat gebruik is. Die gevolgtrekking van albei studies (wat betref die Afrikaanse gedeelte van die eksperimente) is dat die meervoudsvorm veral vir Afrikaanssprekendes 'n rol speel in die meervoudsinterpretasie van die komposita. Vir Nederlandssprekendes het die konteks van die hele kompositum 'n groter aandeel in die meervoudsinterpretasie daarvan (kyk ook afdeling 2.3.2).

2.2.8 Samevatting en moontlike algemene definisie

Uit bostaande bespreking is dit duidelik dat valensiomorfeme allerweë beskou word as 'n byna betekenislose morfeem. Daar is geen studies gevind waar daar grondig ingegaan word op die moontlike betekenisfunksies van valensiomorfeme nie. Dit is nie vreemd nie, aangesien al die teoretici valensiomorfeme *a priori* as byna betekenisloos beskou; sien die samevattende tabel aan die einde van hierdie hoofstuk (Tabel 2-1).

Kempen en Combrink stem saam dat valensiomorfeme nie los staan van die eerste stam in komposita nie – dit vervorm die stam tot 'n allomorf en bly deel daarvan. Hulle stem ook saam dat valensiomorfeme morfeme is en nie blote foneme nie. Albei bespreek die historisiteit van valensiomorfeme met verwysing na Nederlands en probeer 'n sistematiek vestig met betrekking tot die gebruik daarvan. Waar hulle egter van mekaar verskil, is met betrekking tot die betekenisverhouding tussen die konstituente wat die teenwoordigheid van 'n valensiomorfeem bepaal. Waar Kempen volhou dat die verhouding nie 'n invloed het nie, formuleer Combrink reëls vir ten minste twee semantiese gevalle wat dui op die verhouding tussen konstituente as 'n bepalende faktor by die keuse van 'n valensiomorfeem, te wete vir komposita waar daar 'n *tot-* of *tussen-*verhouding is, en komposita waar daar 'n *plus-* of *of-*verhouding tussen die stamme is.

Ook met betrekking tot die moontlike semantiese funksies van die valensiomorfeem in Afrikaans, is dit net die Nederlandse taalkundiges (Jansen *et al.* (2007); Neijt *et al.* (2010)) wat die moontlike meervoudsaard van valensiomorfeme in Afrikaans uitwys. Uit hulle ondersoek blyk dit dat Afrikaanssprekendes 'n meervoudsinterpretasie aan 'n kompositum sal gee wanneer die eerste stam lyk op die losstaande meervoud daarvan. Daarenteen het Van Huyssteen (2005b) bevind dat die valensiomorfeem nie 'n meervoudsinterpretasie tot gevolg het nie. Hierdie aspek word verder toegelig in die volgende afdeling.

Tot op hede lyk dit of net Combrink (1990) en Van Huyssteen (2005b) die teenwoordigheid van valensiomorfeme in ander Afrikaanse komplekse (buiten komposita) erken.

Valensiemorfeme in Afrikaanse afleidings en fleksievorme is beslis 'n tema wat nog ontgin moet word en word daarom in hoofstuk 3 van hierdie studie hanteer.

Combrink en De Stadler (1987) se samestellingsklemreël bied insig rakende die fonologiese funksie van valensiemorfeme. Hulle wei nie uit oor ander moontlike funksies van valensiemorfeme nie, en juis daarom word aanvaar dat hulle die valensiemorfeem as 'n suiwer fonologiese element beskou. Van Huyssteen (2005b, 2010, 2014) en Botha (1964) stem saam oor die semantiese leegheid van valensiemorfeme en die uitsluitlike fonologiese funksie daarvan.

As ons kyk na hierdie verskillende opvattinge is dit moeilik om 'n algemene definisie te konstrueer. Uit die beskikbare standpunte sou ons egter kon sê:

'n Valensiemorfeem is 'n vokaal, konsonant of vokaal-konsonantkombinasie wat tussen twee stamme of konstituente (wat 'n stam of ander morfeem kan wees) gesitueer is, verbind met die eerste stam, daardie stam se vermoë om met 'n ander konstituent te verbind bevorder en 'n besliste fonologiese funksie het.

2.3 Valensiemorfeme in Nederlands

Studies rondom Nederlandse valensiemorfeme fokus veral op die uitspraak en moontlike semantiese funksies daarvan. Daar is vier funksiemoontlikhede wat tot verskillende mates aandag geniet onder Nederlandse taalkundiges (wat hier toegelig word met Afrikaanse voorbeelde):

- Meervoudsfunksie: In sommige komposita, soos *eend·e·lewer* en *mann·e·kamp*, word bevraagteken tot watter mate (indien enigsins) die valensiemorfeem (*·e·* in hierdie geval) 'n meervoudige lees van die eerste konstituent tot gevolg het.
- Paradigmatiese analogie: Hierdie funksie hou in dat valensiemorfeme gekies word op grond van die aantal kere wat dit in bestaande komposita voorkom, byvoorbeeld *reg·s·taal* se *·s·*-valensiemorfeem kan voorspel word op grond van komposita wat reeds met *reg* gevorm is, soos *reg·s·firma*, *reg·s·norm* en *reg·s·versuim*.
- Ritmiese funksie: Die invoeging van 'n valensiemorfeem kan 'n positiewe effek hê op die wyse waarop 'n woord uitgespreek word, veral in woorde waar enkelsillabige konstituente verbind (soos in *kind·er·rok*).

- Skeidingsfunksie: Daar word beweer dat valensiomorfeme, spesifiek met verwysing na die *·s·*-valensiomorfeem, gebruik kan word om komposita se struktuur te verklaar, aangesien dit dikwels gebruik word om die grens aan te dui tussen 'n afleiding (as eerste stam) en die konstituent waarmee dit verbind om 'n kompositum te vorm (Neijt *et al.*, 2010:130), byvoorbeeld in *besigheid·s·man* (die *·s·* skei die afleiding van die stam waarmee dit verbind), of in *woestyn·plant·e·groei* (die *·e·*-valensiomorfeem tussen *woestyn·plant* en *groei* skei 'n kompositum met drie stamme in 'n tweekomponentkompositum (*woestyn·plant*) en 'n derde komponent (*groei*) om verwarring tydens prosessering te voorkom).

Dis eerstens nodig om te wys op twee spesifieke aspekte wat betref die beskrywings van Nederlandse valensiomorfeme. Eerstens het al die taalkundiges wat in hierdie afdeling bespreek word, byna sonder uitsondering komposita bestudeer wat net uit selfstandige naamwoorde bestaan. Die rede hiervoor is hoofsaaklik omdat die meeste studies fokus op die valensiomorfeem se moontlike meervoudsfunksie (en naamwoorde meervoudigheid as 'n eienskap het).

Die tweede aspek het betrekking op die genormeerde skryfwyse van valensiomorfeme in Nederlands. Beide Schreuder *et al.* (1998:552) en Banga *et al.* (2012:189) wys op die spellinghervorming wat in 1996 in Nederlands plaasgevind het. Voor die spellinghervorming in 1996 is die *·e·*-valensiomorfeem gebruik in gevalle waar 'n enkelvoudsinterpretasie van die bepaler die waarskynlikste was (soos in *zonn·e·schijn*) en die *·en·*-valensiomorfeem waar 'n meervoudsinterpretasie ingelees kan word (soos in *boek·en·beurs*). As 'n manier om eenvormigheid in die spelling te skep, is die *·en·*-valensiomorfeem voorgeskryf in albei genoemde gevalle. Schreuder *et al.* (1998:565) voer aan dat die onsekerheid met betrekking tot die hoeveelheid wat bedoel word met die eerste konstituent gelei het tot die reël om net die *·en·*-valensiomorfeem te gebruik.

Daar is 'n aantal moderne (post-2005) spelreëls wat direk van toepassing is op valensiomorfeme in Nederlands. Volgens die huidige hoofreël (8.1; Nederlandse Taalunie, 2005:59) wat betrekking het op die *·en·*-valensiomorfeem in Nederlands, geld dit dat die *·en·*-valensiomorfeem (genoem *tussenklank*) gebruik móét word in gevalle waar die linkerkantste konstituent 'n selfstandige naamwoord is waarvan die meervoudsvorm op *·en* eindig. Die leidrade in 8.B tot 8.F sit bepaalde uitsonderings- en uitsluitingsgevalle uiteen, onder meer dat as die eerste konstituent eindig op *·en*, 'n valensiomorfeem nie vereis word nie, soos in die geval van *haven·gebied*, *keuken·tafel* en *molen·steen* (Nederlandse

Taalunie, 2005:62-64). Daar is 'n aparte reël wat van toepassing is op die skryf van die *-s-*-valensiemorfeem (reël 10; Nederlandse Taalunie, 2005:67), waarvan die hoofreël lui dat as 'n mens 'n *-s-*-valensiemorfeem in 'n woord hoor as iemand dit uitspreek, dit geskryf moet word, byvoorbeeld *bedrijf-s-leider*. Dit is duidelik dat die Nederlandse spelreëls 'n eenvormige skryfwyse van komposita (probeer) vooropstel, eerder as moontlik semanties gemotiveerde vorming daarvan.

In die volgende afdeling word gekyk na diachroniese studies van valensiemorfeme, daarna na taalkundiges wat die moontlike meervoudsfunksie van valensiemorfeme ondersoek, en tot slot word gekyk na ondersoeke na ander funksieoortlikhede soos paradigmatiese analogie.

2.3.1 Historiese benaderings

Van Tiel *et al.* (2011:121) skryf reeds vroeg in hul artikel die onsekerheid met betrekking tot valensiemorfeme (genoem *tussenklanken*) toe aan die ontwikkeling daarvan deur die eeue. Die hipotese wat hulle argument onderlê, is dat die verval van die genitiefkonstruksie in Nederlands ontwikkel het tot 'n meer geredelike gebruik van valensiemorfeme (Van Tiel *et al.*, 2011:122). Slegs komposita wat uit selfstandige naamwoorde bestaan, vorm deel van Van Tiel *et al.* (2011:130) se studie, juis omdat woordgroepe met genitiefbepalings bestudeer word. Van Tiel *et al.* (2011:122-123) bevestig die vier bestaande funksies van valensiemorfeme wat al ontwikkel het (soos hierbo uiteengesit en verder aan die hand van Neijt *et al.* (2010) in afdelings 2.3.2 en 2.3.3 bespreek word).

Die verdwyning van die genitief funksie het moontlik gelei tot analogievormings, wat op sy beurt gelei het tot valensiemorfeme wat begin voorkom het in komposita waar hul geen funksie gehad het nie (Van Tiel *et al.*, 2011:131). Indien die keuse van 'n valensiemorfeem op basis van analogievorming toeneem, sou dit daartoe lei dat valensiemorfeme toenemend betekenisloos word of hul genitief funksie verruil vir ander funksies (Van Tiel *et al.*, 2011:136). (Vir 'n uitvoerige bespreking rondom wat die paradigmatiese analogiefunksie behels, sien die gedeelte oor Krott *et al.* (2001) later in hierdie hoofstuk.) Van Tiel *et al.* (2011:127) bevestig dat die meervoudsinterpretasie van die Nederlandse *-en-*-valensiemorfeem meer opgang geniet het soos wat die genitiefkonstruksie weggeval het. Hierdie verskynsel is verder versterk deurdat die *-en-*-valensiemorfeem ortografies ooreenstem met die Nederlandse meervoudsmorfeem (Van Tiel *et al.*, 2011:122).

2.3.2 Moontlike meervoudsfunksie van valensiomorfeme

Die wyse waarop valensiomorfeme gebruik kan word om getal uit te druk, is die mees bespreekte en ondersoekte semantiese funksie in Nederlands (Neijt *et al.*, 2010:132). Die geneigdheid van linguiste om meervoudsbetekenis aan valensiomorfeme te koppel, hou verband met die vormlike ooreenstemming tussen meervoudsaffikse en valensiomorfeme. Don (2009:381) is van mening dat valensiomorfeme nie meervoudsmorfeme is nie, maar dat daar 'n duidelike verband tussen die meervoudsmorfeme en die valensiomorfeme bestaan. Juis weens hierdie onsekerheid het 'n aantal taalkundiges die moontlike meervoudsinterpretasie van valensiomorfeme onder respondente getoets.

Om die konseptualisering van valensiomorfeme te toets, doen Schreuder *et al.* (1998) vier eksperimente. Die belangrikste een van die eksperimente is die vierde een waarin die moontlike meervoudsinterpretasie van die eerste konstituent in komposita getoets is deur die bykomende *·n·* in die *·en·*-valensiomorfeme in sommige gevalle by te sit en ander gevalle weg te laat (Schreuder *et al.*, 1998:564-566). Schreuder *et al.* (1998:565) voorspel dat die teenwoordigheid van die valensiomorfeme (spesifiek die *·(e)n·*-valensiomorfeme), asook die semantiese/gekonseptualiseerde betekenis van die komposita die meervoudsbepaling sal beïnvloed. Na aanleiding van die eksperiment is bevind dat waar die ekstra *·n·* bygevoeg is in komposita waar dit normaalweg nie teenwoordig is nie, die meervoudsinterpretasie hoër is as in die gevalle daarsonder. Terselfdertyd het die weglating van die *·n·* in komposita waar dit wel voorkom, nie die meervoudsinterpretasie beduidend beïnvloed nie. Die vermoede word aan die einde van die artikel uitgespreek dat hedendaagse sprekers van Nederlands die valensiomorfeme gelyk stel aan die meervoudsaffiks (Schreuder *et al.*, 1998:568-569). Hierdie vermoede vorm die grondslag vir verdere studies wat sedertdien verskyn het om die meervoudsinterpretasie van die *·en·*-valensiomorfeme in Nederlands te toets.

Neijt *et al.* (2006:262) het 'n ondersoek gedoen oor die interpretasie van die *·s·*-valensiomorfeme in Nederlandse komposita, met die fokus weereens op moontlike meervoudsinterpretasie. In die bespreking van hul resultate kom hulle tot die gevolgtrekking dat die interpretasie van die *·s·*-valensiomorfeme afhanklik is van die fonologiese struktuur van die eerste stam (wanneer pseudowoorde ter sprake is), maar dat die semantiek van die tweede stam (kern) ook die meervoudsinterpretasie beïnvloed (Neijt *et al.*, 2006:262-263). Veral die tweede deel van hierdie gevolgtrekking is van belang, aangesien Neijt *et al.* (2006:262) noem dat waar die tweede stam 'n meervoudsinterpretasie van die eerste stam veronderstel, meer meervoudsinterpretasies van die *·s·*-valensiomorfeme aangedui is.

Hierdie waarneming sluit aan by wat Mattens (1970) sê rakende die kern en bepaler wat verskillend optree in komposita as wat hulle sou as onafhanklike woorde: 'n Bepalerstam word noodwendig beïnvloed deur die betekenis van die kern in komposita, en sy semantiek word eintlik bepaal deur die kern, soos in *blom·winkel*. Indien *blom* afsonderlik gebruik word, sal dit sonder twyfel met sy enkelvoudsbetekenis gedoen word, maar wanneer dit saam met *winkel* in die genoemde kompositum gebruik word, sal 'n meervoudsinterpretasie veronderstel word.

Jansen *et al.* (2007:108) bestudeer beide Afrikaanse en Nederlandse komposita in hul studie. Hulle ondersoek die invloed wat die spelreëls van die taal wat bekend is aan die spreker (hetsy Afrikaans of Nederlands) op die meervoudsinterpretasie van die eerste konstituent van komposita in die onbekende taal het. Hulle wys daarop dat die *·e·*-valensiomorfeem in Afrikaans ooreenstem met beide die *·e·*-valensiomorfeem en *·en·*-valensiomorfeem in Nederlands. Hulle ondersoek die reaksie van lesers op die teenwoordigheid van die ekstra *·n·*, en hulle studie toon dat Afrikaanssprekendes 'n kleiner meervoudsinterpretasie koppel aan komposita met die ekstra *·n·* as komposita daarsonder (Jansen *et al.*, 2007:111). Die voorstel word gemaak dat Nederlands net van die *·e·*-valensiomorfeem gebruik moet maak vir eenvormigheid, wat waarskynlik minder meervoudsinterpretasies tot gevolg sal hê (Jansen *et al.*, 2007:112).

Die spesifieke semantiese betekenismoontlikheid van valensiomorfeme om getal aan te dui, word ook bespreek in Neijt *et al.* (2010:131-137). Die posisie van Mattens (1970) en Verkuyl (2007) met verwysing na indifferensialis, meervoudigheid en enkelvoudigheid word kortliks saamgevat in Neijt *et al.* (2010:132-133). (Beide Mattens (1970) en Verkuyl (2007) word later in hierdie hoofstuk meer breedvoerig bespreek.) Die vraag in Neijt *et al.* (2010:137) is of die vorm van komposita (met of sonder valensiomorfeme) bepaal word deur die betekenis van die konstituente waaruit die komposita bestaan. Afrikaans word ook betrek in hul eksperimente. Uit hul eerste eksperiment blyk dit dat die meervoudsvorm van die eerste stam in Nederlands 'n belangriker rol speel vir respondente as die teenwoordigheid van 'n duidelike enkelvouds- of meervoudskonteks (Neijt *et al.*, 2010:140). Ná herhaling van hul eksperiment met meer uitgebreide verduidelikende sinne, blyk dit dat slegs Nederlandssprekendes se reaksies beïnvloed is deur 'n meervoudskonteks (Neijt *et al.*, 2010:141-142), sonder die uitdruklike gebruik van die eerste stam in sy enkelvouds- en meervoudsvorm. Hulle gebruik die voorbeeld van *knoop·zakdoek/knop·en·zakdoek* en *knoop·sakdoek/knop·e·sakdoek*. Die afleiding wat gemaak word, is dat die variasie in die vorm van Afrikaanse komposita neerkom op allomorfie wat afhanklik is van

vormooreenkomste binne die konteks wat gegee word (Neijt *et al.*, 2010:143). Nederlandssprekendes is meer geneigd om betekenis vóór vorm te stel, terwyl die teenoorgestelde situasie in Afrikaans ter sprake is.

Hanssen (2011:192) onderneem 'n studie wat veral fokus op die uitspraak en interpretasie van die *·en·*-valensiemorfeem (genoem *tussenklank*) as 'n meervoudsmorfeem, ook waar uitspraakverskille voorkom. Haar studie toon dat die gebruik van die *·en·*-valensiemorfeem 'n spontane meervoudsinterpretasie by sprekers oproep wat moeilik is om te onderdruk (Hanssen, 2011:190). Sy wys daarop dat die *·e·*-valensiemorfeem (indien dit gebruik word) 'n enkelvoudige interpretasie het, anders as die *·en·*-valensiemorfeem (Hanssen, 2011:30-32). Volgens haar blyk dit dat Standaardnederlands nie 'n onderskeid tref tussen die uitspraak van die *·en·*-meervoudsaffiks en die *·en·*-valensiemorfeem nie. Verdere navorsing is volgens haar nodig om te toon dat Nederlandssprekendes dit as dieselfde morfeem beskou (Hanssen, 2011:48).

Die laaste hoofstuk in Hanssen (2011:133-164) skakel veral met die artikel van Van Tiel *et al.* (2011) (sien afdeling 2.3.1). Hanssen (2011:139) ondersoek die invloed van die gebruik van die *·en·*-valensiemorfeem en ritme op die moontlike meervoudsinterpretasie van komposita. Sy onderneem 'n ondersoek met pseudokomposita om aan te toon dat die gebruik van *·en·* in posisies waar die valensiemorfeem nie 'n klembotsing verhoed nie, tot 'n hoër voorkoms van meervoudsinterpretasie gelei het (Hanssen, 2011:145-146). Die vraag ontstaan hoekom ritme nie 'n soortgelyke rol by komposita sonder valensiemorfeme speel nie. Die moontlike verklaring vir hierdie onderskeid is dat die band tussen die identifisering van die woord en sy betekenis vir bestaande komposita vinniger vorm as in die geval van pseudokomposita (Hanssen, 2011:157). Daar is 'n vaster vorm-betekenisverhouding tussen die konstituente, terwyl daar by gemaakte komposita nie so 'n verhouding is nie; fonologie moet dus die band tussen die geskrewe woord en sy betekenis vul (Hanssen, 2011:157-158). Hierdie siening skakel met Botha (1964) en Van Huyssteen (2010) se siening dat valensiemorfeme as 'n suiwer fonologiese verskynsel gesien moet word. Hanssen (2011:149, 150) bevind dat die gebruik van die *·en·*-valensiemorfeem meervoudsinterpretasies in bestaande komposita tot gevolg het, ongeag klembotsings. Sy wys daarop dat die resultaat van die studie, wat aantoon dat die interpretasie van pseudokomposita op 'n fonologiese grondslag berus en bestaande komposita se interpretasie nie so sterk steun op fonologie nie omdat die betekenis bekend is aan sprekers, nog getoets moet word (Hanssen, 2011:158). Sy kom tot die gevolgtrekking dat drie faktore die keuse van valensiemorfeme beïnvloed, naamlik analogie, ritme en meervoudsemantiek (Hanssen, 2011:160). Dit skakel

met die funksieoortlikhede wat bespreek word aan die hand van Van Tiel *et al.* (2011) in afdeling 2.3.3.

Soos die situasie in Nederlands met die *·en·*-valensiemorfeme, is die Afrikaanse *·e·*-valensiemorfeme ortografies eenders aan die *e·*-meervoudsaffiks. Die vraag vir Banga *et al.* (2012) is egter of die verskil in die wyses waarop valensiemorfeme en meervoudsaffikse in Nederlands, Afrikaans en Fries geskryf word 'n invloed het op die konseptuele interpretasie van die bepaler as 'n meervoudsvorm (soortgelyk aan wat Jansen *et al.* (2007) beweer). Die interpretasies van niemoedertaalsprekers en moedertaalsprekers word in Banga *et al.* (2012) se studie getoets. Banga *et al.* (2012:203) kom wel tot die gevolgtrekking, nadat die interpretasies van moedertaal- en niemoedertaalsprekers getoets is, dat (aangeleerde) ortografie wel die interpretasie van bepalers in komposita beïnvloed. In Nederlands is die uitspraak van valensiemorfeme ook relevant (wat nie die geval in Afrikaans of Fries is nie), aangesien daar Nederlandse dialekte is wat geneig is om die *·en·* ten volle te realiseer in hul uitspraak en ander wat net 'n schwa realiseer (Banga *et al.*, 2012:200). Banga *et al.* (2013:198, 214) doen 'n soortgelyke vergelykende studie met Nederlands en Engels en kom weer tot die slotsom dat die interpretasie van valensiemorfeme afhanklik is van die geïnstitusioneerde vorm wat beskikbaar is in die moedertaal: Nederlandssprekendes is geneig om meervoudsinterpretasies toe te ken aan bepalers waar die *·en·*-valensiemorfeme teenwoordig is (Banga *et al.*, 2013:212). Moedertaalsprekers van Nederlands het egter nie dieselfde meervoudsinterpretasie gevolg toe Engelse vertalings van die Nederlandse komposita aan hul gegee is nie, wat tekenend is van die invloed van die ortografie op die interpretasie van komposita (Banga *et al.*, 2013:214).

2.3.3 Ander funksieoortlikhede van valensiemorfeme

Mattens (1970:110) maak die opmerking dat die oorsprong van valensiemorfeme (genoem *bindingsklanken*) die proses om komposita se spelling en morfologie te versoen, bemoelik. Onderzoek word ingestel na die vorm van ses 'tipes' komposita waar die *·e·*- en *·en·*-valensiemorfeme voorkom (Mattens, 1970:112-114), naamlik (die voorbeelde is die Nederlandse voorbeelde wat Mattens gebruik):

- 1(a) waar die eerste konstituent 'n adjektief en tweede konstituent 'n selfstandige naamwoord is, soos *hog·e·priester* en *mall·e·praat*,
- 1(b) waar twee infinitiefvorme verbind (soos *spel·e·varen*), of een infinitief en 'n selfstandige naamwoord verbind, soos *knorr·e·pot*;

- 1(c) waar *omme·* en *verre·* die eerste komponente is soos in *omm·e·keer* en *verr·e·weg*;
- 1(d) histories verklaarbare gebruike van die *·e·* soos in *ebb·e·hout* en *tapt·e·melk*;
- 1(e) waar die eerste stam 'n klanknabootsende infinitief is soos *kiss·e·bissen* en *tier·e·lieren*; en
- 1(f) waar beide die eerste en tweede stam selfstandige naamwoorde is soos *boer·en·zoon* en *woord·en·lijst*.

Dit moet in gedagte gehou word dat Mattens (1970) se navorsing gedoen is voor die spellinghervorming (waarna kortliks in afdeling 2.3 verwys is) in Nederlands. Mattens (1970:178-192) ondersoek die moontlike "ongenumerificeerde gebruik van een substantief" en veral dan as eerste komponent in komposita. Hierdie "ongenumerificeerde gebruik" van Mattens kan beskou word as 'n kategorie wat teenoor of tussen enkelvoud en meervoud staan: Daar is 'n skaal van meervoudigheid, eerder as 'n streng onderskeid tussen enkelvoud en meervoud. Volgens Mattens (1970:181) kan die eerste komponent in komposita óf meervoud aandui, óf funksioneer as 'n **indifferentials** (dit is, as die generieke benaming van of die soort entiteit deur die selfstandige naamwoord voorgestel). Slegs waar eiename gebruik word as die eerste komponent in komposita sal dit 'n enkelvoudsbetekenis hê (Mattens, 1970:183). Kyk 'n mens na die Afrikaanse komposita *han·e·kraai*, *han·e·geveg* en *han·e·kam* staan *han·e·kam* en *han·e·geveg* teenoor mekaar op soortgelyke wyse as wat *indifferentials* teenoor meervoud staan. In *han·e·kam* word daar moontlik na die tipe dier (wat 'n haan is) se kam verwys, eerder as na meer as een haan se kam. Kyk 'n mens na *han·e·geveg*, word daar verwys na 'n geveg tussen ten minste twee hane. Verder dui die *han·e·* in *han·e·kraai* op die begrip *han·e·* (of haan) alleen, sonder 'n numeriese implikasie (Mattens, 1970:183). Weens die onbepaalde aard van *han·e·* in laasgenoemde geval kan *han·e·* terselfdertyd verwys na 'n geval waar dit wel oor net een haan gaan (soos waarskynlik in *han·e·kam*), maar ook waar dit moontlik gaan oor meer as een haan, soos in *han·e·geveg*. Mattens (1970:183-184) beklemtoon dat in *han·e·kam* die eerste konstituent na die begrip *haan* verwys, eerder as 'n sekere hoeveelheid daarvan. Die eerste konstituent funksioneer binne die kompositum dus anders as wat hy as 'n onafhanklike woord sou funksioneer (Mattens, 1970:183). 'n Moontlike verklaring hiervoor kan wees dat die eerste konstituent as 'n bepaler optree; die omvang van sy betekenis word noodgedwonge beïnvloed en bepaal deur die kern. In hierdie sin kan geargumenteer word dat meervoudsbetekenis konteksgebonde is.

Willekeur, melodie en ritme word uitgesonder as moontlike redes waarom sprekers of lesers verskillende vorme van eerste komponente van komposita verkies (Mattens, 1970:184). Dit sluit aan by die analogiefunksie van valensiomorfeme wat Krott *et al.* (2001), Neijt *et al.* (2010) en Van Tiel *et al.* (2011) bespreek. Dis dan ook moontlik dat die meervoudsvorm van die eerste komponent van komposita dieselfde betekenisimplikasie het as die generieke vorm (oftewel indifferentials) (Mattens, 1970:186).

Verkuyl (2007:457) neem Mattens (1970) se argument verder en bespreek ook die (volgens hom onvanpaste) meervoudsinterpretasie wat aan die *-en-*valensiomorfeem gekoppel word. Hy wys op die "teorie van gegeneraliseerde kwantore" wat bepaal dat enkelvoud en meervoud nie 'n eienskap van 'n woord is nie, maar dat dit tot uiting kom in die woordgroep of sin waarin die woord voorkom (Verkuyl, 2007:458). Die "reeks modellen" waarna Verkuyl (2007:461) verwys, stem ooreen met wat Mattens (1970) bedoel met die indifferentials. Verkuyl (2007:462) is van mening dat die kern in komposita anders funksioneer wat betref meervoudsbepaling as die bepaler. Hy verduidelik die onderskeid deur te sê dat "getalsinformatie in het geval van een spesifiek domein op het niveau van individuen werkt en in het geval van een generalisatie over alle modellen op het niveau van de categorie" (Verkuyl, 2007:464). Dit hou in dat waar 'n determineerder gebruik word (soos 'die') voor komposita, daar na 'n enkele verskynsel van die spesifieke objek verwys word waarna die komposita verwys ("niveau van individuen"). Indien 'n determineerder ontbreek, kom Mattens (1970) se indifferentials eintlik ter sprake. Verkuyl (2007:466) beklemtoon ook dat die onderskeid tussen kompositavorme waar die valensiomorfeem teenwoordig is of nie, nie soseer op die aantal van die eerste konstituent berus nie.

Neijt *et al.* (2010:127-137) bespreek al die funksieoontlikhede wat in die inleiding tot hierdie afdeling (vergelyk afdeling 2.3) reeds genoem is. Wat **ritme** betref, wys hulle eksperiment dat valensiomorfeme voorkeur geniet in komposita wat uit kort konstituente bestaan (Neijt *et al.*, 2010:129); hieronder word verstaan konstituente wat elk slegs uit 'n enkele sillabe bestaan, soos in die Afrikaanse *hart-e-wee* en *han-e-kam*. Spesifiek met betrekking tot **paradigmatiese analogie** wys hulle daarop dat die analogiese gebruik van valensiomorfeme die rede vir die "ogenskynlik grillige en ongrijpbare" verspreiding van valensiomorfeme in Nederlands is (Neijt *et al.*, 2010:128).

In hulle studie wil Krott *et al.* (2001) aantoon dat 'n gerekenariseerde analogiemodel (*a formal computational model of analogy*) beter daarin sal slaag om valensiomorfeme in komposita te voorspel as wat die geval sou wees as handmatige reëls gemaak sou word. Hanssen

(2011:135-136) verduidelik analogie, met verwysing na Krott *et al.* (2001), op eenvoudige wyse: As 'n bepaler in verskillende komposita 'n sekere vorm het (soos *land·s·* in *land·s·burger*, *land·s·plaag*, *land·s·taal* en *land·s·vlag*), ontstaan daar 'n geneigdheid om *land·s·* in toekomstige komposita te gebruik, ongeag die (aanvanklike) betekenis van die *·s·*-valensiemorfeem. Aansluitend hierby is konstituentfamilies wat Krott *et al.* (2001:54) definieer as 'n versameling reeds bestaande komposita wat dieselfde eerste of tweede konstituent het, met die klem op die oorheersende invloed van die linkerkantste konstituent. As Afrikaanse voorbeeld kan 'n mens kyk na die konstituentfamilie van *staat·s·begroting*, *staat·s·besluit* en *staat·s·gebou*. In elkeen van die gevalle verskil die tweede konstituent, maar dieselfde eerste konstituent en valensiemorfeem kom voor wat hierdie drie komposita in 'n konstituentfamilie plaas. 'n Hipotetiese analogiemodel sou dus voorspel dat wanneer *staat* met 'n ander naamwoord in 'n kompositum verbind, die *·s·*-valensiemorfeem gebruik sal word. Hierdie aspek word in afdeling 2.4.1 wanneer Neef (2015) bespreek word, verder bespreek.

Al vra Krott *et al.* (2001:54-55) of valensiemorfeme semanties leeg is of nie, is hulle navorsingsfokus eerder op die verspreiding van die *·en·*- en *·s·*-valensiemorfeme in Nederlands, as op die soeke na moontlike semantiese inhoud. Hulle wys wel op semantiese beperkinge ten opsigte van valensiemorfeme, naamlik dat die semantiese inhoud van die eerste konstituent die gebruik van 'n valensiemorfeem hoogs onwaarskynlik kan maak en dat die semantiese verhouding tussen die konstituente die keuse van 'n valensiemorfeem beïnvloed (Krott *et al.*, 2001:55-56). Soos reeds genoem, is Combrink (1990) ook van mening dat die verhouding tussen die konstituente die keuse van 'n valensiemorfeem beïnvloed. Sou 'n mens na voorbeelde in Krott *et al.* (2001:56) kyk, blyk dit asof hulle die *·s·*-valensiemorfeem interpreteer asof dit 'n genitief funksie het. In die gevolgtrekking word gesê dat die eerste konstituent deurslaggewend is in die voorspelling van die valensiemorfeem (Krott *et al.*, 2001:79); vergelyk ook Krott *et al.* (2004) en Krott *et al.* (2007).

Aansluitend by Krott *et al.* (2001), beskryf Booij (2010:91-92) die analogieproses waardeur 'n taalgebruiker gaan om te besluit watter valensiemorfeem gepas is. In dié bespreking sonder Booij (2010:92) juis uit dat een van die stappe wat gevolg moet word die keuse van 'n allomorf is (sien Kempen (1969) en Combrink (1990) vroeër in hierdie hoofstuk). Booij (2010:86) beklemtoon in sy bespreking van skemas dat die keuse van 'n woordvorm afhang van die konstruksie waarin hy voorkom. Wanneer daar genoeg woorde gevorm is na aanleiding van ander woorde (d.i. analogie), kan 'n skema geabstraheer word (Booij, 2010:88-90). 'n Analogiemodel en die gebruik van skemas/subskemas is nie noodwendig

eksklusief nie, maar kan saam bestaan (Booij, 2010:91). Ter illustrasie van analogie kan 'n mens *staat·s·* in *staat·s·beleid*, *staat·s·orgaan* en *staat·s·wet* oorweeg. Na analogie hiervan kan *staat·s·tafel* gevorm word, maar die volgende skema kan ook gebruik word:

$$[[\text{staat}]_N [\cdot s \cdot]_{LK} [x]_{Ni} N_j] \leftrightarrow [\text{die staat besit of het die uitsluitlike vermoë/reg van toegang tot SEM}_{ij}]$$

Neijt en Kroon (2010) onderneem ook 'n studie na die bestaande **sistematiek** met betrekking tot die gebruik van valensiemorfeme in Nederlands. Hulle oorweeg die twee "algoritmes" wat tans in Nederlands bestaan met betrekking tot die skryf van die valensiemorfeem, naamlik die wyse voorgestel deur die "Van Dale Basisspellinggids" en die spelling volgens "Het Groene Boekje" (Neijt & Kroon, 2010:203-205). Ná hul eksperiment kom hulle tot die slotsom dat "taalkundig verantwoorde spellingregels" geformuleer moet word om die valensiemorfeemonsekerheid wat tans in Nederlands heers, op te los (Neijt & Kroon, 2010:212). Aansluitend hierby merk Booij (2010:92) op dat daar geen reëls met betrekking tot die "korrekte" keuse van valensiemorfeme (hy verwys na *linking elements*) bestaan nie. Hy sê egter dat valensiemorfeme gebruik móét word in komposita waar die eerste selfstandige naamwoord 'n intensifiseringsfunksie het (Booij, 2010:56); 'n Afrikaanse voorbeeld sou *leeu·e·moed* (teenoor *leeu·temmer*) wees. Krott *et al.* (2001:52) wys ook op die onsekerheid wat heers oor die sistematiek rakende die gebruik van valensiemorfeme.

Ten slotte word die **skeidingsfunksie** van valensiemorfeme ook deur taalkundiges bespreek, al is dit meestal in die verbygaan (Neijt *et al.*, 2010:130; Van Tiel *et al.*, 2011:123). Met die skeidingsfunksie word bedoel dat die valensiemorfeem (veral die *·s·*) die morfologiese skeiding tussen konstituente aandui, veral waar drie of meer stamme die kompositum vorm (Van Tiel *et al.*, 2011:123). De Vos (2014) onderneem 'n studie van die skeidingsvermoë van die *·s·*-valensiemorfeem in Nederlandse samestellings. Haar primêre ondersoeksvraag is of die *·s·*-valensiemorfeem die toekenning van 'n bepaalde morfologiese struktuur in Nederlandse drienaamwoordsamestellings beïnvloed (De Vos, 2014:15). Verder beoog sy om die gebrek aan navorsing oor die opsionele gebruik van die *·s·*-valensiemorfeem in Nederlands aan te vul. Uiteindelik kon sy nie 'n besliste afleiding uit haar data maak ten gunste van of teen die teenwoordigheid van 'n skeidingsfunksie wat die *·s·*-valensiemorfeem in Nederlandse drienaamwoordkomposita het nie (De Vos, 2014:66).

2.3.4 Samevatting

Die definisies wat die meeste Nederlandse taalkundiges van valensiomorfeme gee, stem ooreen in soverre semantiese funksies (veral die meervoudsfunksie) nie heeltemal uitgesluit word nie. In die lig hiervan is daar in byna elke moderne bron eksperimente gedoen om te toets vir die moontlike semantiese funksie (in besonder meervoudsfunksie) van valensiomorfeme. Krott *et al.* (2001) gee geïmpliseerd erkenning aan die genitiewe funksie, maar voer nie 'n eksperiment uit om dit te verifieer nie. Die afleiding kan gemaak word dat taalkundiges 'n onderliggende semantiese funksie van valensiomorfeme raaksien, al is hulle huiwerig om hierdie eienskappe formeel aan die valensiomorfeem toe te ken. Mattens (1970), Krott *et al.* (2001, 2004), Neijt *et al.* (2006) en Hanssen (2011) stem saam dat die verhouding tussen die stamme in komposita 'n invloed het op die keuse van valensiomorfeme, terwyl Krott *et al.* (2001, 2004), Booij (2010), Neijt *et al.* (2010) en Van Tiel *et al.* (2011) die analogiese model van kompositavorming ondersteun.

Sou 'n mens 'n enkele definisie vir valensiomorfeme uit die Nederlandse beskouings moes formuleer, kan die opgesomde beskouing in die tabel aan die einde van hierdie hoofstuk as basis gebruik word. Taalkundiges stem oor die algemeen saam dat **valensiomorfeme 'n sterk fonologiese funksie verrig, en almal sinspeel op 'n moontlike meervoudsfunksie**, al vorm dit nie deel van hul definisies nie. Behalwe vir De Vos (2014) is daar nie ander teoretici wat die skeidingsfunksie meer as net 'erken' nie. Uit die posisie in Nederlands, kan ons wel die volgende moontlike definisie formuleer:

'n Valensiomorfeem is 'n vokaal- of vokaal-konsonantkombinasie wat tussen twee stamme geplaas word met 'n fonologiese funksie (ritmies), vormlike funksies (skeiding en analogies) én bes moontlik 'n meervoudsinterpretasie (of eerder 'n generieke interpretasie volgens Mattens (1970) en Verkuyl (2007)), of 'n ander (historiese) semantiese funksie soos die genitief funksie.

2.4 Valensiomorfeme in Duits

In hierdie afdeling word oorweging geskenk aan resente en toonaangewende literatuur oor Duitse valensiomorfeme. Libben (2014:16) verwys na die situasie met betrekking tot Duitse valensiomorfeme as "kompleks" en dat sowat 35% van Duitse komposita valensiomorfeme vereis. Die belang van Duits word verder beklemtoon deur Krott *et al.* (2007:28) wat opmerk dat Duits moontlik die kompleksste Germaanse valensiomorfeemsisteem het.

2.4.1 Funksiemoontlikhede van Duitse valensiomorfeme

Nübling en Szczepaniak (2008:2) definieer die valensiomorfeem (genoem *Kompositionsfuge* en *linking element*) as 'n semanties leë, fonologiese element wat gevoeg word by die basisvorm van die eerste konstituent van komposita. Duits het 'n verskeidenheid valensiomorfeme waarvan sewe deur Nübling en Szczepaniak (2008:2-3) bespreek word. Een manier waarop die keuse van valensiomorfeme in Duits bepaal word, is op grond van die geslag of ander vorme van die selfstandige naamwoord.

Hulle gebruik *blum-en-stängel* ('stingel van 'n blom') en *blum-en-strauß* ('ruiker van blomme') om te illustreer hoe die *·(e)n·*-valensiomorfeem van genitiefkonstruksies (*blum-en-stängel*) afkomstig is, maar deesdae geanaliseer word as 'n draer van meervoudsbetekenis (*blum-en-strauß*) (Nübling & Szczepaniak, 2008:3-4). Weereens dui hierdie waarneming op 'n verandering in die funksie van valensiomorfeme oor 'n tydperk. Buiten hierdie onderskeid wat aan die hand van die ontwikkeling van die taal uitgewys word, word 'n ander onderskeid op grond van die diachroniese ontwikkeling van Duits ook deur hulle gemaak:

- Paradigmatiese elemente: Valensiomorfeme skep 'n vorm van 'n stam wat sinchronies ooreenstem met huidige woordvorme soos in die geval van die Afrikaanse *swan·e·* in *swan·e·dons* of *briew·e·* in *briew·e·besteller* (wat albei lyk op die meervoudsvorme van onderskeidelik *swaan* en *brief* in die geval van Afrikaans); en
- Nieparadigmatiese elemente: Valensiomorfeme skep 'n vorm van 'n stam wat slegs histories regverdigbaar is soos in die geval van die Afrikaanse *land·s·* in *land·s·plaag* of *kind·er·* in *kind·er·oppasser* (wat nie lyk soos erkende verbuigings van *land* en *kind* in Afrikaans nie).

Die rede vir hierdie onderskeid word in 'n latere studie (Nübling & Szczepaniak, 2013) verduidelik as hulle sê dat paradigmatiese valensiomorfeme steeds optree soos die klasaffikse waaruit hulle ontwikkel het. Nübling en Szczepaniak se paradigmatiese elemente kan vergelyk word met Kempen (1969) se perifere niesentrale verbindingsvorme (soos *druiw·e·* in *druiw·e·tros*) en hulle nieparadigmatiese elemente aan wat Kempen (1969) verbindingsvorme sonder vrye korrelate morfeme (soos *kabinet·s·* in *kabinet·s·minister*) noem. Nübling en Szczepaniak (2008:6) beklemtoon dat die meeste navorsing oor valensiomorfeme sinchronies is en dat die genoemde diachroniese onderskeid eintlik belangrik is maar nooit onder die loep geneem word nie.

Nübling en Szczepaniak (2008) bespreek die meervoudsfunksie, genitiefunksie en skeidingsfunksie, maar ondersoek spesifiek die prosodiese funksie van valensiemorfeme. Veral nieparadigmatiese valensiemorfeme het die funksie om woorde wat gevorm is met beperkende morfologiese suffikse in staat te stel om verder in komposita gebruik te word (Nübling & Szczepaniak, 2008:10; dit skakel met wat Combrink (1990) morfologiese valensie noem). 'n Afrikaanse voorbeeld sal die *·s*-valensiemorfeem in *geleentheid·s-roker* wees (as 'n mens veronderstel dat *·heid* dus morfologies beperkend is). Daar is in Duits afleidingsaffikse wat funksioneer as 'n soort valensieverkleiner omdat verdere afleiding nie kan plaasvind nie. As voorbeeld kan 'n mens in Afrikaans nie *gesondheid* verder affigeer met iets soos *·lik* om **gesondheidlik* te vorm nie (Combrink, 1990:344-345). Dieselfde geld waar *gesondheid* met 'n stam wil verbind (om 'n kompositum te vorm) – die *·s* word benodig om, byvoorbeeld, *gesondheid·s-produk* te vorm. Die valensiemorfeem heropen die woord vir verdere verbinding, spesifiek in komposita. Combrink (1990:358) wys daarop dat navorsing nog gedoen moet word oor faktore wat die vorming van komposita in Afrikaans beperk (hy ondersoek slegs die beperking op verdere affigering in Afrikaans in sy studie).

Ander funksies van valensiemorfeme (wat semanties blyk te wees), soos die gebruik van valensiemorfeme ná (eerste) konstituente wat diere aandui (een van hulle voorbeelde is *Maus·e-falle* 'muis-LK-val') en voor (tweede) konstituente wat mense aandui (een van hulle voorbeelde is *Lehrer·s-gattin* 'onderwyser-LK-vrou'), word ook deur Nübling en Szczepaniak (2008:11) geïdentifiseer.

Hulle ondersoek ook hoe die *·s*-valensiemorfeem in Duits die deel van die eerste fonologiese woord wat grens aan die volgende woord versterk. In Duitse komposita is die eerste sillabe in komposita prominent en konsonantsterkte is 'n belangrike eienskap in die versterking van 'n fonologiese woord in Duits (Nübling & Szczepaniak, 2008:13-14). Die posisie in Afrikaans blyk eenders te wees, soos bespreek in afdeling 2.2.3. 'n Funksie van die *·s*-valensiemorfeem blyk dus te wees om 'n sillabe te versterk of te beklemtoon.

Volgens Nübling en Szczepaniak (2008:23) is Duitse valensiemorfeme nog besig om suiwer fonologiese elemente te word en is daar 'n historiese afplating van valensiemorfeme se semanties-morfologiese na fonologies-prosodiese funksies. In 'n ander studie word 'n diachroniese en sinchroniese studie onderneem en is die fokus op die oorsprong en funksie moontlikhede van hedendaagse Duitse valensiemorfeme (Nübling & Szczepaniak, 2013). Die oorsprong moontlikhede wat bespreek word, behels die genitiefkonstruksies wat ontwikkel het tot komposita met 'n valensiemorfeem, asook dat klasaffikse, wat reeds in

Oudhoogduits gebruik is (byvoorbeeld die *·a·* in *tag·a·sterro* 'môre-LK·ster'), tot valensiomorfeme ontwikkel het (Nübling & Szczepaniak, 2013:69). Die skeiding ten opsigte van die ontwikkeling is reeds sedert die 11de eeu teenwoordig en is gebaseer op die voorkoms van die affikse óf as klasaffikse, óf net in komposita.

Hulle voer aan dat die onsekerheid rondom valensiomorfeme se funksie(s) verklaar kan word in terme van die mate waartoe valensiomorfeme ou funksies (toe te skryf aan die klasaffikse waaruit hulle ontwikkel) verloor en nuwe funksies verkry (Nübling & Szczepaniak, 2013:86). Van Tiel *et al.* (2011:126) wys op die soortgelyke situasie in Nederlands, naamlik dat spesifieke valensiomorfeme in Nederlands nie 'n spesifieke funksie blyk te hê nie.

Valensiomorfeme blyk die resultaat te wees van die (seweledige) proses wat 'n woorddeel in sy ontwikkeling volg vanaf 'n lekseem tot 'n suiwer fonologiese element (Nübling & Szczepaniak, 2013:84). Hierdie benadering skakel met die bespreking van Wegener (2008) oor die hergrammatikalisering van valensiomorfeme in Duits. Die ontwikkelingsgeskiedenis van die ses valensiomorfeme wat sinchronies in Duitse komposita gebruik word, gee 'n duidelike beeld van die mate waartoe elke valensiomorfeem ontwikkel het, van die mees ontwikkelde valensiomorfeem (*·s·*), tot die byna onproduktiewe valensiomorfeem (*·(e)ns·*) (Nübling & Szczepaniak, 2013:77-82). Volgens Nübling en Szczepaniak (2013:82-83) is ten volle ontwikkelde valensiomorfeme produktief, vry van enige beperkings van hul klasaffiksvoorsate en funksioneer hulle sowel paradigmatis (soos die *·s·*-valensiomorfeem in *Leben·s·mittel* 'lewe-LK·middel') as nieparadigmaties (soos die *·s·*-valensiomorfeem in *gewicht·s·heber* 'gewig-LK·opteller').

In hul studie bevestig Fuhrhop en Kürschner (2015) die waarnemings wat Nübling en Szczepaniak (2008) met betrekking tot die valensiomorfeem in Duits maak. Hulle brei egter verder uit en wys op die ooreenkomste betreffende die gebruik van die *·s·*-valensiomorfeem in 'n reeks Germaanse tale (Fuhrhop & Kürschner, 2015:576). Die verskil tussen Duits aan die een kant en Nederlands en Afrikaans aan die ander kant wat betref die meervoudsinterpretasie van valensiomorfeme (naamlik dat dit in eersgenoemde afwesig en laasgenoemde aanwesig is) word ook bespreek (Fuhrhop & Kürschner, 2015:577). Die skrywers wys op die gebrek aan studies oor die historiese ontwikkeling van valensiomorfeme in die meeste Germaanse tale (Fuhrhop & Kürschner, 2015:579).

Koester *et al.* (2004:1648) ondersoek onder andere of valensiomorfeme 'n effek het op die hoeveelheidsinterpretasie van komposita. Na aanleiding van reaksietoetseksperimente wat uitgevoer is, word daar beslis dat die respondente nie 'n meervouds-/enkelvoudsfunksie aan

valensiemorfeme koppel nie (Koester *et al.*, 2004:1655). Die gebruik van klem en die rol/vorm van die kompositumkern word uitgewys as twee bepalende faktore by meervoudsbepaling, eerder as die vorm van die bepaler (Koester *et al.*, 2004:1656-1657).

Krott *et al.* (2007) het in hul studie ten doel om te toets of die geneigdheid van paradigmatis analogiese effekte in konstituentfamilies in Duits bevestig kan word deur spesifieke valensiemorfeme opsetlik uit te lok. Die metode wat gevolg is, is identies aan dié vir Nederlands in Krott *et al.* (2001). Soos in die geval van Nederlands bevind hulle dat die konstituentfamilie van die eerste stam 'n sterk invloed het op die valensiemorfeemkeuse van die respondente (Krott *et al.*, 2007:46). Die invloed van die konstituentfamilie van die tweede stam blyk nog kleiner in Duits as in Nederlands te wees. Met die rekenaarvoorspellingsprogram vir nuwe komposita was die linkerkonstituent ook die sterkste faktor by die voorspelling van die korrekte valensiemorfeem. Interessant genoeg was dit, soos met die Nederlandse eksperiment, makliker om die respondente te manipuleer wanneer daar eintlik 'n geneigdheid was vir geen valensiemorfeem nie, as in die geval van die *·e·*-valensiemorfeem en *·(e)n·*-valensiemorfeem (Krott *et al.*, 2007:47). Klem, morfologiese geslag en klas het ook 'n rol gespeel in die keuse van Duitse valensiemorfeme wat by die eerste konstituent hoort. Krott *et al.* (2007:48) hou vol dat die analogiemodel wat hulle voorstel hulle in staat stel om die verskillende interpretasies van valensiemorfeemgebruik doeltreffend te verduidelik.

Wegener (2008) argumenteer sterk ten gunste van die prosodiese/fonologiese funksie van Duitse valensiemorfeme. Sy onderskei, soos Combrink en De Stadler (1987), tussen valensiemorfeme met 'n sillabe (enige een wat schwa bevat) en dié daarsonder (naamlik die *·s·*). Prosodies bevorder die bykomende sillabe 'n trogeïese vorm, terwyl dit fonologies bydra deur 'n opeenhoping van konsonante te voorkom (Wegener, 2008:347). Met betrekking tot die *·s·*-valensiemorfeem merk Wegener (2008:348-352) op dat daar geen fonologiese/prosodiese verbetering ter sprake is nie. In die geval waar die eerste stam van komposita 'n afleiding is, sorg hierdie valensiemorfeem juis vir valensievergroting. Wegener se standpunt sluit aan by Aranoff en Fuhrhop (2002) wat ook die Duitse valensiemorfeem se vermoë om komplekse beskikbaar te maak vir verdere woordvorming, bespreek.

Die tweede funksie wat Wegener (2008:348-352) identifiseer, is waar die eerste komponent in komposita reeds 'n kompositum is. In hierdie geval merk die valensiemorfeem die verskillende komponente sodat die verkeerde interpretasie nie aan die kompositum gekoppel word nie. Die funksionele onderskeid is dus geleë in die feit dat die sillabiese

valensiemorfeem produksie vergemaklik, en die niesillabiese valensiemorfeem persepsie of konseptualisering vergemaklik (Wegener, 2008:352). Hierdie standpunt stem ooreen met die skeidingsfunksie wat deur Neerlandici (spesifiek De Vos (2014)) bespreek word (kyk afdeling 2.3.3). Wegener (2008:353) benadruk dat die valensiemorfeem slegs sinvol vanuit 'n hergrammatikaliseringsoogpunt bestudeer kan word.

Neef (2015) wy sy artikel aan die weerlegging van enige funksionele interpretasies in die studie van valensiemorfeme (genoem *linking elements*). Hy neem spesifiek Duits as vetrekpunt weens Duits se ryk valensiemorfeemskat (Neef, 2015:30). Hy noem dat die klassifikasie (benoeming) van valensiemorfeme as morfeme per definisie 'n semantiese of grammatikale betekenis impliseer en dat linguïste iets gaan soek wat nie daar is nie, nét om die begrip te regverdig. Al word daar primêr na Duitse valensiemorfeme verwys, word dit reeds vroeg in die bespreking genoem dat sy navorsing in beginsel op enige ander taal met valensiemorfeme van toepassing gemaak kan word (Neef, 2015:31).

Hy neem sterk standpunt in deur te sê dat die vermeende funksies van valensiemorfeme wat deur linguïste geïdentifiseer is (fonologies, semanties en struktureel) bloot effekte is van die gebruik van valensiemorfeme. Hy loof juis Krott *et al.* (2007) se gebruik van die woord "effekte" in plaas van "funksies". Neef gaan te werk om elkeen van hierdie funksies eksplisiet te weerlê (meestal deur te argumenteer dat daar te veel uitsonderings is om dit as 'n funksie te beskou). Waar Combrink (1990) grammatiese fluktuering beskou as 'n eienskap van valensiemorfeme (d.i. dat 'n mens *dod·e·mars* en *dood·s·kleed* kry), gebruik Neef (2015) dit as 'n weerleggingsgrond van enige moontlike funksies. Dit is ook volgens hom nie geldig om aan te voer dat valensiemorfeme uitspraak vergemaklik nie, hoofsaaklik omdat daar nie duidelikheid bestaan oor wat uitspraakvergemakliking behels nie (Neef, 2015:33). Verder word die fonologiese argument dat valensiemorfeme trogeïese uitspraak verseker, ook aan die hand van voorbeelde weerlê (Neef, 2015:33-36). Die gebrek of nie-uitspraak van 'n valensiemorfeem lei, volgens Neef, nie tot fonologiese ongrammatikaliteit in Duits nie. Dit is as gevolg van die gebrek aan duidelike navorsing hieroor dat Neef beweer daar onvoldoende bewyse is om so 'n funksie daar te stel.

In sy argument teen die uitspraakvergemakliking merk Neef (2015:33) op dat om die *·s·*-valensiemorfeem weg te laat, slegs lei tot 'n vreemde vorm of uitspraak, soortgelyk daaraan om enige ander letter/klank weg te laat. Hierdie argument is m.i. nie goed deurdag nie, aangesien die weglaat van enige ander letter (argumentsonthou die "n" in *groep·s·kaptein*)

nie vergelykbaar is met die weglating van 'n valensiemorfem nie, aangesien die valensiemorfem nie deel van 'n lekseem is nie.

Die drie ander funksies wat in ander studies geïdentifiseer is (meervoud, genitief en skeiding) word ook weerlê deur ander komposita wat dieselfde verhoudings verwoord, sonder die voorkoms van 'n valensiemorfem (Neef, 2015:36-40). 'n Interessante punt wat Neef maak by die weerlegging van 'n moontlike meervoudsfunksie is dat die nieparadigmatiese voorkoms van valensiemorfeme (teenoor die paradigmatische) reeds genoeg is om enige verband tussen fleksieaffixe en valensiemorfeme uit te skakel (Neef, 2015:38). Strukturele merking van 'n kompleks se grense kan ook nie geld as 'n algemene funksie nie, aangesien die meerderheid komplekse/komposita sonder valensiemorfeme funksioneer (Neef, 2015:41). Selfs in die geval waar die eerste komponent in komposita self 'n kompositum is, is dit nie altyd verpligtend om valensiemorfeme te skryf nie. Deurlopend is die groot hoeveelheid uitsonderings op die voorgestelde funksies Neef se hoofargument teen enige funksionele eienskappe.

In die afdeling waar Neef (2015:42-48) die niefunksionele interpretasies van valensiemorfeme bespreek, argumenteer hy dat valensiemorfeme niks meer as 'n deel van stamallomorfie is nie. Valensiemorfeme is lekseemgebonde, en enige lekseem wat onreëlmatige/uitsonderlike valensiemorfeme (byvoorbeeld soos *·ens·* in *noem·ens·waardig*) vertoon, moet as geleksikaliseerd beskou word. Hy wys daarop dat waar 'n stam meer as een verbindingvorm het, een daarvan gewoonlik produktief en die res geleksikaliseerd is. 'n Voorbeeld hiervan in Afrikaans is *staat*. *Staat* verbind sistematies met die *·s·*-valensiemorfem (voorbeelde sluit in *staat·s·amp*, *staat·s·gebou* en *staat·s·verdrag*), maar daar bestaan wel komposita soos *stat·e·bond* en *Stat·e·bybel*. Neef (2015:45) beskou sy stamallomorfiebeskouing as soortgelyk aan dié van Krott *et al.* (2007).

2.4.2 Samevatting

Uit die bespreekte standpunte met betrekking tot Duitse valensiemorfeme blyk dit heel duidelik dat die moontlike **semantiese inhoud as heeltemal negeerbaar** beskou word. Die gesprek in Duits wentel eerder om die vraag of enige fonologiese funksies nagespeur kan word. Waar Krott *et al.* (2007), Wegener (2008), Nübling en Szczepaniak (2008, 2013) en Fuhrhop en Kürschner (2015) juis die fonologiese rol van valensiemorfeme bevestig en bestudeer, betwyfel Neef (2015) selfs hierdie funksie. Vergelyk die tabel aan die einde van die hoofstuk vir 'n opsomming van die standpunt in Duits.

Indien 'n definisie uit die Duitse literatuur geformuleer moet word, kan ons sê:

'n Valensiemorfeem is 'n vokaal, konsonant of vokaal-konsonantkombinasie met 'n uitgebreide fonologiese funksie wat tussen konstituente voorkom; 'n vermeende semantiese funksie van hierdie valensiemorfeme is die gevolg van vormlike ooreenkomste met meervoudsaffikse.

Navorsing oor Duits (wat reeds uitgewys is as die Germaanse taal met die kompleksste valensiemorfeemsisteem) staan die sterkste daarby dat die valensiemorfeem slegs 'n fonologiese funksie het.

2.5 Vergelyking van die beskouings rondom valensiemorfeme

Tabel 2-1 (hier onder) gee 'n opsomming van die eienskappe van valensiemorfeme wat in die literatuur vir die onderskeie tale bespreek word en vorm die basis van hierdie afdeling. Die tabel is volgens taal (Afrikaans, Nederlands en Duits) en eienskappe ingedeel. Slegs die tale wat breedvoerig bespreek is, is in die tabel ingesluit. Terloopse vermeldings wat in hierdie hoofstuk uitgewys is, word in hierdie vergelyking genoem, al word hulle nie in die tabel aangetoon nie. Ten einde 'n geïntegreerde beeld van die valensiemorfeem oor die tale heen te gee, word taalkundiges wat dieselfde eienskappe van die valensiemorfeem in hul beskrywings identifiseer, saam bespreek.

Die eerste groep eienskappe in die tabel is konseptuele/semantiese eienskappe. Die eerste eienskap behels die invloed van die **verhouding tussen die stamme in komposita op die keuse van 'n valensiemorfeem**. Kempen (1969) is van mening dat die verhouding tussen die stamme nie die teenwoordigheid van 'n valensiemorfeem bepaal nie, nes Mattens (1970) wat aanvoer dat willekeur, ritme en melodie die keuse van 'n valensiemorfeem bepaal. Die oorgroote meerderheid taalkundiges, wat Combrink (1990), Booij (2010), Schreuder *et al.* (1998), Krott *et al.* (2001, 2004), Neijt *et al.* (2006), Hanssen (2011) en Renner (2013) insluit, is egter van mening dat die verhouding tussen die stamme wel die keuse van 'n valensiemorfeem beïnvloed. Neijt *et al.* (2006) en Hanssen (2011) maak spesifiek melding van die **meervoudsemantiek** wat 'n rol speel en Renner (2013) van die neweskikkende aard van die betrokke komposita wat die teenwoordig van *·cum·* in Engelse komposita bepaal.

Tabel 2-1: Opsomming van die beskrywing van valensiemorfeme

		Konseptueel					Realiserend									
		Semanties					Fonologies					Morfologies				
		Verhouding tussen stamme beïnvloed VM-keuse	VM het meervouds-interpretasie	VM het indifferntialis-interpretasie	VM het genitiewe/ histories genitiewe interpretasie	VM het moontlik 'n semantiese interpretasie	VM is streng fonologies	VM staan los van ander komponente	VM skep allomorf van stam	VM kom in afleidings en fleksievorme voor	VM het 'n skeidings-funksie	VM het 'n prosodiese funksie	VM het 'n paradigmitiese analogiese funksie (met konstituent-families)	VM beïnvloed morfologiese valensie	Grammatiese fluktuering in voorkoms van VM'e	Geen sistematiek in VM-gebruik
Afrikaans	Botha (1964)						x							x		
	Combrink (1990)	x						x	x				x	x	x	
	Combrink & De Stadler (1987)						x									
	Jansent <i>et al.</i> (2007)		x (veral as meervoudsvorm)													
	Kempen (1969)		x (net teenoor enkelvoud)		x			x		x					x	
	Neijt <i>et al.</i> (2010)		x (veral as meervoudsvorm)													
	Taalkommissie (2009)													x		
	Van Huyssteen (2005b)						x									
	Van Huyssteen (2010)						x									
	Van Huyssteen (2014)						x									

	Semanties						Fonologies			Morfologies					
	Verhouding tussen stamme beïnvloed VM-keuse	VM het meervouds-interpretasie	VM het indifferentials-interpretasie	VM het genitiewe/histories genitiewe interpretasie	VM het moontlik 'n semantiese interpretasie		VM is streng fonologies	VM staan los van ander komponente	VM skep allomorf van stam	VM kom in afleidings en fleksievorme voor	VM het 'n skeidings-funksie	VM het 'n prosodiese funksie	VM het 'n paradigmatische analogiese funksie (met konstituent-families)	VM beïnvloed morfologiese valensie	
Nederlands	Banga <i>et al.</i> (2012)	x													
	Banga <i>et al.</i> (2013)	x													
	Booij (2005)								x						
	Booij (2010)							x				x			
	De Vos (2014)										x				
	Don (2009)		o (morfeme is homomorfiës)												
	Hanssen (2011)	x	x												
	Krott <i>et al.</i> (2001)	x			x							x			
	Krott <i>et al.</i> (2004)	x										x			
	Mattens (1970)	x		x											
	Nederlandse Taalunie (2005)							x						x	x
	Neijt & Kroon (2010)														x
	Neijt <i>et al.</i> (2006)	x													
	Neijt <i>et al.</i> (2010)										x	x	x		
	Van Tiel <i>et al.</i> (2011)		x		x						x	x	x		
Verkuyt (2007)			x												

	Konseptueel					Realiserend										
	Semanties					Fonologies					Morfologies					
	Verhouding tussen stamme beïnvloed VM-keuse	VM het meervouds-interpretasie	VM het indifferntialis-interpretasie	VM het genitiewe/histories genitiewe interpretasie	VM het moontlik 'n semantiese interpretasie		VM is streng fonologies	VM staan los van ander komponente	VM skep allomorf van stam	VM kom in afleidings en fleksievorme voor	VM het 'n skeidings-funksie	VM het 'n prosodiese funksie	VM het 'n paradigmatiese analogiese funksie (met konstituent-families)	VM beïnvloed morfologiese valensie	Grammatiese fluktuering in voorkoms van VM'e	Geen sistematiek in VM-gebruik
Duits	Aranoff & Fuhrhop (2002)													x		
	Fuhrhop & Kürschner (2015)				x		x		x		x			x		
	Koester et al. (2004)		o (juis geen meervouds-interpretasie)													
	Krott et al. (2007)							x	o ("light connection" met linker-stam)				x			
	Libben (2014)												x			
	Neef (2015)															
	Nübling & Szczepaniak (2008)				x		x		x		x			x	x	
	Nübling & Szczepaniak (2013)						x									
	Wegener (2008)											x (-s-valensie-morfeem)	x (-e-valensie-morfeem)		x	

Die mees nagevorsde funksie is die meervoudsfunksie. Kempen (1969) is van mening dat valensiemorfeme slegs 'n **meervoudsfunksie** het as daar 'n vorm van die kompositum sonder die valensiemorfeem bestaan waar die eerste stam 'n enkelvoudsvorm het. Van Tiel *et al.* (2011) bevestig die meervoudsfunksie van Nederlandse valensiemorfeme, terwyl Neijt *et al.* (2010) meervoudskonteks uitsonder as 'n kritieke faktor by die bepaling van die meervoudsinterpretasie van Nederlandse valensiemorfeme. Hanssen (2011) betrek die invloed van klembotsings in komposita en bevind dat die **·en-valensiemorfeem meervoudsinterpretasies** tot gevolg het, **ongegag die aanwesigheid of afwesigheid van klembotsings** tussen sillabes in komposita. Jansen *et al.* (2007) en Neijt *et al.* (2010) bevestig dat die meervoudsvorm primêr lei tot meervoudsemantiek in Afrikaans – 'n siening wat in direkte teenstelling is met Botha (1964) en Van Huyssteen (2005b). Koester *et al.* (2004) merk met betrekking tot Duits op dat daar (byna) **geen meervoudsinterpretasie aan valensiemorfeme** gekoppel word nie. Banga *et al.* (2012, 2013) is van mening dat meervoudsemantiek noodgedwonge volg op meervoudsvorm in komposita, terwyl Don (2009) meen dat valensiemorfeme en meervoudsaffikse slegs verwant, maar nie dieselfde is nie.

In teenstelling hiermee, is Verkuyl (2007) van mening dat beide enkelvoud en meervoud 'n funksie is van 'n woordgroep/sin en nie van 'n woord/kompositum nie. Verwant aan die moontlike meervoudsfunksie is die **indifferentials** waarna slegs Mattens (1970) verwys. Volgens hom verwys die eerste stam in komposita na 'n bepaalde begrip eerder as 'n sekere aantal daarvan. Mattens (1970) meen dat 'n mate van meervoudigheid in die eerste stam van komposita teenwoordig kan wees, afhangende van die konteks van die kompositum of die sin waarin dit gebruik word.

Geen van die taalkundiges huldig die mening dat valensiemorfeme sinchronies beskou 'n **genitiewe betekenis** kan hê nie, al dui al die diachroniese studies, wat Kempen (1969), Krott *et al.* (2001) en Van Tiel *et al.* (2011) insluit, wel aan dat valensiemorfeme uit genitiewe konstruksies ontwikkel het. Fuhrhop en Kürschner (2015) wys juis op die situasie tans in Faroees waar enige paradigmatische genitiefmerker as 'n valensiemorfeem in komposita optree. Al is 'n genitiefinterpretasie van die **·s-valensiemorfeem** implisiet in Krott *et al.* (2001), kan dit nie met absolute sekerheid hier gestel word dat hulle hierdie funksie ondersteun nie. Dis afleibaar uit Renner (2013) (nie ingesluit in die tabel nie) dat hy nie die moontlikheid uitsluit dat **·cum· moontlik 'n semantiese rol** inhou met betrekking tot Engelse komposita nie.

Die volgende groep faktore het betrekking op realisering en fonologiese eienskappe. Taalkundiges wat valensiemorfeme in die verbygang noem, soos Don (2009), beklemtoon

die **suiwer fonologiese aard** daarvan. Combrink en De Stadler (1978) bespreek valensiomorfeme as 'n fonologiese element van komposita, terwyl Van Huyssteen (2005b, 2010, 2014) en Botha (1964) oordeel dat valensiomorfeme suiwer fonologies funksioneer. Nübling en Szczepaniak (2008, 2013) is van mening dat valensiomorfeme semanties leeg is en Mattens (1970) wys daarop dat ritme en melodie (fonologiese faktore) die keuse van valensiomorfeme bepaal. Nübling en Szczepaniak (2013) beklemtoon dat valensiomorfeme juis valensiomorfeme word sodra hulle vry is van enige semantiese inhoud. Die Nederlandse en Afrikaanse spelreëls (Nederlandse Taalunie, 2005; Taalkommissie, 2009) neig, myns insiens, ook om volkome staat te maak op vormlike aspekte in hul voorskrifte rakende die gebruik van valensiomorfeme.

Krott *et al.* (2007) en Renner (2013) is van mening dat **valensiomorfeme los staan van die stamme** wat verbind om 'n kompositum te vorm. In direkte teenstelling met hierdie (isolerende) siening is ondersteuners van valensiomorfeme se vermoë **om van die eerste stam in komposita 'n allomorf te maak**. Taalkundiges wat dit oor hierdie aspek eens is, is Kempen (1969), Combrink (1990), Nübling en Szczepaniak (2008), Booij (2010), Libben (2014), Fuhrhop en Kürschner (2015) en Neef (2015). Volgens Combrink (1990), Booij (2005) en Van Huyssteen (2005b) kan 'n valensiomorfeme ook 'n allomorf skep van die stam of affiks wanneer ander komplekse (soos afleidings en fleksievorme) gevorm word. Labrone (2014), wat soos Renner (2013) ook nie in Tabel 2-1 ingesluit is nie, is egter van mening dat valensiomorfeme in Baskies slegs homomorfees is aan gewone fonologiese woordvormingsprosesse. Allomorfie en die invoeging van valensiomorfeme moet, volgens hom, as aparte prosesse in die samestellingsproses beskou word. Kempen (1969) en Nübling en Szczepaniak (2008) maak 'n verdere onderskeid en sê dat vrye korrelate/paradigmatiese vorme of verbindingsvorme/nieparadigmatiese vorme van stamme geskep kan word deur valensiomorfeme.

Kempen (1969), Nübling en Szczepaniak (2008), Wegener (2008), Neijt *et al.* (2010), Van Tiel *et al.* (2011) en De Vos (2014), bevestig die **skeidingsfunksie** van valensiomorfeme. De Vos (2014) onderneem 'n volledige studie van die skeidingsfunksie van valensiomorfeme in Nederlandse komposita. Wegener (2008) sonder spesifiek die *·s*-valensiomorfeme uit as 'n valensiomorfeme met 'n skeidingsfunksie. Die **ritmiese funksie** van valensiomorfeme word ondersteun deur Wegener (2008), Neijt *et al.* (2010) en Van Tiel *et al.* (2011), waar Wegener (2008) spesifiek aandui dat die *·e*-valensiomorfeme (schwa) 'n ritmiese funksie het. **Paradigmatiese analogie** as 'n funksie word bevestig deur Van Tiel *et al.* (2011), Booij (2010), Neijt *et al.* (2010) en Krott *et al.* (2001, 2004, 2007). Die drie laasgenoemde bronne

wys ook daarop dat paradigmatische analogie die interpretasiemoontlikhede van valensiemorfeme al hoe meer beperk, soos wat analogievorming sterker word.

Om die bindmoontlikhede van stamme te verander, ook bekend as die vermoë wat valensiemorfeme het om die **morfologiese valensie te verander**, word deur Combrink (1990), Aranoff en Fuhrhop (2002), Nübling en Szczepaniak (2008) en Wegener (2008) uitgesonder as eienskappe van die valensiemorfeem.

Grammatiese fluktuering behels die geval waar valensiemorfeme soms geskryf word en soms nie (soos in *boer.beskuit/boer.e.beskuit*). Botha (1964), Combrink (1990), die Nederlandse Taalunie (2005) en die Taalkommissie (2009) ondersteun grammatiese fluktuering as 'n eienskap van die valensiemorfeem. In onlangse studies ondersteun beide Labrune (2014) en in besonder Neef (2015) grammatiese fluktuering. Neef (2015) gebruik grammatiese fluktuering juis as sy hoofargument téén al die voorgestelde funksies van valensiemorfeme.

Uit die bespreking van die laaste drie eienskappe is dit reeds moontlik om af te lei dat valensiemorfeme nie tipies vatbaar is vir sistematiek (in besonder in die vorm van reëls) nie. Die **leemtes in die valensiemorfeemsistematiek** word deur Kempen (1969), Combrink (1990) en Neijt en Kroon (2010) uitgewys en bespreek.

Nübling en Szczepaniak (2008) beweer dat Duitse valensiemorfeme besig is om van semanties-morfologiese elemente tot fonologies-prosodiese elemente te ontwikkel. Beide Afrikaanse en Nederlandse taalkundiges ondersoek egter nog steeds semantiese moontlikhede. Die posisie in Duits laat dit blyk dat valensiemorfeme slegs as suiwer valensiemorfeme geag kan word wanneer dit gevorder het tot 'n streng fonologiese element. Volgens Duitse taalkundiges (soos Koester *et al.* (2004)) is die geval in Duits dat daar nie meer 'n meervoudsbetekenis gekoppel word aan valensiemorfeme nie.

2.6 Samevatting

Samevattend kan die volgende definisie van die valensiemorfeem in Afrikaans geformuleer word:

- (a) Valensiemorfeme is **morfeme** in **komposita/afleiding/fleksievorme**, en verander 'n onafhanklike stam na 'n afhanklike stam wat moet verbind met 'n onafhanklike stam of affiks;

- (b) Die **keuse van 'n valensiomorfeem** (al dan nie) word in **sommige gevalle**, soos waar 'n neweskikkende of besitsgenitiewe verhouding tussen konstituente geld, beïnvloed deur die **verhouding tussen die stamme** in komposita (maar nie ander komplekse);
- (c) Valensiomorfeme het **primêr 'n fonologiese funksie**;
- (d) Valensiomorfeme het (tot 'n sekere mate) en is besig om hul **aanvanklike semantiese funksies te verloor** soos wat Afrikaans ontwikkel, maar daar is tans nog **tekens** van moontlike **meervouds-, indifferentialis- en genitiefinterpretasies**.

In die volgende hoofstuk word oorweging geskenk aan spesifieke beginsels van die kognitiewe grammatika. Konstruksies binne hierdie beskrywingsraamwerk, soos konstruksies, komposisie en vestiging, word bespreek in soverre dit verband hou met en belangrik is vir die definiëring van die valensiomorfeem in Afrikaans. In samehang met hoofstuk 2 word daar aan die einde van hoofstuk 3 twee kategoriseringsnetwerke vir die valensiomorfeem in Afrikaans gepostuleer.

Hoofstuk 3: Beskrywing van valensiomorfeemkonstruksies

3.1 Inleiding

Gegewe die vorige hoofstuk waarin bestaande beskrywings van die valensiomorfeem bespreek is, en gegewe die een doelstelling van hierdie navorsing om die valensiomorfeem in Afrikaans te modelleer, word die kognitiewe grammatika (hierna KG) as beskrywingsraamwerk in hierdie hoofstuk uiteengesit. Vir die beskrywing van konstruksies (kyk afdeling 3.2) vanuit die KG, is dit nodig om oorweging te skenk aan spesifieke kognitiewe prosesse (Van Huyssteen, 2005a:128), te wete komposisie, kategorisering, skematisering en vestiging. Vir doeleindes van die beskrywing van die valensiomorfeem, is veral **komposisie** (kyk afdeling 3.3.1) en **vestiging** (kyk afdeling 3.3.2) noodsaaklike konstrunkte aan die hand waarvan so 'n taalmodel beskryf kan word. Let daarop dat daar nie in hierdie hoofstuk gepoog word om 'n omvattende beskrywing van die KG te gee nie; vir 'n algemene en inleidende bespreking oor die KG, raadpleeg Langacker (2008, 2013) en spesifiek met betrekking tot Afrikaans, Van Huyssteen (2000, 2002, 2005a, 2010 en 2014). Sien onder andere Butler (2014) vir 'n studie waar die KG gebruik word om die Afrikaanse deelwoordkonstruksie te beskryf.

Die vorm wat die model gaan aanneem, is dié van 'n **kategoriseringsnetwerk**. 'n Kategoriseringsnetwerk kan beskryf word as 'n versameling taalpatrone wat op 'n manier aan mekaar verwant is (Langacker, 2013:222). (Sien Van Huyssteen (2005a:133) en Tuggy (2005:246) vir voorbeelde van kategoriseringsnetwerke van die meervoudskonstruksie in Afrikaans en Engels onderskeidelik.) Die kategoriseringsnetwerk van die valensiomorfeem in Afrikaans word in afdeling 3.4 aan bod gestel. Hierdie kategoriseringsnetwerk moet liefers gepostuleer word op grond van werklike taaldata (Van Huyssteen, 2005a:135); die data wat in hierdie hoofstuk gebruik word, is reeds in afdeling 1.5.2 van hierdie studie bespreek.

3.2 Konstruksies in KG

Volgens die KG is 'n **konstruksie** enige simboliese betekenis-vormpaar in 'n taal (Langacker, 2013:15), soos [[EEND]/[eend]]. In die konstruksie [[EEND]/[eend]] verteenwoordig [EEND] die gekonseptualiseerde idee van 'n watervoël met gewebde pote (op die pool van konseptualisering, oftewel semantiese pool), terwyl [eend] die vergestaltung daarvan op die pool van realisering (oftewel fonologiese pool) voorstel. Die blokhakies word gebruik om aan te dui dat die konsep 'n bestaande woord in die taal is; ronde hakies word gebruik vir ongekende voorbeelde, soos nuutskeppings of nuwe samestellings. Hoofletters word gebruik

om die semantiese konsep/idee voor te stel, terwyl kleinletters die realisering van die konsep voorstel. Na voorbeelde van Langacker (2013:15) word enige ortografiese realiserings (waar besliste fonologiese realisering ontbreek, soos by koppeltekengebruik) ook in ag geneem by die konstruering van konstruksies. Wanneer daar in hierdie hoofstuk na die fonologiese pool/realiseringspool/ortografiese pool verwys word, word dit voorgestel deur die ortografie van die betrokke woord, eerder as die klanke waaruit dit bestaan.

Konstruksies hoef nie ten volle gespesifiseer te wees nie; daarom is die meervoudskonstruksie [[PL]/[·e]] net soos [[EEND]/[eend]] 'n konstruksie, aangesien albei 'n fonologiese en semantiese pool het. Die gebrek aan 'n middelpunt (·) by [[EEND]/[eend]] wys op fonologiese onafhanklikheid wat nie die geval by [[PL]/[·e]] is nie, omdat laasgenoemde 'n affiks is en met ander konstruksies móét verbind om te kan funksioneer (Van Huyssteen, 2014:180). Wanneer hierdie konstruksies verbind, vorm hulle 'n komplekse konstruksie, wat voorgestel kan word deur [[[AANSYN]/[x]],[[PL]/[·e]]], wat eenvoudiger voorgestel kan word as [AANSYN·PL/x·e]. Wanneer twee of meer konstruksies verbind, is daar sprake van fonologiese en semantiese afhanklikheid. Fonologiese en semantiese afhanklikheid word, as 'n onderafdeling van komposisie bespreek (sien afdeling 3.3.1.2).

Konstruksies is nie beperk tot simplekse konstruksies nie. Langacker (2013:15) beklemtoon dat dit inherent aan taal is om komplekse konstruksies van eenvoudiger konstruksies te vorm. So byvoorbeeld word komplekse morfologiese konstruksies uit twee of meer betekenis-vormpare gevorm (Van Huyssteen, 2014:175) om sodoende 'n **komposisiestruktuur** te vorm (Langacker, 2013:60). 'n Voorbeeld van 'n komposisiestruktuur is [EEND·LK·HOK/eend·e·hok], waar twee onafhanklike konstruksies ([EEND/eend] en [HOK/hok]), met 'n hoogs afhanklike konstruksie [LK/·e·] verbind. Daar word na konstruksies wat onderdele vorm van komposisiestrukture verwys as **komponentstrukture** (Butler, 2014:55). Ander voorbeelde van komposisiestrukture is [EEND·LK·BOER/eend·e·boer] en [EEND·LK·LEWER/eend·e·lewer], wat 'n duidelike vormlike ooreenkoms toon met [EEND·LK·HOK/eend·e·hok].


Hierdie gemeenskaplikheid kan voorgestel word deur gebruik te maak van 'n **konstruksieskema** (Langacker, 2013:219). In die KG is konstruksieskemas die vergestaltung van kennis van linguistiese patrone (Evans *et al.*, 2007:25) – dit is in die KG wat reëls in die generatiewe grammatika is, naamlik patrone of template van gemeenskaplikhede in taalgebruik (Langacker, 2013:23). Soos konstruksies is konstruksieskemas ook nie beperk tot 'n bepaalde vlak van spesifisiteit nie (Langacker, 2013:24) en kan 1(a) (saam met

Figuur 3-1), 1(b) (saam met Figuur 3-2) en 1(c) (saam met Figuur 3-3) as konstruksieskemas vir die *eend*-komposisiestrukture gebruik word.

1(a) [EEND·LK·HOK/eend·e·hok]


1(b) [eend·lk·aansyn/eend·e·...]

1(c) [aansyn·lk·aansyn/...₁·e·...₂]



Figuur 3-1: Analiseskema van [EEND·LK·HOK/eend·e·hok]

Hierdie konstruksieskemas dien as illustrasie van hoe morfologiese konstrakte vanuit die KG beskryf kan word. Langacker (2013:10) beklemtoon dat enige visuele voorstellings in die KG heuristies van aard is; dit wil sê die voorstellings funksioneer net as hulpmiddels om taalverskynsels te verduidelik. In die visuele konstruksieskemas word elke komponentstruktuur voorgestel deur 'n reghoek met twee helftes. Die middelpunt (·) en ellipsteken (...) as bykomende skryfkonvensies simboliseer onderskeidelik morfeemgrense (tussen stamme en/of affikse, vergelyk afdeling 1.1) en ongespesifiseerdheid.




Figuur 3-2: Analiseskema van [EEND-LK-AANSYN/eend-e-...]

Die boonste helfte van die reghoek verteenwoordig die konseptualiseringspool en die onderste helfte die realiseringspool. Om verduideliking op hierdie stadium te vergemaklik, word aansyne (d.i. naamwoorde), hetsy as komponent- of komposisiestruktuur, as sirkels op die konseptualiseringspool voorgestel. Die donker omlýning van die blokkies van komponentstrukture verteenwoordig die kernrol wat die spesifieke komponentstruktuur as profieldeterminant in die vorming van 'n komplekser konstruksie speel. (In afdeling 3.3.1.1 word konstruksieprofilering bespreek en daar sal verder uitgebrei word op die voorstelling van konstruksieskemas deur middel van, onder andere ooreenkomslyne en wat die "tr" en die "lm" voorstel.) Op die realiseringspool word strukture deur kleinletters voorgestel.

'n Belangrike verskil tussen die voorstelling in 1(a) en Figuur 3-1 is die pyle. Die pyle met die swart punte in Figuur 3-1 dui in watter volgorde die komponentstrukture verbind. Dié pyl wys altyd in die rigting van die komponentstruktuur wat die komposisiestruktuur op die volgende vlak van konstituering uitbrei en word altyd vanaf die profieldeterminant/komponent, wat die aard van die komposisiestruktuur op die volgende vlak van konstituering bepaal, getrek. Die stippelpyl en gewone pyl (met oop punte) wat tussen die vlakke getrek word, verbind die komponent wat as profieldeterminant optree (gewone pyl) met die komponent wat as

uitbreiding daarvan optree (stippelpyl). (Dit sal ook in afdeling 3.3.1.2 duideliker blyk wat met profieldeterminant bedoel word.) 'n Ander verskil tussen die voorstellings in 1(a) en Figuur 3-1 is die grys skakering van konstruksies wat semanties en/of fonologies afhanklik is, wat dui op die afhanklikheid van daardie komponentstruktuur en dat dit met ten minste een ander onafhankliker komponentstruktuur moet verbind om te funksioneer.⁷



Figuur 3-3: Analiseskema van [AANSYN-LK-AANSYN]/...1·e·...2]

Die drie konstruksieskemas is ook toenemend meer abstrak soos dit blyk uit die verskil tussen [HOK/hok] in 1(a) en [AANSYN/...] in 1(b). In laasgenoemde word 'n groot verskeidenheid naamwoorde deur [AANSYN/...] gesimboliseer, wat byvoorbeeld [HOK/hok], [LEWER/lewer] en [BOER/boer] kan insluit. Figuur 3-3 is die abstrakste van die konstruksieskemas en maak gebruik van twee ongespesifiseerde komponentstrukture op die realiseringspool. Dis belangrik om nie uit die oog te verloor dat die konstruering van algemene hoëvlakskemas (lees abstrakte skemas) nie verkieslik is bo die spesifiteit van laevlakskemas (lees spesifieke skemas) nie. Dit is 'n kenmerk van die KG wat dit onderskei


⁷ Langacker dui ongespesifiseerdheid aan deur arsering (hatching). Sien byvoorbeeld Langacker (2013:198).

van ander benaderings: algemener skemas is wel belangrik om gemeenskaplikhede uit te wys, maar 'n omvattende netwerk van abstrakte én gespesifiseerde skemas is nodig om 'n volledige beskrywing van 'n spesifieke verskynsel daar te stel (Tuggy, 2003:28). Die implikasie hiervan is dat laervlakskemas in die beskrywing van die valensiemorfeem ingesluit moet word.


Die gemak waarmee 'n analiseskema deur gebruikers gebruik word, hang van die mate van **vestiging** af wat daardie analiseskema geniet (Van Huyssteen, 2005:134). Hoe meer gevestig 'n konstruksieskema is, hoe geredeliker word dit deur gebruikers gebruik om nuwe konstruksies te vorm. (In afdeling 3.3.2 word vestiging aan die hand van **algemeenheid** en **produktiwiteit** bespreek.) In die huidige voorbeeld sou Figuur 3-3 funksioneer as die produktiefste van die drie skemas, aangesien dit ruimte laat vir die gebruik van 'n groot verskeidenheid moontlikhede as eerste en derde komponentstruktuur. Dit is onwaarskynlik dat mense die skema in Figuur 3-3 sal aktiveer wanneer nuwe komplekse met [EEND/eend] as eerste komponent oorweeg word, aangesien dit te abstrak is. Al is Figuur 3-2 minder algemeen geformuleer as Figuur 3-3, is dit baie produktief vir komplekse wat [EEND/eend] as eerste komponent neem.

Die analiseskemas is op sig self veralgemenings van taalgebruik, maar het self ook eienskappe wat met mekaar ooreenstem. Saam vorm verwante skemas 'n kategoriseringsnetwerk: 'n versameling van twee of meer konstruksieskemas wat iets gemeenskapliks het. Die komposisiestrukture soos hulle in Figuur 3-1, 3-2 en 3-3 verskyn, is gerangskik in 'n vereenvoudigde kategoriseringsnetwerk in Figuur 3-4. Die soliede pyle tussen die verskillende skemas toon dat hulle **uitbreidings** van mekaar is, eerder as **verlengings** (Butler, 2014:57). Figuur 3-1 is 'n uitbreiding van Figuur 3-2 en Figuur 3-3, omdat Figuur 3-1 in groter detail op die inhoud van Figuur 3-2 en Figuur 3-3 ingaan, sonder om daarvan af te wyk (Langacker, 2013:17-18). 'n Verlenging sou 'n konstruksieskema wees wat wel ooreenkomste toon, maar ook daarvan verskil. In Figuur 3-5 is 'n voorbeeld van 'n verlenging, aangedui deur 'n stippelpyl, te sien. Omdat 'n *arend* 'n voël is en sistematies met 'n ander valensiemorfeem verbind, hou dit steeds verband met die konstruksieskema in Figuur 3-5. Wat valensiemorfeemgebruik en die vereiste van 'n voël as die eerste komponentstruktuur betref, voldoen *arend*-komposita aan die konstruksieskema, maar die gebruik van die *-s-*valensiemorfeem is 'n groot genoeg verskil dat dit as 'n verlenging gesien word. Hierdie hoofstuk het ten doel om só 'n kategoriseringsnetwerk vir die valensiemorfeem in Afrikaans saam te stel wat as sinchroniese beskrywing daarvan dien. Alvorens 'n omvattende kategoriseringsnetwerk gepostuleer kan word, moet daar oorweging geskenk

word aan die prosesse van **komposisie** en **vestiging** by die voorkoms van valensiemorfeme.



Figuur 3-4: Kategoriseringsnetwerk van die [eend]-komposisiestruktuur



Figuur 3-5: Kategoriseringsnetwerk van die [eend]-komposisiestruktuur met [arend·s...] as verlenging

3.3 Karakterisering van die valensiemorfeem

Wanneer 'n taalverskynsel met behulp van konstrakte uit die KG beskryf word, is dit noodsaaklik om sekere kognitiewe prosesse te oorweeg (Van Huyssteen, 2005a:128). Hierdie kognitiewe prosesse sluit in **simbolisering** (die vorming van vorm-betekenispare), **komposisie** (hoe komposisiestrukture gevorm word), **kategorisering** (waar 'n taalverskynsel in die netwerk van taalverskynsels inpas), **skematisering** (die abstrahering van gemeenskaplikhede in taalgebruik) en **vestiging** (hoe maklik 'n konstruksieskema geaktiveer word om nuwe, soortgelyke konstruksies te vorm). Die valensiemorfeem is in terme van simbolisering 'n vorm-betekenispaar waarvan die vorm gespesifiseer en die betekenis hoogs skematies is (sien die definisie wat aan die einde van hoofstuk 2 geformuleer is). Die beskrywing van die sistematiek van die valensiemorfeem kan gesien word as 'n beskrywing van die skematisering daarvan – die hoofdoel van hierdie hoofstuk. In hierdie studie geniet veral komposisie en vestiging ook aandag, aangesien hierdie twee prosesse sentraal staan by die karakterisering van die valensiemorfeem in Afrikaans.


3.3.1 Komposisie

As kognitiewe proses behels komposisie die samevoeging van komponentstrukture om komplekser komposisiestrukture te vorm. Die wyse van verbinding en die verhouding tussen die komponentstrukture speel 'n belangrike rol. Verder behels komposisie die identifisering van ooreenkomste tussen die komponentstrukture se substrukture, die uitleg van die komposisionele roete wat die komponentstrukture volg ten einde die komposisiestruktuur te vorm, en die onderskeid tussen afhanklike en onafhanklike komponentstrukture (Butler, 2014:55; Van Huyssteen, 2005a:128-131). Komposisie sluit ander konsepte in, soos konstruksieprofielering, semantiese en fonologiese afhanklikheid, en konstituering.

3.3.1.1 Konstruksieprofielering

Die eerste aspek van komposisie wat oorweeg word, is **konstruksieprofielering**. Dit behels die vestiging van aandag op 'n spesifieke substruktuur binne 'n konseptuele basisstruktuur (Langacker, 2013:66). Om dit met betrekking tot komplekse konstruksies te stel, kan 'n mens sê die kern van die kompleks tree as die **profiel-determinant** daarvan op (Van Huyssteen, 2005a:129). Neem byvoorbeeld [AREND·LK·KLOU/arend·s·klou] teenoor [AREND·LK·OOG/arend·s·oog]: Albei roep die beeld van 'n arend op (basisstruktuur), maar verskillende aspekte (substrukture) van die arend word beklemtoon, te wete die klou en die oog. Dieselfde geld vir ander komplekse soos [SWEMM·NR/swemm·er] waarin die klem geplaas

word op die persoon wat swem deur die gebruik van [NR/-er], wat as persoonsvormende profieldeterminant dien. Die profieldeterminant word die **trajektor** genoem en die ander komponentstruktuur die **landmerk**. In [AREND-LK-KLOU/arend-s-klou] is [AREND/arend], as basisstruktuur, die landmerk en [KLOU/klou], as kern en spesifieke substruktuur, die trajektor. Die trajektor en landmerk word in die analyseskemas van mekaar onderskei deur verskillende etikette ("tr" en "lm"); die trajektor word donkerder omlin; die landmerk word met die komponentstruktuur verbind met 'n stippelpyl; en die trajektor word met 'n soliede pyl aan die komponentstruktuur verbind. Figuur 3-6 dien as voorbeeld van hierdie sketskonvensies.



Figuur 3-6: Analiseskema van [AREND-LK-KLOU/arend-s-klou]

In hierdie studie word die komposita se konstrusieprofilerings op die konseptuele pool gedoen aan die hand van die semantiese verhoudings geïdentifiseer in Verhoeven *et al.* (2014:28-50). Figuur 3-6 is 'n voorbeeld van die deel-geheelverhouding wat deur Verhoeven *et al.* (2014:38) beskryf word. In [AREND-LK-KLOU/arend-s-klou] is [KLOU/klou] 'n onderdeel/komponent van [AREND/arend] en dit word in die konseptuele voorstelling met 'n klein sirkel binne 'n groter sirkel uitgebeeld. Die stippellynboë dien as ooreenkomslyne wat aandui dat [KLOU/klou] (klein sirkel) die deel van die [AREND/arend] (groot sirkel) is waarop gefokus word.

Daar word in meer besonderhede uitgebrei op hierdie semantiese kategorieë in afdeling 3.4.2 en in Addendum A.

Wat by konstruksieprofielering belangrik is, is om te bepaal hoe die komponentstrukture op 'n konseptuele vlak bydra tot die inhoud van die komposisiestruktuur. Komplekse konstruksies moet as konstruksies op hulle eie beskou word, nie bloot as 'n somtotaal van die komponentstrukture wat kombineer om hulle te vorm nie (Van Huyssteen, 2005a:128). Die teenoorgestelde behoort ook te geld, naamlik dat bykomende komponentstrukture waarvan die objektiewe/afsonderlike konseptuele inhoud beperk is, nie noodwendig geen effek op die uiteindelijke komposisiestruktuur het nie.

Langacker (2013:187-189) bespreek **oortolligheid** (*redundancy*) as 'n wyse waarop ekstra leidrade gegee word oor die betekenis van 'n uitdrukking – dit kom daarop neer dat verskillende komponentstrukture in 'n komposisiestruktuur dieselfde/soortgelyke inligting oordra. Daar is byvoorbeeld in beide [AREND·LK·KLOU/arendsklou] en [UIL·KLOU/uil·klou] sprake van 'n deel-geheelverhouding tussen die komponentstrukture, ten spyte van die teenwoordigheid van 'n valensiemorfeem in eersgenoemde en die gebrek daaraan in laasgenoemde. Die semantiese strukture van die komposita is eenders, maar die valensiemorfeem in eersgenoemde kan moontlik as 'n historiese (maar oortollige) leidraad in die verhouding tussen die konstituente beskou word. Die valensiemorfeem dra só gesien slegs indirek (versweë) by tot die inhoud van komposisiestrukture op die konseptuele pool.

Op die vraag waarom daar oortolligheid in grammatika is, sê Braunmüller (2015:16) dat oortolligheid en vaagheid in grammatikale voorstellings daarvoor sorg dat soortgelyke grammatikale funksies mekaar kan vervang sonder enige ernstige gevolge vir die funksionering van 'n taal. Wit en Gilette (1999:12) identifiseer ses moontlike funksies van oortolligheid:

- om begrip te verhelder;
- dubbelsinnigheid te voorkom;
- 'n sekere eienskap uit te lig;
- kontrasterende posisies aan te dui;
- iets te beklemtoon; en
- om 'n poëtiese effek te skep.


Die valensiemorfeem kan as voorbeeld dien van 'n meganisme om 'n sekere eienskap (byvoorbeeld 'n besitsgenitiewe verhouding tussen die komponente) van komplekse konstruksies te isoleer/beklemtoon. Oortolligheid as 'n taalverskynsel behoort in die toekoms in die beskrywing van die valensiemorfeem meer aandag te geniet en word in hoofstuk 5 as toekomstige tema in die vooruitsig gestel.

3.3.1.2 Semantiese en fonologiese afhanklikheid


Valensiemorfeme is hoogs afhanklik op sowel die konseptualiserings- as realiseringsvlak (Van Huyssteen, 2010:108). Die graad van afhanklikheid van valensiemorfeme strek so ver dat daar twee onafhanklike komponentstrukture, of een onafhanklike en een afhanklike komponentstruktuur aan die valensiemorfeem moet verbind om dit moontlik te maak vir die valensiemorfeem om te kan funksioneer. In hierdie opsig is valensiemorfeme anders as ander affikse wat kan funksioneer deur slegs aan een ander onafhanklike komponentstruktuur te verbind (Langacker, 2013:199-202). Figuur 3-7 en Figuur 3-8 beeld die analiseskemas van twee vergelykbare afleidings, [WERK·NR/werk·er] en [LEER·LK·NR/leer·d·er], uit. In eersgenoemde verbind slegs die een onafhanklike komponentstruktuur/stam en die afhanklike komponentstruktuur/suffiks. In laasgenoemde verbind hierdie twee komponentstrukture ook, maar die valensiemorfeem as bykomende afhanklike komponentstruktuur verbind eers met die suffiks, alvorens dit met die onafhanklike komponentstruktuur verbind (Combrink, 1990:172). Dit illustreer die afhanklike aard van die valensiemorfeem en spesifiek hoe die valensiemorfeem eers aan 'n ander konstruksie (in die geval van nonkomposita met 'n affiks) moet verbind alvorens dit deel kan vorm van die uiteindelige komponentstruktuur.

In die beskrywing van die valensiemorfeem staan die fonologiese en semantiese afhanklikheid daarvan sentraal. Die stamallomorf ([AREND·LK./arend·s·]) in Figuur 3-6 en suffiksallomorf ([LK·NR/-d·er]) in Figuur 3-8 dien as illustrasie. In eersgenoemde verbind die valensiemorfeem aanvanklik met [AREND/arend] en het dit 'n semantiese en fonologiese afhanklike komponentstruktuur (d.i. 'n stamallomorf) tot gevolg, waar die stam aanvanklik volkome onafhanklik was. 'n Bykomende komponentstruktuur móét met hierdie woorddeel verbind om dit genoegsaam onafhanklik te maak om as komplekse woord te funksioneer. In die geval van Figuur 3-8, waar [NR/-er] met die ·d·-valensiemorfeem verbind het, verskil die effek van die valensiemorfeem effens. Die verskil is dat die komponentstruktuur waarmee die valensiemorfeem verbind reeds afhanklik was en eintlik net fonologiese kompleksheid geword het. 'n Verduideliking vir hierdie fonologiese komplisering, naamlik die inbou van 'n nuwe sillabe of die versterking van 'n bestaande een, is in afdeling 2.2.3 bespreek. Die inhoud van

die affiks word ook nie semanties geaffekteer nie, weens die gebrek aan 'n tweede onafhanklike komponentstruktuur wat as uitbreiding kan dien.




Figuur 3-7: Analiseskema van [WERK-NR/werk-er]




Figuur 3-8: Analiseskema van [LEER-LK-NR/leer-d-er]

Met betrekking tot fonologiese afhanklikheid toon Figuur 3-9 en Figuur 3-10 'n vereenvoudigde wyse van voorstelling op die pool van realisering. Die "T"-etiket (en gepaardgaande pyl) verteenwoordig die temporele volgorde waarin komponentstrukture deur 'n gebruiker gerealiseer word (Langacker, 2013:163). Die ander pyle wys, soos in Figuur 3-6, in die rigting van die komponente wat die profieldeterminant uitbrei. Die blok rondom [AREND/arend] en [LK/-s-] dui op die **fonologiese eenheid** wat die valensiemorfeem en die morfeem wat dit voorafgaan, vorm (Kempen, 1969:94). In die geval van nonkomposita, soos in Figuur 3-10, is die fonologiese samestelling kompleks. In Figuur 3-10 word aangetoon hoe die valensiemorfeem 'n suffiksallomorf skep – en so 'n fonologiese eenheid – van die suffiks [ADJR/-lik], maar in terme van sillabifikasie vorm die valensiemorfeem deel van die onafhanklike komposisiestruktuur. Die stippelblok rondom die stam en valensiemorfeem dui hierdie verhouding aan. Labrune (2014) wys daarop dat allomorfie en valensiemorfeemgebruik verskillende prosesse is wanneer komposita gevorm word en apart bestudeer behoort te word. Hierdie navorsingsmoontlikheid word in hoofstuk 5 in die vooruitsig gestel.



Figuur 3-9: Realiseringskema van [AREND-LK-KLOU/arend-s-klou]



Figuur 3-10: Realiseringskema van [VRIEND-LK-ADJR/vriend-e-lik]

3.3.1.3 Konstituering

Konstituering behels die wyse en volgorde waarin komposisiestrukture se komponente verbind. Volgens Tuggy (2005:257-258) gaan dit veral oor hóé komponentstrukture verbind, eerder as die volgorde waarin hulle verbind. Boomdiagramme/hiërargiese voorstellings kan gebruik word om die verskillende vlakke van konstituering uit te beeld (Langacker, 2013:205-207). Anders as in die generatiewe grammatika, waar boomdiagramme as "autonomous grammatical primitives" (Langacker, 2003:55-57) beskou word, word die boomdiagramme in die KG slegs as heuristiese hulpmiddels gebruik om die simboliese verbinding van konsepte te help verduidelik. Die valensiemorfeem in Afrikaans verbind eerste met óf 'n onafhanklike komponentstruktuur (soos [AREND/arend] in [AREND·LK·KLOU/arend·s·klou]), óf 'n afhanklike komponentstruktuur (soos [NR/·er] in [LEER·LK·NR/leer·d·er]). Daar is egter onsekerheid oor hierdie wyse van verbinding, waarvoor daar in die taalkunde twee standpunte bestaan.

Die **binêrevertakkingshipotese** (BVH) waarna in die inleiding tot hierdie studie verwys is (kyk afdeling 1.4), word voorgestel as die oplossing vir die konstitueringsvraagstuk. Dit het in die generatiewe taalkunde ontwikkel om die kompleksiteit van grammatika en die onderlinge verhoudings tussen komponente te beperk en ondubbelsinnig te hou (Guevara, 2007:1-2). Guevara (2006) vergelyk die BVH met die alternatief, naamlik die **eenvoudigersintaksishipotese** (ESH). Die ESH, voorgestel as 'n eenvoudiger wyse van analise deur Culicover en Jackendoff (2005), blyk egter net so vaag en ongeverifieerd as die BVH te wees. Die aanname van die een hipotese sluit noodgedwonge die ander uit (Guevara, 2007:3-4, 7). Langacker (2003:58) wys daarop dat albei wyses van konstituering geldig is en dat die kruks eintlik die eksplisering van die verhouding tussen die konstituente, op watter wyse ook al, is. Dis egter duidelik dat nog ondersoek nodig is en dit word weer genoem in hoofstuk 5 as toekomswerk. Vir doeleindes van hierdie studie word die BVH as aanname aanvaar en in navolging van die bestaande tradisie in die Afrikaanse morfologie gebruik.⁸ Beide links- en regsvertakkings word toegelaat, soos verduidelik is in afdeling 1.4.

3.3.2 Vestiging

Die laaste kognitiewe proses wat ook bespreking regverdig, is **vestiging**. Vestiging hou direk verband met die gemak waarmee 'n sekere konstruksieskema geaktiveer word, hetsy as gevestigde konstruksieskema met eenheidstatus, of by die vorming van nuwe konstruksie-

⁸ Sien Kempen (1969) en Combrink (1990).

skemas (Butler, 2014:60). Algemeenheid en produktiwiteit is twee van die tersaaklike onderdele van vestiging.

3.3.2.1 Algemeenheid

In die KG kan algemeenheid twee betekenis hê: Eerstens met betrekking tot die konstruksieskema se aard; en tweedens met betrekking tot die spreiding daarvan. In terme van die aard van die konstruksieskema sal [DIER·LK·AANSYN/x·y·z] algemener wees as [AREND·LK·KLOU/arend·s·klou], omdat eersgenoemde vir meer moontlikhede as eerste komponentstruktuur voorsiening maak (Langacker, 2013:244), byvoorbeeld [BY·LK·ANGEL/by·e·angel] en [HOND·LK·OOR/hond·e·oor].

In terme van die spreiding van die konstruksieskema is die konstruksieskema [AANSYN·AANSYN/x·z] algemener as [AANSYN·LK·AANSYN/x·y·z], omdat laasgenoemde skema op 'n beperkter gedeelte van Afrikaanse komplekse van toepassing is. In hierdie studie word daar verwys na die definisie van algemeenheid in hierdie paragraaf. Van Huyssteen (2005a:133) wys daarop dat algemeenheid nie 'n voorvereiste is vir 'n konstruksieskema nie, aangesien 'n minder algemene konstruksieskema steeds produktief kan wees.

3.3.2.2 Produktiwiteit

Produktiwiteit kom ter sprake wanneer 'n mens vra tot watter mate 'n gekonstrueerde konstruksieskema beskikbaar is vir die vorming van nuwe konstruksies. 'n Voorbeeld van 'n konstruksieskema wat uiters produktief is, al is die algemeenheid daarvan beperk, is [AANSYN·NR·LK·AANSYN/x·er·s·z]. Komplekse konstruksies soos [WERK·NR·LK·BOND/werk·er·s·bond], [KUIP·NR·LK·WINKEL/kuip·er·s·winkel] en [SWERW·NR·LK·LEWE/swerw·er·s·lewe] is met behulp van hierdie konstruksie gevorm. Op soortgelyke wyse kan (TIK·NR·LK·VERSLAG/tik·ster·s·verslag) gevorm word. Algemeenheid en produktiwiteit is dus eienskappe wat die uitbreiding van skemas bevorder en bydra tot die uitbreiding van kategoriseringsnetwerke. 'n Konstruksieskema soos die valensiemorfeemskema is op soortgelyke wyse nie so algemeen nie, maar wel produktief.

3.3.3 Samevatting

In die KG is daar 'n aantal konstruksies wat belangrik is vir die beskrywing van die valensiemorfeem in Afrikaans, insluitend konstruksies, komposisie en vestiging. Tot dusver is daar ingegaan op hierdie konstruksies en hoe hulle bydra tot die karakterisering van die valensiemorfeem. Daar is byvoorbeeld beskryf hoe die valensiemorfeem met betrekking tot

oortolligheid konseptueel hoogs skematies is, en hoe die valensiemorfeem fonologies en semanties afhanklik is. Met betrekking tot konstituering blyk die BVH die vertroude wyse van voorstelling vir die valensiemorfeem te wees. Dit is ook duidelik dat die valensiemorfeem-konstruksie nie so algemeen is in Afrikaans nie, maar wel produktief is. Vervolgens vind hierdie teoretiese bespreking praktiese toepassing in die postulering van 'n kategoriseringsnetwerk vir die valensiemorfeem.

3.4 Kategoriseringsnetwerk van die valensiemorfeem

Ten einde 'n kategoriseringsnetwerk vir die valensiemorfeem in Afrikaans op te stel, word konstruksieskemas op die pool van realisering en konseptualisering benodig. Hierdie konstruksieskemas moet gebaseer word op geannoteerde, gebruiksgebaseerde data, soos vereis word vir 'n KG-onderzoek (Van Huyssteen, 2005a:135) en soos reeds in die inleiding tot hierdie hoofstuk uitgewys is. Gebruiksdata staan dus sentraal in 'n KG-onderzoek, omdat werklike taalpatrone nodig is om enige tendense raak te sien, te verklaar en te voorspel. In hierdie studie waarin die Afrikaanse valensiemorfeem bestudeer word, geld dit ook. Juis vir hierdie doeleindes is daar gebruik gemaak van meerdere databronne om 'n verteenwoordigende beeld van valensiemorfeemgebruik in Afrikaanse komposita, afleidings en fleksievorme te gee.

Die twee datastelle wat die basis van die kategoriseringsnetwerke vorm, is die kompositumdatastel en nonkompositumdatastel. Die samestelling van hierdie datastelle is breedvoerig in afdeling 1.5.2 bespreek en die kwantitatiewe opsomming van hierdie datastelle verskyn in Tabel 3-1. Die kategoriseringsnetwerke word deur drie ander bronne aangevul, naamlik die datagebaseerde studies van Kempen (1969) en Combrink (1990), asook die reëls vir die gebruik van die valensiemorfeem in Afrikaans wat in die AWS (Taalkommissie, 2009) geformuleer is. Na aanleiding van hierdie data sal die kategoriseringsnetwerke eers op die realiseringspool en daarna op die konseptualiseringspool beskryf word.

Tabel 3-1: Opsomming van datastelle wat in die studie gebruik word

Datastel	Aantal komplekse
Kompositumdatastel	288
Nonkompositumdatastel	72
	360

3.4.1 Beskrywing: Realiseringspool

Om die realiseringspool van die valensiemorfeem in Afrikaans te kan beskryf, moet die datastelle ontleed word om die valensiemorfeme (soos hulle in komplekse gerealiseer is) te identifiseer. Daar sal afsonderlik na valensiemorfeme in komposita en valensiemorfeme in ander komplekse gekyk word. Dit moet van meet af gestel word dat die **konstruksieskemas** wat voorgestel word, gebaseer is op sowel die twee **datastelle** as beskikbare **literatuur** (wat die AWS en die literatuur in hoofstuk 2 insluit), aangesien die datastelle relatief klein is.

3.4.1.1 Valensiemorfeem in komposita


In die kompositumdatastel kom die *·s·*-valensiemorfeem en koppelteken duidelik na vore as die valensiemorfeme wat die meeste gebruik word (met 'n gekombineerde totaal van 268 (93%) uit die moontlike 288 komposita). Combrink (1990:272) bevestig dat die *·s·*-valensiemorfeem die volopste is in Afrikaans. In die onlangse ondersoek van Van Huyssteen (2005b), was die *·s·*-valensiemorfeem in 82% van die komposita teenwoordig, maar die koppelteken slegs in byna 5%. Die spreiding van valensiemorfeme in die datastel verskyn in Tabel 3-2.

Tabel 3-2: Kwantitatiewe ontleding van valensiemorfeme in die kompositumdatastel

LK	Voorbeeld	Aantal
<i>·s·</i>	<i>mag·s·balans</i>	164
<i>··</i>	<i>rune··inskripsie</i>	104
<i>·e·</i>	<i>neut·e·dop</i>	14
<i>·ns·</i>	<i>lewe·ns·probleme</i>	4
<i>·er·</i>	<i>kind·er·naam</i>	1
<i>·n·</i>	<i>lewe·n·styl</i>	1
		288

Op grond van die data in die kompositumdatastel is dit moontlik om algemene konstruksieskemas van die valensiemorfeem in Afrikaanse komposita te postuleer (Figuur 3-11). Duidelik te sien is die donker omlýning om die *·s·*-valensiemorfeem en koppelteken om die prototipiese aard daarvan aan te dui: Hoe donkerder die omlýning, hoe meer komplekse was daar wat die betrokke valensiemorfeem bevat het. Die "stam"-etikette verteenwoordig onafhanklike stamme (woorde) wat in die skema ingevoeg kan word, die "LK"-etiket verteenwoordig die valensiemorfeem, die "allo"-etiket die allomorf wat met behulp van die valensiemorfeem gevorm word, en die "same"-etiket die resultaat van die samestellingsproses.

Soos in afdeling 2.2.6 genoem (en in afdeling 4.2.3 bespreek sal word), bestaan daar spelreëls met betrekking tot die gebruik van die *-s-*-valensiemorfeem en die koppelteken en ontbreek soortgelyke reëls vir die ander valensiemorfeme. Die effek van hierdie reëls is dat daar 'n sentrale(r) rol aan hierdie twee valensiemorfeme gegee word by die vorming van komplekse as aan ander valensiemorfeme. Die rol wat die koppelteken vervul met betrekking tot ortografie, leesbaarheid en semantiek (Taalkommissie, 2009:168-169), noodsaak die gebruik daarvan in bepaalde kontekste; soms sonder inagneming van semantiese oorwegings en ander kere sonder inagneming van leesbaarheid. Hierdie studie dien ook as bevestiging van die belangrikheid van dié valensiemorfeem.



Figuur 3-11: Algemeenste realiseringskonstruksieskemas van die valensiemorfeem in Afrikaanse komposita

Die *-er-*-valensiemorfeem, *-n-*-valensiemorfeem en *-ns-*-valensiemorfeem (wat in altesaam ses komposita voorkom), blyk hoogs uitsonderlik te wees. Vir doeleindes van hierdie studie

word die *·n·*-valensiemorfeem geag verwant te wees aan die Nederlandse infinitiefvorm of substantivering van 'n werkwoord. Die *·ns·*-valensiemorfeem word beskou as 'n kombinasie van die genoemde infinitiefvorm en die *·s·*-valensiemorfeem in Afrikaans.⁹ Die *·er·*-valensiemorfeem (wat in hierdie datastel net voorkom in [KIND·LK·NAAM/kind·er·naam]) blyk spesifiek aan 'n uitgesoekte aantal stamme (wat onder andere [KIND/kind], [KALF/kalf] en [SUID/suid] insluit) gekoppel te wees (Combrink, 1990:249). Die enkele stamme wat blyk met hierdie valensiemorfeem voor te kom, maak ook deel uit van die kategoriseringsnetwerk in Figuur 3-12 (in die blok wat met 'n "KCA"-etiket gemerk is; die "KCA"-etiket word gebruik om aan te dui dat dit gevalle is wat deur Kempen (1969), Combrink (1990) en die AWS (2009) geïdentifiseer word).

Behalwe vir die algemene skemas, word daar volgens die KG ook op laervlakskemas gesteun vir die opbou van kategoriseringsnetwerke. Die linkerstamme wat drie of meer keer in die kompositadatastel voorkom (drie keer word beskou as voldoende gegewe die klein datastel), verskyn in Tabel 3-3.

Tabel 3-3: Stamme wat drie keer of meer in die kompositumdatastel met spesifieke valensiemorfeme voorkom

Stam	LK	Aantal keer gebruik
<i>staat</i>	<i>·s·</i>	8
<i>dorp</i>	<i>·s·</i>	5
<i>foto</i>	<i>··</i>	5
<i>regering</i>	<i>·s·</i>	5
<i>verkeer</i>	<i>·s·</i>	5
<i>handel</i>	<i>·s·</i>	4
<i>lewe</i>	<i>·ns·</i>	4
<i>liggaam</i>	<i>·s·</i>	4
<i>radio</i>	<i>··</i>	4
<i>volk</i>	<i>·s·</i>	4
<i>beroep</i>	<i>·s·</i>	3
<i>eenheid</i>	<i>·s·</i>	3
<i>gebied</i>	<i>·s·</i>	3
<i>ingenieur</i>	<i>·s·</i>	3
<i>kruis</i>	<i>·e·</i>	3
<i>luitenant</i>	<i>··</i>	3
<i>omgewing</i>	<i>·s·</i>	3
<i>reg</i>	<i>·s·</i>	3
<i>vrou</i>	<i>·e·</i>	3

9 Vir doeleindes van hierdie studie en om leesbaarheid te vergemaklik, word volstaan by die voorstelling van valensiemorfeme soos dit in Figuur 3-11 aangetoon word. Streng gesproke moet die netwerk vertoon soos dié van Tuggy (2003:27) en Van Huyssteen (2005a:133).


Dertien uit die negentien linkerstamme in die tabel kombineer met die *·s-*-valensiemorfeem. [STAAT/staat], met 'n frekwensie van agt, vereis heel pertinent die *·s-*-valensiemorfeem wanneer dit in komplekse gebruik word. Drie van die negentien komponentstrukture, naamlik [FOTO/foto], [RADIO/radio] en [LUITENANT/luitenant], blyk koppeltekeneisers te wees wanneer hulle as eerste stamme in komposisiestrukture verbind. Die eerste twee komponentstrukture, naamlik [FOTO/foto] en [RADIO/radio], verbind met tweede komponentstrukture wat ook met vokale begin en laasgenoemde komponentstruktuur, naamlik [LUITENANT/luitenant], verbind met ander rangbenamings; hierdie verskil in koppeltekeningeblyk word later in hierdie afdeling bespreek.

In plaas daarvan dat daar vir elke kompleks 'n volledige konstruksieskema in Figuur 3-12 opgestel word, word die stamme wat die meeste in die datastel voorgekom het deur middel van 'n stippellyn met die relevante valensiemorfeemkonstruksieskema verbind. ([LIGGAAM/liggaam], [VOLK/volk] en [BEROEP/beroep]) vorm byvoorbeeld deel van die blok wat met die eerste uitbreidingsterrein verbind, wat aandui dat hierdie komponentstrukture in die datastel prototipies met die *·s-*-valensiemorfeem voorkom. Sulke gevalle word met die "Data"-etiket gemerk.

Buiten die datastelle, is daar ook literatuur (waarna in die inleiding tot hierdie afdeling verwys is) wat in ag geneem word by die opstel van konstruksieskemas vir die valensiemorfeem. Die blok wat "KCA" in Figuur 3-12 (en verdere figure) gemerk is, bevat gespesifiseerde komponentstrukture wat deur taalkundiges (Kempen (1969:103-105), Combrink (1990:247-250)) en die Taalkommissie (2009) geïdentifiseer is wat met valensiemorfeme voorkom. Die bydrae wat die Taalkommissie (2009) maak in Figuur 3-12 is beperk tot [HALWE/halwe], [WAARDIG/waardig] en [WEE/wee] wat as tweede komponentstrukture optree saam met die *·s-*-valensiemorfeem. Die res van die komponentstrukture is onttrek uit die datastel wat ondersoek is, asook die studies van Combrink (1990) en Kempen (1969).

1(g) Kempen en Combrink kon egter nie gebruik word om die koppeltekenskema aan te vul nie, aangesien hulle nie koppeltekens as valensiemorfeme ag nie. In Afrikaans bestaan daar egter skryfwysreëls met betrekking tot die gebruik van die koppelteken. Drie van die reëls met betrekking tot die gebruik van koppeltekens in Afrikaanse komposita kan soos volg opgesom word:

1(a) Wanneer 'n syfer, simbool, letternaamwoord, afkorting of akroniem as 'n komponent van 'n kompositum gebruik word, word dit met 'n koppelteken aan die res van die kompositum verbind (reël 7.1, 12.8 en 12.9);



Figuur 3-12: Die algemene en spesifieke realiseringskonstruksieskemas in die kompositumdatastel


- 1(b) In komposita waar daar 'n opeenhoping van dieselfde of verskillende vokale is, kan 'n woord verkeerd gelees word en moet 'n koppelteken tussen die dele ingevoeg word (reël 12.1); en
- 1(c) As daar 'n spesifieke betekenisverhouding tussen die komponente van 'n kompositum bestaan (wat insluit 'n neweskikkende verhouding), moet 'n koppelteken tussen die komponente gebruik word (reël 12.7).
- 1(h) Hierdie skryfwysreëls (Taalkommissie, 2009:74-76, 81-82) word in Figuur 3-13 voorgestel. "SSLAA" staan vir enige syfer, simbool, letternaamwoord, afkorting of akroniem en "K_i" vir dieselfde vokaal wat die laaste letter in die eerste komponentstruktuur en eerste letter in die tweede komponentstruktuur is. In die tweede blok van Figuur 3-13 is die vokale identies (beide aangedui met K_i, terwyl die twee vokale in die onderste blok nie identies is nie (onderskeidelik aangedui met K_i en K_j). Wat koppeltekeningebruk in die datastel betref, verteenwoordig [FOTO·LK·OMSLAG/foto·-·omslag] en [RADIO·LK·INGENIEUR/radio·-·ingenieur] die tweede reël, aangesien albei komponentstrukture met ander komponentstrukture verbind wat aanvangsvokale (identies of verskillend) het. Daar bestaan ook spelreëls vir die gebruik van 'n koppelteken wanneer komponentstrukture met 'n neweskikkende verhouding verbind (waarvan [LUITENANT·LK·KOLONEL/luitenant·-·kolonel] as voorbeeld uit die datastel dien). Hierdie reël word in die heel onderste blok in Figuur 3-13 voorgestel en word in afdeling 3.4.2.1 verder bespreek.

In Figuur 3-14 word Figuur 3-12 en Figuur 3-13 gekombineer om 'n geheelbeeld te gee van die realiseringspool van die valensiemorfeem vir Afrikaanse komposita. In hierdie figuur verskyn die konstruksieskemas van die koppeltekenreëls saam met die skemas wat uit die data blyk, al word elkeen van die reëls nie in die data verteenwoordig nie. Die ·s·-valensiemorfeem en koppelteken word as die produktiefste valensiemorfeem in Afrikaanse komposita aangedui, terwyl dit lyk asof die ·ns·-valensiemorfeem spesifiek (en moontlik slegs) met die stam [LEWE/lewe] voorkom. Die koppeltekenspelreëls is die mees gespesifiseerde skemas in die netwerk.

3.4.1.2 Valensiemorfeme in nonkomposita

Dit moet benadruk word dat die valensiemorfeme in fleksievorme en afleidings suiwer fonologies gemotiveerd is. Dit word in afdeling 3.3.1.2 genoem en in Combrink (1990:272)

bespreek. Die valensiemorfeemgebruik in afleidings en fleksievorme is aan die hand van die nonkompositumdatastel ondersoek en word kwantitatief in Tabel 3-4 opgesom.




1(i)

Figuur 3-13: Konstruksieskemas vir die reëls vir die gebruik van die koppelteken in Afrikaanse komposita

Die *·d·*-valensiemorfeem kom die meeste voor in afleidings en fleksievorme; soos in die geval van komposita is die valensiemorfeem wat die meeste in die nonkompositumdatastel voorkom ook 'n konsonant. Die schwa (en variasies daarop) kom die tweede meeste voor. Die *·e·*-valensiemorfeem, *·en·*-valensiemorfeem en *·n·*-valensiemorfeem is omtrent gelyk wat betref gebruik, met die koppelteken en *·er·* wat, as 'n mens slegs die datastel in ag neem, uitstaan as hoogs onwaarskynlik wanneer afleidings of fleksievorme gevorm word.¹⁰ Die *·er·*-valensiemorfeem kom in die nonkompositumdata net voor met [KIND/kind] as eerste stam in die fleksievorm [KIND·LK·PL/kind·er·s]. Ander voorbeelde van nonkomposita wat met 'n *·er·*-valensiemorfeem voorkom, sluit [OOST·LK·LING/Oost·er·ling] en [KALW·LK·ADJR/kalw·er·agtig] in. Die stamme wat Combrink (1990:249) identifiseer wat die *·er·*-valensiemorfeem vereis, verskyn soos in die kompositumkategoriseringsnetwerk, ook in die nonkompositumkategoriseringsnetwerk.

¹⁰ Daar word, as deel van die kommentaar op spelreël 5.1, voorsiening gemaak vir die gebruik van koppeltekens in afleidings soos sebra-agtig (Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 2009:26), maar voorbeelde daarvan ontbreek in die nonkompositumdatastel.



Figuur 3-14: Kategoriseringsnetwerk van die realiseringspool van die valensiemorfeem in Afrikaanse komposita

Tabel 3-4: Kwantitatiewe ontleding van valensiemorfeme in die nonkompositumdatstel

LK	Voorbeeld	Aantal
·d·	<i>uitvoer·d·er</i>	23
·e·	<i>feit·e·lik</i>	16
·n·	<i>rede·n·eer</i>	12
·en·	<i>wes·en·lik</i>	13
·--·	<i>nie·--·ingesetene</i>	4
·er·	<i>kind·er·s</i>	4
		72

Uit die beskikbare data kom dit voor asof die kombinasie van 'n stam wat op [...EER/...eer] eindig en die ·er·-suffiks, hetsy [CMP/·er] of [NR/·er], die gebruik van die ·d·-valensiemorfeem tot gevolg het. Die ·e·-valensiemorfeem is ook geneig om nie soseer van die sillabe wat dit voorafgaan afhanklik te wees nie, maar eerder van die suffiks wat gebruik word, naamlik [ADJR/·lik]. In Figuur 3-15 word hierdie fonologiese omgewings, soortgelyk aan die benadering wat met komposita in afdeling 3.4.1.1 gevolg is, in konstruksieskemas voorgestel. Die verskille in die sketskonvensies van die afleidings en fleksievorme, teenoor die skemas van die komposita, is die "suf"-etiket wat dui op suffikse, die "pre"-etiket wat 'n prefiks aandui en die "aff"-etiket wat afleidings of fleksievorme (geaffigeerde vorme) aandui.


Dit is moeilik om afleidings uit die nonkompositumdatstel te maak as gevolg van die beperkte omvang daarvan. Om hierdie rede word daar van ander bronne gebruik gemaak in die uitbreiding van die valensiemorfeemkonstruksieskemas van nonkomposita. Combrink (1990:246-247, 249-250) identifiseer slegs een prefiks en 'n aantal suffikse in Afrikaans wat met 'n valensiemorfeem voorkom. Die enigste prefiks wat volgens hom 'n valensiemorfeemeiser is, is [ADJR/·a] soos in die geval van [ADJR·LK·ORGANIES/a·n·organies]. Voorbeelde hiervan ontbreek in die nonkompositadatstel. Volgens Combrink (1990:259) is die vereistes vir hierdie vorm van die ·n·-valensiemorfeem dat die komponentstruktuur waarmee dit verbind met 'n vokaal of 'n "h" begin (soos in [A·N·ORGANIES/a·n·organies] en [A·N·HIDRIED/a·n·hidried]) en van Griekse herkoms moet wees. Die koppelteken kom ook in die data voor as 'n valensiemorfeem wat saam met die prefiks [NIE/nie] optree. Volgens die AWS (Taalkommissie, 2009:76) kan die koppelteken egter met 'n aantal ander prefikse (soos *bi·*, *ko·* en *hidro·*) ook voorkom. Hierdie valensiemorfeme kom in Figuur 3-15 voor saam met die ander meer prototipiese valensiemorfeemkonstruksieskema en hulle word met 'n ooreenkomslyn verbind, aangesien hulle gelykwaardige konstruksieskemas is.

In die nonkompositumdatastel word minder as die helfte van die suffikse wat deur Combrink en Kempen geïdentifiseer is dat hulle saam met valensiemorfeme voorkom, verteenwoordig. Hierdie gebrek is te wyte aan die beperktheid van die datastel eerder as die afwesigheid van hierdie vorme in hedendaagse taalgebruik. Die suffikse met valensiemorfeme wat Combrink (1990:250) identifiseer, word in 'n blok soortgelyk aan die blokke wat met stippellyne in Figuur 3-14 geskets is, in Figuur 3-15 ingesluit en is met die "KCA"-etiket gemerk. Die suffikse wat slegs Combrink identifiseer, sluit in [NR/-ling] soos in [DRENK·LK·NR/drenk·e·ling]; [ADJR/-loos] soos in [SINN·LK·ADJR/sinn·e·loos]; [NR/-nis] soos in [BELYD·LK·NR/belyd·e·nis]; [ADJR/-rig] soos in [BLOED·LK·ADJR/bloed·e·rig]; en [NR/-ry] soos in [STAPP·LK·NR/stapp·e·ry].

Aangesien die fonologiese aspekte by valensiemorfeemgebruik in afleidings en fleksievorme 'n primêre rol speel, is die realiseringspool by nonkomposita kompleks as by komposita. Daar is noodgedwonge in meer detail op die struktuur van nonkomposita op die realiseringspool ingegaan, omdat vorige taalkundige beskrywings wat in hoofstuk 2 bespreek is die moontlikheid van 'n konseptuele invoer by valensiemorfeme in nonkomposita totaal uitgesluit het.

3.4.2 Beskrywing: Konseptualiseringspool

Enige kategoriseringsnetwerk bestaan nie net uit 'n realiseringspool nie, maar ook 'n konseptualiseringspool. Laasgenoemde pool behels 'n ontleding van die semantiese omgewings waarin die valensiemorfeem voorkom en dui aan of valensiemorfeme self ook 'n semantiese bydrae maak. Daar is herhaaldelik in hierdie studie beklemtoon dat die valensiemorfeem prototipies semanties leeg is (vergeelyk onder andere afdeling 2.2.8, 2.3.4 en 2.4.2). Figuur 3-16 verteenwoordig die konstruksieskema van die valensiemorfeem op die konseptualiseringspool in enige Afrikaanse kompleks. Die arsering en ellipsteken illustreer die hoogs skematies semantiese inhoud van die valensiemorfeem. In hierdie afdeling word die moontlikhede om hierdie skema met kompleks konseptuele skemas uit te brei, bespreek.



Figuur 3-16: Primêre konseptuele konstruksieskema van die valensiemorfeem in Afrikaans

3.4.2.1 Valensiemorfeme in komposita

Die kompositumdatastel is volgens die protokol in Verhoeven *et al.* (2014:28-50) geannoteer. Die wyse waarop hierdie datastel bekom en bymekaar gesit is, word breedvoerig in afdeling 1.5.2 bespreek. In hierdie protokol word daar tussen ses moontlike semantiese kategorieë waaronder NN-komposita kan tuishoort, onderskei. Die Afrikaanse uiteensetting van al die kategorieë, met voorbeelde uit die data, kan in Addendum A geraadpleeg word.


In Tabel 3-5 word die spreiding van die 288 NN-komposita in die kompositadatastel in hierdie kategorieë opgesom. Daar was uiteindelik te min data wat die meerderheid valensiemorfeme (buiten die *·s·*-valensiemorfeem en die koppelteken) betref en daarom kan 'n definitiewe afleiding daarvoor nie gemaak word nie. Die eerste waarneming wat uit die tabel blyk is dat die *·s·*-valensiemorfeem in drie van die ses kategorieë ("BESIT", "INSTR" en "TEMA") relatief eweredig voorkom. Die *·s·*-valensiemorfeem word verder ook in die ander drie kategorieë verteenwoordig wat dui op die gebrek aan spesifieke konseptuele invoer wat aan die *·s·*-valensiemorfeem gekoppel kan word. As 'n mens vervolgens na die koppelteken kyk, is dit duidelik dat gebruikers meer geneig is om van die koppelteken gebruik te maak waar daar 'n "IS"-verhouding tussen die komponente ter sprake is, soos in die geval van [OFFISIER·LK·VEEARTS/offisier·--veearts]. Hier is 'n duidelike konseptuele assosiasie merkbaar – die koppelteken merk komposita waarin 'n neweskikkende verhouding tussen die komponente geld. Van die 55 komposita waarin die koppelteken in ander kategorieë voorgekom het, is dit in 52 gevalle gebruik om vokaalbotsing/-opeenhoping te vermy.

Tabel 3-5: Frekwensiematriks van die kompositumdatastel se semantiese kategorieë

	IS	BESIT	IN	AKTEUR	INSTR	TEMA	N
<i>·s·</i>	4	45	13	9	47	46	164
<i>·--·</i>	49	18	5	4	15	13	104
<i>·e·</i>	3	7	0	3	0	1	14
<i>·ns·</i>	0	1	0	0	0	3	4
<i>·er·</i>	0	1	0	0	0	0	1
<i>·n·</i>	0	0	0	0	0	1	1
N	56	72	18	16	62	64	288

In die "IS"-kategorie hoort neweskikkende komposita, dit wil sê komposita waarin die twee komponentstrukture ewe sentraal/primêr funksioneer. In die KG kan 'n mens sê daar is twee trajektors, aangedui met die "tr"-etiket in Figuur 3-17. Die dubbellyn tussen die sirkels dui op die gelyke semantiese verhouding tussen die komponentstrukture en dat daar nie, soos in

die meeste Afrikaanse komposita, 'n onderskikkende komponentstruktuur is nie. 'n Voorbeeld van 'n neweskikkende kompositum is [OFFISIER--VEEARTS/offisier--veearts], wat geparafraseer kan word as "n offisier-veearts is 'n veearts en 'n offisier".



Figuur 3-17: Konstruksieskema van die neweskikkende semantiese verhouding

3.4.2.2 Valensiemorfeme in afleidings en fleksievorme

Daar is tot dusver geen bewyse (in die data of literatuur) wat aandui dat die *·e-*valensiemorfeem in 'n kompleks soos [WETT·LK·ADJR·NR/wett·e·loos·heid], of die *·d-*valensiemorfeem soos in [BESTUUR·LK·NR/bestuur·d·er] enige ander semantiese verhouding (ongegag die skematisiteit daarvan) vooronderstel as dit wat reeds deur die adjektiverende of nominaliserende suffiks oorgedra word nie. Hierdie aspek oorvleuel sterk met dié van die *·s-*valensiemorfeem wat in komposita ná bepaalde afleidingsaffikse en voor sekere stamme voorkom (Taalkommissie, 2009:168-169). Die implikasie van hierdie gebrek aan 'n semantiese lading is dat die valensiemorfeem semanties tot so 'n mate skematies is, dat dit eintlik semanties leeg is. Die hoogs skematiese konstruksieskema in Figuur 3-16, wat die kern van valensiemorfeme in Afrikaans verteenwoordig, geld dus ook met betrekking tot afleidings en fleksievorme.


3.5 Samevatting

Die doelwit van hierdie hoofstuk was om 'n kategoriseringsnetwerk van die valensiemorfeem in Afrikaans op te stel. 'n Kategoriseringsnetwerk is die produk van verwante konstruksieskemas/taalpatrone op sowel 'n realiserings- as konseptualiseringsvlak. Die eerste stap was om data in te win vir die konstruering van konstruksieskemas vir die kategoriseringsnetwerk. Om die konstruksieskemas te kon postuleer, is uiteindelik twee datastelle oorweeg, te wete die kompositumdatastel vir Afrikaanse komposita, en die nonkompositumdatastel vir Afrikaanse afleidings en fleksievorme. Hierdie datastelle is nagegaan vir vormlike patrone in die realisering van valensiemorfeme om uiteindelik konstruksieskemas van die


valensiemorfeem op te stel. Die datastelle het egter nie as die eksklusiewe bron vir skemas gedien nie; Kempen (1969), Combrink (1990) en die AWS (Taalkommissie, 2009) is ook geraadpleeg.

Daar is ook na die semantiese kontekste waarin valensiemorfeme voorkom, gekyk. Die data in die kompositumdatastel is volgens die annotasieprotokol in Verhoeven *et al.* (2014) geannoteer, en daar is gepoog om patrone in die data te identifiseer. Die spreiding van valensiemorfeme in die kompositumdatastel het egter geen vasstelbare semantiese patroon vir die gebruik van die valensiemorfeem (buiten die koppelteken) aangetoon nie. Die gebruik van die koppelteken in Afrikaanse komposita skakel wel in byna die helfte van die data met 'n neweskikkende semantiese verhouding wat tussen die komponentstrukture geld.

Samevattend kan die konstruksieskemas op die realiseringspool en die konseptualiseringspool bymekaar gevoeg word om volledige kategoriseringsnetwerke voor te stel. Die kompositumkategoriseringsnetwerk is 'n samevoeging van Figuur 3-14, Figuur 3-16 en Figuur 3-17, terwyl die nonkompositumkategoriseringsnetwerk 'n kombinasie van Figuur 3-15 en Figuur 3-16 is. Hierdie netwerke verskyn as Figuur 3-18 en Figuur 3-19. Die ooreenkomslyne tussen skemas op die konseptualiseringspool en realiseringspool is die enigste byvoeging. Die valensiemorfeme wat in komposita voorkom, word in Figuur 3-18 aan die konseptuele inhoud van die valensiemorfeem verbind en hierdie stap word herhaal in Figuur 3-19 vir nonkomposita. Uit albei kategoriseringsnetwerke kan die afleiding gemaak word dat die valensiemorfeem (buiten die koppelteken in komposita) in alle Afrikaanse komplekse 'n hoogs skematiese konseptuele invoer het.



Figuur 3-18: Kategoriseringsnetwerk van die valensiemorfeem in Afrikaanse komposita



Figuur 3-19: Kategoriseringsnetwerk van die valensiemorfeem in Afrikaanse nonkomposita

Hoofstuk 4: Verifiëring van aspekte van die kategoriseringsnetwerk

4.1 Inleiding

Een van die doelstellings van hierdie studie is om die kategoriseringsnetwerk van die valensiemorfeem in Afrikaans aan gebruikersintuïsie te toets. Slegs die kompositum-kategoriseringsnetwerk (Figuur 3-18) geniet aandag in die verifikasieproses, omdat semantiese eienskappe 'n moontlike rol kan speel tydens die keuse van 'n valensiemorfeem in komposita. In afdeling 4.2 word breedvoerig aandag gegee aan die doel van hierdie eksperiment, die kombinerings van veranderlikes en die uiteindelijke vraelys wat opgestel is. In afdeling 4.3 word die resultate van die eksperiment wat uitgevoer is, opgesom, geëvalueer en geïnterpreteer, terwyl gevolgtrekkings in afdeling 4.4 bespreek word.

4.2 Eksperimentopstelling en veranderlikes

Die meerderheid eksperimente wat met betrekking tot die valensiemorfeem gedoen is, is eksperimente wat gedoen is vir Nederlandse valensiemorfeme, soos reeds in detail bespreek in hoofstuk 2. Hieronder tel onder andere Schreuder *et al.* (1998) se Likertskaaleksperiment, Krott *et al.* (2001) se paradigmadieseanalogie-eksperiment, en Banga *et al.* (2012, 2013) se persepsie-eksperimente. Eksperimente wat vir valensiemorfeme in ander tale gedoen is, sluit die dekomposisie-eksperiment van Libben (2014) vir Duits, en die Likertskaal- en persepsie-eksperiment van Van Huyssteen (2005b) vir Afrikaans in.

Ten aansien van die verifiëring van aspekte van die kategoriseringsnetwerk is geen van hierdie eksperimente toereikend nie. Daar word 'n eksperiment benodig waar verskillende eienskappe (ook niesemantiese eienskappe) van die valensiemorfeem tegelyk getoets kan word. Die onvoorspelbare aard van die valensiemorfeem regverdig 'n benadering wat nie beperk kan word tot een moontlike eienskap (hetsy fonologies/vormlik of konseptueel) nie. Idealiter is dit ook belangrik om 'n eksperiment te hê wat fokus plaas op die produksie en/of persepsie van nuwe komposita. Gegewe die beperkte fokus van hierdie studie is daar uiteindelik vir respondente se persepsie van onbestaande komposita getoets: persepsie is deur middel van 'n kontekssin gelei waarna hulle 'n keuse moes maak uit die produksie moontlikhede wat aan hulle voorgehou is.

Die taak voor hande is om 'n seleksie te maak van eienskappe wat 'n invloed kan hê op valensiemorfeemgebruik in Afrikaans. Hierdie eienskappe is reeds in hoofstuk 2 in Tabel 2-1 opgesom. Die valensiemorfeemeienskappe wat uit die literatuur blyk, staan egter nie in

isolasie nie en moet met inagneming van die valensiomorfeemkategoriseringsnetwerk (Figuur 3-18 in hoofstuk 3) beskou word. Daar kan dus nie (in navolging van bestaande literatuur) slegs op fonologiese aspekte gekonsentreer word nie.

In totaal is vier faktore (uit almal wat in hoofstuk 2 bespreek en opgesom is) geïdentifiseer wat die aanwesigheid van 'n valensiomorfeem in 'n kompositum bepaal, waarvan drie geselekteer word vir toetsing in hierdie eksperiment. Daar is 80 pseudokomposita met behulp van hierdie faktore gekonstrueer en die proses, sowel as die komposita self, word in afdeling 4.2.3 verder bespreek. (Die voorbeelde wat eerste genoem word, is bestaande komposita en dié wat tweede genoem word, is pseudokomposita wat in die eksperiment gebruik word.)

1(a) **Klemtoon:** Die pseudokomposita kan ingedeel word in vier klemkategorieë. In die kategorieë hieronder staan "x" vir 'n beklemtoonde lettergreep, "." vir 'n woordgrens en "o" vir 'n onbeklemtoonde lettergreep; in die voorbeelde word die klemdraende sillabes (spesifiek die vokale) onderstreep. Die aantal lettergrepe is nie 'n sterk oorweging nie, maar eerder die klem van die sillabes wat aan mekaar grens (sonder die valensiomorfeem). Vergelyk:

- (i) o · x soos in *koepel·kerk* en *mango·berging*
- (ii) o · o soos in *litium·battery en teater·embleem*
- (iii) x · o soos in *harp·fabrikant en kiem·analise*
- (iv) x · x soos in *aar·voeding en kadet·held*

1(b) **Segment:** Die komposita is in vyf segmentkategorieë opgedeel waar "V" 'n vokaal verteenwoordig, "." 'n woordgrens en "K" 'n konsonant. Weereens word daar gekyk na die segmente wat aan mekaar grens sonder die invoeging van die valensiomorfeem. Vergelyk:

- (i) V · V soos in *studie·objek* en *bende·eienskap*
- (ii) V · K soos in *horlosie·ketting* en *ninja·pistool*
- (iii) K · V soos in *bloed·oortapping* en *pêrel·episode*
- (iv) K · K (identies) soos in *sout·tert* en *graniet·tradisie*

(v) K · K (verskil) soos in *koors·hitte* en *blyspel·taboe*

1(c) **Semantiese kategorieë:** Uit die korpusontledings wat in hoofstuk 3 bespreek is, blyk daar vier semantiese kategorieë te wees waaronder die meeste NN-komposita wat valensiemorfeme bevat, ingedeel kan word:

- (i) Neweskikkende komposita (X is N1 en N2) soos in *pou·wyfie* en *sambreel·kierie*;
- (ii) Besitsgenitiewe komposita (N1/N2 besit N2/N1 (enige besits-assosiasie) of N1/N2 het alleenreg of die uitsluitlike vermoë van toegang tot N2/N1) soos in *bank·tarief* en *rebel·wapen*;
- (iii) Komposita waarin 'n nielewende deelnemer deelneem (N1/N2 is 'n deelnemer aan die aktiwiteit of gebeurtenis N2/N1, maar N1/N2 is nie 'n AKTEUR nie) soos in *dwelm·verslawing* en *alibi·kontrole*; en
- (iv) Komposita waarin 'n tema tussen die komponente relevant is (N1/N2 se beskrywende en proporsionele inhoud hou verband met N2/N1), soos in *sport·term* en *kraai·tabel*.

Die vierde faktor is **paradigmatiese analogie**. Omdat bestaande komposita bekend is aan mense én sekere stamme meer geneigd is om saam met valensiemorfeme gebruik te word in komposita, is daar omsigtig te werk gegaan om pseudokomposita te skep. Eerste stamme wat tipies vermy is, sluit *vrou*, *reg* en *kind* in, juis omdat *vrou* sistematies verbind met *·e·* om komplekse te vorm, en so ook *reg* met *·s·* en *kind* met *·er·*. Daar is ook voorsorg getref om nie eerste stamme wat op bepaalde suffikse eindig (soos in Figuur 3-18 aangetoon) en sistematies met die *·s·*-valensiemorfeem voorkom, te gebruik nie. 'n Spesifieke stam kom ook nie meer as een keer in die eksperimentkomposita voor nie, sodat analogievorming deur respondente nie aangemoedig word nie. In hierdie eksperiment word daar nie verdere oorweging geskenk aan paradigmatiese analogie as 'n eienskap van valensiemorfeme nie, aangesien analogievorming reeds as 'n sterk voorspeller van valensiemorfeemgebruik deur Krott *et al.* (2001, 2004) ondersoek is en as 'n sterk intuïtiewe benadering deur taalgebruikers aanvaar word.

'n Vyfde oorweging, wat nie faktor is wat in Tabel 2-1 in hoofstuk 2 geïdentifiseer is nie, maar steeds as 'n faktor oorweeg sal word, is **taalagtergrond**. Soos reeds in afdeling 1.1 na verwys is, is valensiemorfeme 'n verskynsel in veral Germaanse tale. Op sterkte hiervan is daar besluit om die vraelys onder sowel moedertaalsprekers van Afrikaans as moedertaalsprekers van Nederlands te versprei. Weens die noue verwantskap van hierdie

tale, wat byvoorbeeld weerspieël word in die soortgelyke spelreëls as dit kom by die skryf van komposita, sal dit interessant wees om ondersoek in te stel of hulle verskillende keuses sal uitoefen wanneer pseudokomposita aan hulle voorgehou word.

4.2.1 Doel

Die doel van hierdie eksperiment is om die spesifieke aspekte van die valensiemorfeem in Afrikaans, soos met betrekking tot die faktore wat gelys is, te toets. Hierdie faktore (spesifiek dié van (a)-(c)) word getransformeer in veranderlikes en gekombineer om pseudokomposita te skep. Die uiteindelige invloed van die veranderlikes sal in afdeling 4.3 aan die hand van statistiese analyses bespreek word.

4.2.2 Hipoteses

In hierdie eksperiment is daar nie net een hipotese nie, aangesien die eksperiment spesifiek so ontwerp is dat 'n aantal eienskappe (veranderlikes) se effek gelyk getoets word. Die volgende hipoteses word vir elk van die veranderlikes gestel:

- 1(a) **Klemtoon:** Waar aangrensende sillabes albei die klemdraende sillabes in die onderskeie woorde is, sal respondente kies vir 'n samestellingsvorm met 'n valensiemorfeem. In die geval waar die slotvokaal ("V") van die eerste stam en beginvokaal ("V") van die tweede stam klem dra (x·x), sal respondente kies vir die koppelteken of ·s·-valensiemorfeem. Waar so 'n klemtoonbotsing geld in die geval van aangrensende konsonante ("K"), sal respondente kies vir die kompositumvorm met die ·e·-valensiemorfeem.
- 1(b) **Segment:** Wanneer dieselfde of verskillende vokale aan mekaar grens, sal respondente kies vir die kompositumvorm met die koppelteken. Die rede waarom die ·e·-valensiemorfeem nie waarskynlik sal wees nie, is omdat dit die vokaalkluster sal kompliseer. In die geval waar identiese konsonante aan mekaar grens, sal respondente die samestellingsvorm met die ·e·-valensiemorfeem of sonder 'n valensiemorfeem kies; eersgenoemde as daar 'n opeenhoping van konsonante is om juis 'n opeenhoping van konsonante te vermy (soos byvoorbeeld in *impuls·stelsel*) of laasgenoemde (soos byvoorbeeld in *blyspel·taboe*) as daar geen konsonante is wat ophoop nie.
- 1(c) **Semantiese kategorieë:** In die vier semantiese kategorieë wat gebruik is om die eksperimentkomposita op te stel, geld die volgende volgorde van waarskynlikheid (met

(i) as die waarskynlikste en (iv) die onwaarskynlikste) dat hierdie komposita met valensiemorfeme verkies sal word:

- (i) Neweskikkende komposita (veral die koppelteken);
- (ii) Besitsgenitiewe komposita (veral die *-s-*-valensiemorfeem);
- (iii) Komposita met 'n nielewende deelnemer (die *-e-*-valensiemorfeem of *-s-*-valensiemorfeem); en
- (iv) Komposita met 'n tematiese verhouding tussen die komponente (die *-s-*-valensiemorfeem).

Die vooronderstelling met betrekking tot **paradigmatiese analogie** is dat daar glad nie sistematiek behoort te wees nie, aangesien algemene Afrikaanse stamme as eerste stamme juis vermy is. Analogie word dus ook nie gemeet nie, aangesien daar nie een geval is waar die eerste of tweede stamme van die komposita herhaal word nie. Wat **taalagtergrond** betref is die hipotese dat daar nie 'n verskil behoort te wees tussen in die keuses wat eerstetaalsprekers van Afrikaans en eerstetaalsprekers van Nederlands vir die eksperimentkomposita maak nie.

4.2.3 Operasionalisering van veranderlikes

Die faktore in (a)-(c) in afdeling 4.2 is met mekaar gekombineer en, met indirekte inagneming van paradigmatiese analogie, gebruik om tagtig pseudokomposita te vorm. Die 80 komposita wat gekonstrueer is vir doeleindes van die eksperiment verskyn in Tabel 4-1.¹¹ In Tabel 4-1 verskyn hierdie komposita met 'n aanduiding van die faktore wat gekombineer is om hulle te vorm. As voorbeeld is *gare·indeks* 'n kombinasie van:

- 1(a) 'n onbeklemtoonde sillabe ([rə] in *gare*) en 'n beklemtoonde sillabe ([ən] in *indeks*);
- 1(b) vokale ([ə] en [ə]) wat aan mekaar grens; en
- 1(c) 'n *tema*-betekenisverhouding wat tussen die komponente geld ('n *gare·indeks* is 'n indeks van verskillende tipes *gare*).

¹¹ In die tabel, asook deur die loop van hierdie hoofstuk, word geen valensiemorfeem in die nuwe komposita gevoeg nie. Daar word slegs gebruik gemaak van die middelpunt (·) om die stamme wat gebruik is, te skei.

Tabel 4-1: Komposita in oorspronklike eksperiment

		2.1.1.1 "N1 en N2"	2.1.2.1 "N1 besit/ het alleenreg op N2"	2.1.5.1 "N1 (A-) neem deel aan N2"	2.1.6.1 "N1 gaan oor N2"
Klemtoon	Segment				
o·x	V·V	<i>radio·abakus</i>	<i>bende·eienskap</i>	<i>eggo·opname</i>	<i>gare·indeks</i>
	V·K	<i>medalje·baken</i>	<i>juffrou·tafel</i>	<i>mango·berging</i>	<i>boete·walging</i>
	K·V	<i>kroeg·solder</i>	<i>loodgieter·opset</i>	<i>pruim·oes</i>	<i>hitte·raaisel</i>
	K·K (identies)	<i>psalm·motto</i>	<i>biskop·potlood</i>	<i>emmer·ruiling</i>	<i>engel·lesing</i>
	K·K (verskil)	<i>sambreel·kierie</i>	<i>heiden·vesting</i>	<i>suurstof·winning</i>	<i>oproer·kennis</i>
o·o	V·V	<i>matrone·apteker</i>	<i>samoerai·etiket</i>	<i>tombe·ekspedisie</i>	<i>sebra·akkoord</i>
	V·K	<i>hawe·diskoteek</i>	<i>ninja·pistool</i>	<i>alibi·kontrole</i>	<i>pasta·formule</i>
	K·V	<i>bistro·apteek</i>	<i>teater·embleem</i>	<i>kussing·inspeksie</i>	<i>pêrel·episode</i>
	K·K (identies)	<i>appel·lemoen</i>	<i>hertog·hotel</i>	<i>venster·restourasie</i>	<i>poeier·resep</i>
	K·K (verskil)	<i>siekeboeg·tehuis</i>	<i>soldaat·gewoonte</i>	<i>gordel·promosie</i>	<i>blyspel·taboe</i>
x·o	V·V	<i>kafee·ouditorium</i>	<i>balju·adres</i>	<i>bui·integrasie</i>	<i>vla·advertensie</i>
	V·K	<i>skildery·kosyn</i>	<i>kompanjie·geheim</i>	<i>kiem·analise</i>	<i>kraai·tabel</i>
	K·V	<i>wenk·instruksie</i>	<i>gesamt·advies</i>	<i>moeras·eksperiment</i>	<i>mnt·ensiklopedie</i>
	K·K (identies)	<i>akrobaat·tenoor</i>	<i>kliënt·traktaat</i>	<i>graniet·tradisie</i>	<i>portret·versoek</i>
	K·K (verskil)	<i>matroos·medikus</i>	<i>kaptein·japon</i>	<i>ink·gradering</i>	<i>kristal·debat</i>
x·x	V·V	<i>lakei·eienaar</i>	<i>heks·offer</i>	<i>idee·eiening</i>	<i>lawaaï·ondersoek</i>
	V·K	<i>trofee·skild</i>	<i>attachè·gilde</i>	<i>kano·handel</i>	<i>vy·toets</i>
	K·V	<i>joernaal·album</i>	<i>agent·unie</i>	<i>storm·intimidasië</i>	<i>lantern·opsie</i>
	K·K (identies)	<i>baret·tulband</i>	<i>student·tuig</i>	<i>riet·towery</i>	<i>impuls·stelsel</i>
	K·K (verskil)	<i>kadet·held</i>	<i>rebel·wapen</i>	<i>vulkaan·dreiging</i>	<i>ivoor·tydskrif</i>

Al tagtig die pseudokomposita is op soortgelyke wyse aan die hand van hierdie veranderlikes verantwoordbaar. In samehang met hierdie veranderlikes moet twee spelreëls in gedagte gehou word wat voorrang (behoort te) geniet:

- AWS-reël 12.7: Wanneer 'n **neweskikkende verhouding** soos in die geval van *bistro-apteek*, *skildery-kosyn* en *trofee-skild* tussen komponente geld, moet 'n koppelteken tussen die komponente geskryf word. Juis as gevolg van die aard van die komposita móét hulle met 'n koppelteken geskryf word om betekenisverwarring of 'n onderskikkende interpretasie te voorkom. Hierdie spelreël geld (oorspronklik) in twintig van die komposita (sien die derde kolom in Tabel 4-1).
- AWS-reël 12.1: In die geval wat **identiese vokale aan mekaar grens of waar 'n opeenhoping van vokale is**, soos in die geval van *bui-integrasie* en *sebra-akkoord* enersyds en *lawaaï-ondersoek* en *idee-eiening* andersyds, moet 'n koppelteken geskryf word. In die geval van *bui-integrasie* en *sebra-akkoord* skei die koppelteken identiese vokale, terwyl dit in die geval van *lawaaï-ondersoek* en *idee-eiening* vokaalopeenhoping voorkom. Hierdie spelreël kom nie so gereeld soos reël 12.7 voor nie, omdat reël 12.7 een van die semantiese kategorieë verteenwoordig wat gebruik is om die komposita op te stel.

Die implikasie van hierdie spelreëls is dat die gebruik van die koppelteken nie so sterk op taalgevoel berus as wat 'n mens kan aanvoer vir die ander valensiemorfeme nie. Die vraag is of respondente hulle gesteur het aan hierdie spelreëls (wat ook in Nederlands geld – reël 6.2 (6.D) en reël 7.2 (7.A); Nederlandse Taalunie, 2005:37, 52) toe hulle die vraelys voltooi het. Dit behoort wel uit die statistiese ontleding in afdeling 4.3 te blyk.

Die respondente wat deelgeneem het aan die eksperiment val in een van vier moontlike kategorieë:

1. Moedertaalsprekers van Nederlands wat Afrikaans as 'n universiteitsvak gehad het;
2. Moedertaalsprekers van Nederlands wat Afrikaans buite universiteitverband aangeleer het;
3. Moedertaalsprekers van Nederlands sonder enige taalkennis van Afrikaans; en
4. Moedertaalsprekers van Afrikaans.

Die rede waarom Nederlandse respondente deel uitmaak van die eksperiment is om te sien of taalkennis 'n effek op respondente se keuses het. Nederlands en Afrikaans is verwante tale en toon sterk morfologiese en ortografiese ooreenkomste ten opsigte van komposita. Om vir sprekers van hierdie tale dieselfde vraelys te gee, bied op die heel minste gronde vir vergelyking met die vorige eksperimente soos dié van Jansen *et al.* (2007) (vergelyk afdeling 2.2.7) waarin daar Nederlandse komposita aan Afrikaanssprekende studente aangebied is en hulle gevra is om die meervoudigheid van die eerste stam te beoordeel.

4.2.4 Vraelys

Die vraelys is op 'n aanlynplatform (*Qualtrics*) gepubliseer en enige persoon met toegang tot die skakel kon die vraelys voltooi. Uitnodigings om die vraelys te voltooi is twee keer gepubliseer (een maal hoofsaaklik gerig op Nederlandssprekendes en een maal onder Afrikaanssprekendes) en die skakel is via sosiale media, 'n berig in *Taalpost* en 'n versoek op die webwerf van die Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA) onder potensiële respondente versprei. Die volledige vraelys is by hierdie studie ingesluit as Addendum B.

Die vraelys wat gebruik is, is ingelei deur 'n kort beskrywing van valensiemorfeme in tale soos Afrikaans en Nederlands. Daarop het 'n paar demografiese vrae en instruksies vir die invul van die vraelys gevolg. Daarna moes respondente na aanleiding van 'n kontekssin wat verskaf is uit opsies kies vir 'n vorm van die Afrikaanse pseudokompositum. Die kontekstuele sinne wat verskaf is vir elke kompositum is in Afrikaans en Nederlands gegee, maar die kompositumvorme was almal in Afrikaans. Daar was 80 moontlike vrae wat respondente kon beantwoord. As 'n voorbeeld is *blyspel·taboe* se multikeusevraag soos volg geformuleer:

'n Taboe by die uitvoering van 'n blyspel, noem jy 'n: / Een taboe bij de opvoering van een comédie, noem jij een:

- blyspeltaboe*
- blyspel·taboe*
- blyspeletaboe*
- blyspelstaboe*

Al die vrae in die vraelys was veelvuldigekeusevrae en die respondente kon op die minste tussen twee en op die meeste tussen vier antwoorde kies. Die rede waarom daar nie by elke vraag vier opsies is nie, is omdat ortografiese waarskynlikheid 'n belangrike oorweging was. As illustrasie kan 'n mens *idee·ë·eiening* oorweeg, wat *idee* en *eiening* met 'n *·e·*-valensiemorfeem sou wees. Die opsie met 'n koppelteken tussen die komponente is altyd as 'n keuse vir respondente gegee. Ten spyte van ortografiese waarskynlikheid is daar plek-plek

vir die respondente opsies gegee wat teen 'n samestellingspelreël indruis om te sien of die valensiemorfeem ingevoeg sou word in die verlangde semantiese konteks. 'n Voorbeeld hiervan is *moeras-s-eksperiment*, wat 'n "INSTRUMENT"-verhouding (N1 neem deel aan N2) verteenwoordig. Die invoeging van die *-s-*valensiemorfeem sal indruis teen die reël om 'n *-s-* te skryf as die eerste stam eindig op 'n "s", maar die semantiese kategorie kon moontlik die gebruik daarvan vir die respondente regverdig.

Daar is ook vir respondente die keuse gegee om óf al 80 die vrae in die vraelys te beantwoord óf slegs 40. Respondente wat laasgenoemde opsie gekies het, is outomaties gelei na die tweede helfte van die vraelys (van vraag "Q.2.2" tot "Q2.40" in Addendum B). Respondente is hierdie keuse gegee, omdat daar 80 vrae was en dit sommige respondente sou kon afskrik om vrywillig aan die vraelys deel te neem as hulle gedwing sou word om al 80 vrae te beantwoord.

4.3 Resultate

In totaal was daar 381 respondente wat deelgeneem het aan die eksperiment, waarvan 323 al tagtig vrae beantwoord het en 58 slegs die laaste veertig vrae (genommer as Q2.11 tot Q2.40 in Addendum B). Hierdie diskrepansie tussen die hoeveelheid respondente is in ag geneem by die statistiese analise. In Tabel 4-4 verskyn 'n opsomming van die spreiding van die respondente; die eerste 40 vrae is deur 323 respondente voltooi en die laaste 40 vrae deur 381 respondente.

Tabel 4-2: Opsomming van respondente

	Slegs 40 vrae beantwoord	Al 80 vrae beantwoord	Totaal
Nederlands as eerste taal - Afrikaans as universiteitsvak gehad	16	14	30
Nederlands as eerste taal - Afrikaans buitemuurs aangeleer	33	25	58
Nederlands as eerste taal - is bewus van Afrikaans, maar begryp dit nie	122	108	230
Afrikaans as eerste taal	210	176	386
	381	323	381

Tabel 4-3: Komposita gebruik in analise

		2.1.1.1 "N1 en N2"	2.1.2.1 "N1 besit/ het alleenreg op N2"	2.1.5.1 "N1 (A-) neem deel aan N2"	2.1.6.1 "N1 gaan oor N2"
Klemtoon	Segment				
o·x	V·V	<i>radio·abakus</i>	<i>bende·eienskap</i>	<i>eggo·opname</i>	<i>gare·indeks</i>
	V·K	<i>medalje·baken</i>	<i>juffrou·tafel</i>	<i>mango·berging</i>	<i>boete·walging</i>
	K·V	<i>croeg·solder</i>	<i>loodgieter·opset</i>	<i>pruim·oes</i>	<i>hitte·raaisel</i>
	K·K (identies)	<i>psalm·motto</i>	<i>biskop·potlood</i>	<i>emmer·ruiling</i>	<i>engel·lesing</i>
	K·K (verskil)	<i>sambreel·kierie</i>	<i>heiden·vesting</i>	<i>suurstof·winning</i>	<i>oproer·kennis</i>
o·o	V·V	<i>matrone·apteker</i>	<i>samoerai·etiket</i>	<i>tombe·ekspedisie</i>	<i>sebra·akkoord</i>
	V·K	<i>have·diskoteek</i>	<i>ninja·pistool</i>	<i>alibi·kontrole</i>	<i>pasta·formule</i>
	K·V	<i>bistro·apteek</i>	<i>teater·embleem</i>	<i>kussing·inspeksie</i>	<i>pêrel·episode</i>
	K·K (identies)	<i>appel·lemoen</i>	<i>hertog·hotel</i>	<i>venster·restourasie</i>	<i>poeier·resep</i>
	K·K (verskil)	<i>siekeboeg·tehuis</i>	<i>soldaat·gewoonte</i>	<i>gordel·promosie</i>	<i>blyspel·taboe</i>
x·o	V·V	<i>kafee·ouditorium</i>	<i>balju·adres</i>	<i>bui·integrasie</i>	<i>vla·advertensie</i>
	V·K	<i>skildery·kosyn</i>	<i>kompanjie·geheim</i>	<i>kiem·analise</i>	<i>kraai·tabel</i>
	K·V	<i>wenk·instruksie</i>	<i>gesant·advies</i>	<i>moeras·eksperiment</i>	<i>munten·ensiklopedie</i>
	K·K (identies)	<i>akrobaat·tenoor</i>	<i>kliënt·traktaat</i>	<i>graniet·tradisie</i>	<i>portret·versoek</i>
	K·K (verskil)	<i>matroos·medikus</i>	<i>kaptein·japon</i>	<i>ink·gradering</i>	<i>kristal·debat</i>
x·x	V·V	<i>lakei·eienaar</i>	<i>heks·offer</i>	<i>idee·eiening</i>	<i>lawaaier·ondersoek</i>
	V·K	<i>trofee·skild</i>	<i>attachè·gilde</i>	<i>kano·handel</i>	<i>vy·toets</i>
	K·V	<i>joernaal·album</i>	<i>agent·unie</i>	<i>storm·intimidasië</i>	<i>lantern·opsie</i>
	K·K (identies)	<i>baret·tulband</i>	<i>student·tuig</i>	<i>riet·towery</i>	<i>impuls·stelsel</i>
	K·K (verskil)	<i>kadet·held</i>	<i>rebel·wapen</i>	<i>vulkaan·dreiging</i>	<i>ivoor·tydskrif</i>

As gevolg van tegniese probleme is 'n aantal eksperimentekomposita foutief gekonstrueer en word daarom by die statistiese analise uitgesluit. Die gevolg hiervan is dat slegs 69 van die oorspronklike 80 eksperimentele items in die statistiese analise ingesluit word. Tabel 4-2 toon die finale komposita wat in ag geneem is in die dataverwerking.

Wat uit die data moet blyk, is tot watter mate watter faktore die respondente se keuses vir kompositavorms beïnvloed het. Die statistiese modelle wat oorweeg is, is ANOVA (*analysis of variance*) en MANOVA (*multivariate analysis of variance*) vir die geaggregeerde data vir die twee groepe: moedertaalsprekers van Afrikaans en (Nederlandstalige) niemoedertaalsprekers van Afrikaans.

ANOVA stel ons in staat om die invloed van 'n enkele faktor op 'n slag op respondente se keuses te bepaal (Field, 2013:624). Daar is besluit om ook gebruik te maak van MANOVA, aangesien Tipe I-foute¹² vermy kan word en die effek van meerdere veranderlikes op respondente se keuses gelyk bepaal kan word – eerder as om elke veranderlike in isolasie te oorweeg (Field, 2013:624). Die ANOVA- en MANOVA-bewerkings verskyn onderskeidelik in Tabel 4-5 en Tabel 4-6 en moet in samehang met Tabel 4-4, waarin die meerderheidsantwoorde van respondente met persentasies opgesom is, gelees word. In Tabel 4-4 is die meerderheidskeuses wat 'n valensiemorfeem bevat, gemerk: 'n "*" vir opsies met 'n koppelteken; 'n "□" vir opsies met die -e--valensiemorfeem; en 'n "○" vir opsies met 'n -s--valensiemorfeem.

Buiten die onderskeid tussen die ANOVA- en MANOVA-berekenings in Tabel 4-4 en 4-5, is die beduidendheidswaarde (hierna p-waarde) en aangepaste R^2 (hierna AR^2) ook van belang. Eersgenoemde dui die waarskynlikheid aan dat 'n bepaalde effek nie aan 'n veranderlike toegeskryf kan word nie. As die waarde kleiner is as 0.05 (oftewel 5%) word dit aanvaar dat 'n effek wel teenwoordig is en kan die nulhipotese(s) dus verwerp word. AR^2 dien as kruisverifikasie (*cross-validation*) van die geldigheid van die model (Field, 2013:312) en dui die persentasie variasie aan waarvoor die eksperimentele data verantwoordelik sou wees, sou die model wat getoets is daaruit opgestel word. Hoe hoër die AR^2 , hoe beter maak die eksperimentele data voorsiening vir die veranderlike se variansie. Tabel 4-4 en Tabel 4-5 is ingedeel volgens die moontlike antwoorde wat respondente kon kies (van geen valensiemorfeem nie, tot die -s--valensiemorfeem). Die waardes wat in die tabelle ontbreek se p-waardes is groter as 0.05.

12 'n Tipe I-fout is wanneer daar foutief aangeneem word dat 'n veranderlike die uitkomstes in 'n ondersoek beïnvloed.

Tabel 4-4: Komposita in finale eksperiment in die vorm wat deur die meerderheid respondente gekies het (Nederlandssprekende en Afrikaanssprekende respondente gekombineer)

		2.1.1.1 "N1 en N2"		2.1.2.1 "N1 besit/ het alleenreg op N2"		2.1.5.1 "N1 (A-) neem deel aan N2" ¹³		2.1.6.1 "N1 gaan oor N2"	
Klemtoon	Segment								
		Kompositum	%	Kompositum	%	Kompositum	%	Kompositum	%
o-x	V-V	<i>radio-abakus</i> *	97,2	<i>bende-eienskap</i> *	88,5	<i>eggo-opname</i> *	81,7	<i>gare-indeks</i> *	70,6
	V-K	<i>medalgebaken</i>	69,8	<i>juffroustafel</i> ○	39,4	<i>mangoberging</i>	80,6	<i>boetewalging</i>	85,6
	K-V			<i>loodgietersopset</i> ○	70,3	<i>pruimoes</i>	70,9		
	K-K (identies)	<i>psalmmotto</i>	46,5	<i>biskopspotlood</i> ○	66,7	<i>emmerruiling</i>	80,3	<i>engelelesing</i> □	47,5
	K-K (verskil)	<i>sambreelekierie</i>	77,7	<i>heidenvesting</i>	47,7			<i>oproerkennnis</i>	75,5
o-o	V-V	<i>matrone-apteker</i> *	76,1	<i>samoerai-etiket</i> *	70,6	<i>tombe-ekspedisie</i> *	66,7	<i>sebra-akkoord</i> *	79,0
	V-K	<i>hawediskoteek</i>	65,3	<i>ninjapistool</i>	72,1	<i>alibikontrole</i>	76,9		
	K-V			<i>teaterembleem</i>	77,7	<i>kussinginspeksie</i>	71,7	<i>pêrelepisode</i>	52,2
	K-K (identies)	<i>appellemoen</i>	60,1					<i>poeierresep</i>	85,8
	K-K (verskil)	<i>siekeboegtehuis</i>	55,1	<i>soldategewoonte</i> □	42,5	<i>gordelpromosie</i>	84,3	<i>blyspeltaboë</i>	69,6
x-o	V-V	<i>kafee-ouditorium</i> *	79,3	<i>balju-adres</i> *	46,1	<i>bui-integrasie</i> *	60,7	<i>vla-advertensie</i> *	96,3
	V-K	<i>skilderykosyn</i>	60,9	<i>kompanjiegeheim</i>	49,1			<i>kraaitabel</i>	44,1
	K-V	<i>wenkinstruksie</i>	55,7	<i>gesantsadvies</i> ○	39,3	<i>moerasesperiment</i>	64,1	<i>muntenisiklopedie</i>	36,8
	K-K (identies)	<i>akrobaat-tenoor</i> *	54,9	<i>kliëntetraktaat</i> □	54,1	<i>graniettradisie</i>	67,7		
	K-K (verskil)	<i>matroos-medikus</i> *	49,5	<i>kapteinsjapon</i> ○	81,4	<i>inkgradering</i>	86,7	<i>kristaldebat</i>	76,2
x-x	V-V	<i>lakei-eienaar</i> *	84,5			<i>idee-eiening</i> *	80,6		
	V-K	<i>trofeeskild</i>	57,9	<i>attachègilde</i>	43,7	<i>kanohandel</i>	78,0	<i>vyetoets</i> □	68,4
	K-V	<i>joernaalalbum</i>	53,3	<i>agentsunie</i> ○	38,8	<i>stormintimidasië</i>	65,4	<i>lanternopsie</i>	68,8
	K-K (identies)	<i>baret-tulband</i> *	51,7	<i>studentetuig</i> □	83,6	<i>riettowery</i>	64,4	<i>impulsstelsel</i>	80,8
	K-K (verskil)	<i>kadetheld</i>	37,8	<i>rebellewapen</i> □	65,9	<i>vulkaandreiging</i>	65,9	<i>ivoortydskrif</i>	80,3

13 (A-) in die eerste ry, by 2.1.5.1, verteenwoordig 'n nielewende deelnemer aan die proses wat deur die tweede komponent beskryf word.

Tabel 4-5: MANOVA-berekenings vir die eksperiment

MANOVA-berekenings						
	Klemtoon		Segment	Semantiese kategorie	Totaal	
	p-waarde	AR ²	p-waarde	p-waarde	p-waarde	AR ²
Sonder 'n valensiemorfeem	0.000		0.000	0.000	0.000	86.5
Met 'n koppelteken			0.001	0.000	0.000	50.6
Met 'n ·e·-valensiemorfeem			0.001	0.000	0.003	80.7
Met 'n ·s·-valensiemorfeem	0.004		0.007	0.000	0.000	81.4

Tabel 4-6: ANOVA-berekenings vir die eksperiment

ANOVA-berekenings								
	Klemtoon		Segment		Semantiese kategorie		Taal	
	p-waarde	AR ²	p-waarde	AR ²	p-waarde	AR ²	p-waarde	AR ²
Sonder 'n valensiemorfeem					0.000	35.8		
Met 'n koppelteken			0.001	16.8	0.000	28.5	0.003	9.1
Met 'n ·e·-valensiemorfeem					0.003	12.5		
Met 'n ·s·-valensiemorfeem	0.006	11.0			0.000	42.1		

Oorweeg ons die MANOVA-berekenings, dan het al drie taalkundige faktore by antwoorde sonder 'n valensiemorfeem en antwoorde met 'n ·s·-valensiemorfeem 'n rol gespeel (in albei gevalle is $p < 0.05$). Hierdie effek blyk duidelik as 'n mens Tabel 4-4 (waarin die antwoorde wat die meerderheid respondente gekies het, aangedui word) saam oorweeg. In die geval van **antwoorde sonder valensiemorfeme**, het die meerderheid respondente in elke semantiese kategorie – buiten die besitsgenitiewe kategorie (kolom 4 in Tabel 4-5) – antwoorde sonder valensiemorfeme gekies. Dieselfde geld wat betref klemtoon en segment: Slegs kompositumvorme in die eerste segment (waar twee vokale aan mekaar grens) in elke klempatroonkategorie is deur respondente verkies mét 'n koppelteken. **Antwoorde met 'n ·s·-valensiemorfeem** is ook deur al drie taalkundige faktore beïnvloed en verskil met antwoorde sonder 'n valensiemorfeem slegs op grond van die besitsgenitiewe semantiese kategorie. Al die komposita wat met 'n ·s·-valensiemorfeem deur die meerderheid respondente gekies is, kom in hierdie kategorie voor. Hierdie waarneming regverdig toekomstige navorsing oor die mate waartoe Afrikaanssprekendes genitiewe betekenis-verhoudings in komposita identifiseer/merk.

In die geval van antwoorde met 'n **koppelteken** en met 'n **·e--valensiemorfeem**, het die segment ($p < 0.05$ in albei gevalle) en semantiese kategorie ($p < 0.05$ in albei gevalle) 'n invloed gehad. In eersgenoemde geval het die meerderheid respondente gekies vir die kompositumvorm met die koppelteken indien die segment waar vokale aan mekaar gegrens het, teenwoordig was. Die neweskikkende semantiese kategorie het verder bygedra tot respondente se keuse vir kompositumvorme met koppeltekens. Dit is juis in hierdie kategorie waar sewe van die kompositumvorme (van die moontlike agttien in hierdie semantiese kategorie) met koppeltekens deur die meerderheid verkies is. In die ander kategorieë was dit slegs die vier (en soms minder) komposita waar vokale aan mekaar gegrens het, wat met 'n koppelteken verkies is. As die spelreël in die respondente se onderskeie tale – dat neweskikkende komposita met 'n koppelteken geskryf moet word – hul primêre oorweging was, sou die meerderheid in al agttien gevalle gekies het vir die kompositumvorm met 'n koppelteken. In die geval van kompositumvorme met 'n **·e--valensiemorfeem**, waarin segment en semantiese kategorie ook 'n rol gespeel het, het respondente in ses gevalle vir die vorm met 'n **·e--valensiemorfeem** gekies. Vier van die komposita was in die besitsgenitiewe kategorie (semantiese kategorie wat dus 'n invloed gehad het) en twee in die tematiese kategorie. Die segmente was in vyf uit die ses gevalle konsonante (identies sowel as verskillend) wat aan mekaar gegrens het.

Die voordeel van die MANOVA-berekenings word weerspieël in die feit dat dit aandui dat al drie taalkundige faktore tegelykertyd 'n invloed gehad het op respondente se keuses vir die antwoorde sonder 'n valensiemorfeem en antwoorde met die **·s--valensiemorfeem** ($p < 0.05$ in albei gevalle, $AR^2 = 86.5$ en 81.4 onderskeidelik); in die ANOVA-berekenings is hierdie drie faktore se onderlinge samehang nie weerspieël nie. Die implikasie dat al drie faktore 'n invloed gehad het op hierdie twee moontlikhede, dui daarop dat die **·s--valensiemorfeem** nie uitsluitlik deur een spesifieke taalkundige faktor, hetsy vormlik (met verwysing na segment en klempatroon) of konseptueel (semantiese kategorie) gekondisioneer word nie.

Oorweeg 'n mens die ANOVA-berekenings om die invloed van taalagtergrond na te speur, is dit duidelik dat taalagtergrond slegs 'n rol gespeel het by die kompositumvorme met 'n koppelteken ($p < 0.05$, $AR^2 = 9.1$). Gemiddeld 33% Afrikaanssprekendes en gemiddeld 27% Nederlandssprekendes het gekies vir kompositumvorme met koppeltekens (sien Tabel 4-7 vir 'n opsomming van die persentasie antwoorde wat met koppeltekens gekies is.) Hierdie verskil sou verklaar kon word, sou hierdie tale nie identiese spelreëls gehad het met betrekking tot koppeltekengebruik nie. In al 69 vrae was die kompositumvorm met 'n koppelteken altyd 'n keuse, in teenstelling met die vorme met 'n **·e--valensiemorfeem** of **·s--valensiemorfeem**. Die moontlikheid sou dus bestaan dat respondente 'n kompositumvorm

met 'n koppelteken gekies het as gevolg van geen ander alternatiewe keuse nie. Hierdie diskrepanse is in die statistiese ontledings ingereken.

Ten slotte dui die "Totaal"-kolom in Tabel 4-5 die totale passing van die kategoriseringsnetwerk aan: Hoe hoër die AR^2 -waarde, hoe beter maak die resultate voorsiening vir die variansie van die drie taalkundige veranderlikes.¹⁴ Vir al die moontlike antwoorde, buiten dié met 'n koppelteken, is die AR^2 -waarde bo 80. By die antwoorde met die grootse AR^2 -waardes (geen valensiemorfeem en 'n \cdot s-valensiemorfeem) het al drie taalkundige faktore 'n rol gespeel, wat dui op die gelyktydige invloed van die faktore en dat nie een met absolute sekerheid in isolasie uitgesonder kan word nie. By die antwoorde met 'n koppelteken en met 'n \cdot e-valensiemorfeem het klemtoon nie 'n effek gehad nie, al is die AR^2 -waarde vir laasgenoemde bo tagtig. Hieruit kan ons aflei dat die taalkundige faktore in die model vir ten minste 50% (die laagste AR^2 -waarde) van die antwoorde in die hele vraelys (met en sonder valensiemorfeme) voorsiening maak. As gevolg van die lae totale AR^2 van die komposita met koppeltekens (slegs 50.6), wil dit voorkom asof die valensiemorfeemeienskappe wat vir doeleindes van die eksperiment geïdentifiseer is, nie so goed voorsiening maak vir die mate waarin die voorkoms van hierdie valensiemorfeem in komposita varieer nie.

4.4 Gevolgtrekkings

Met betrekking tot die hipoteses wat voorgelê is, kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

1(a) **Klemtoon:** Daar is voorspel dat sillabes wat klemtoonmatig bots, ongeag die segmentsamestelling (soos in *baret-tulband*, *idee-eiening* of *vy-toets*), aanleiding tot die gebruik van ten minste een van die valensiemorfeme sou gee. Uit die data blyk dat klemtoon (in samehang met die ander taalkundige faktore) respondent se keuses vir komposita sonder 'n valensiemorfeem én komposita met 'n \cdot s-valensiemorfeem gerig het. Hieruit kan ons dan aflei dat klemtoon saam met die ander veranderlikes funksioneer en nie as 'n individuele voorspeller van valensiemorfeemgebruik is nie.

14 Dit moet genoem word dat respondent se taalvermoë nie in die MANOVA-berekening ingereken is nie; uit die ANOVA-berekenings (Tabel 4-5) wil dit voorkom asof die respondent se moedertaal slegs 'n rol gespeel het by hul keuse vir kompositumvorms met 'n koppelteken ($p = 0.003$, $AR^2 = 9.1$).

Tabel 4-7: Aantal respondente wat gekies het vir die kompositumvorm met 'n koppelteken

Sem.kat.		Afrikaanse respondente	Persentasie	Nederlandse respondente	Persentasie
2.1.6.1	vla-advertensie	173	98%	138	94%
2.1.1.1	radio-abakus	170	97%	144	98%
2.1.2.1	bende-eienskap	163	93%	123	84%
2.1.5.1	eggo-opname	153	87%	111	76%
2.1.1.1	kafee-ouditorium	148	84%	111	76%
2.1.1.1	lakei-eienaar	171	81%	151	88%
2.1.5.1	idee-eiening	170	81%	137	80%
2.1.1.1	matrone-apteker	165	79%	125	73%
2.1.5.1	bui-integrasie	133	76%	63	43%
2.1.6.1	sebra-akkoord	153	73%	148	87%
2.1.6.1	gare-indeks	124	70%	104	71%
2.1.2.1	samoerai-etiket	147	70%	122	71%
2.1.5.1	tombe-ekspedisie	140	67%	114	67%
2.1.2.1	balju-adres	100	57%	49	33%
2.1.6.1	pêrel-episode	119	57%	29	17%
2.1.1.1	baret-tulband	91	52%	76	52%
2.1.6.1	munt-ensiklopedie	85	48%	24	16%
2.1.1.1	akrobaat-tenoor	99	47%	110	64%
2.1.1.1	joernaal-album	87	41%	65	38%
2.1.1.1	appel-lemoen	72	41%	42	29%
2.1.5.1	moeras-eksperiment	71	40%	29	20%
2.1.2.1	attachè-gilde	67	38%	17	12%
2.1.1.1	hawe-diskoteek	63	36%	39	27%
2.1.6.1	lantem-opsie	75	36%	13	8%
2.1.1.1	matroos-medikus	61	35%	99	67%
2.1.5.1	pruim-oes	61	35%	19	13%
2.1.1.1	wenk-instruksie	59	34%	34	23%
2.1.2.1	agent-unie	65	31%	28	16%
2.1.1.1	siekeboeg-tehuis	62	30%	68	40%
2.1.5.1	stom-intimidasie	58	28%	20	12%
2.1.5.1	alibi-kontrole	47	27%	12	8%
2.1.1.1	psalm-motto	56	27%	29	17%
2.1.1.1	skildery-kosyn	56	27%	51	30%
2.1.1.1	trofee-skild	44	25%	54	37%
2.1.5.1	kano-handel	43	24%	6	4%
2.1.1.1	medalje-baken	51	24%	52	30%
2.1.6.1	kraai-tabel	50	24%	9	5%
2.1.5.1	mango-berging	46	22%	9	5%
2.1.2.1	ninja-pistool	38	22%	13	9%
2.1.6.1	engel-lesing	43	20%	22	13%
2.1.6.1	graniet-tradisie	43	20%	18	11%
2.1.6.1	blyspel-taboe	41	20%	7	4%
2.1.5.1	riet-towery	34	19%	19	13%
2.1.2.1	teater-embleem	40	19%	13	8%
2.1.6.1	poeier-resep	32	18%	8	5%
2.1.2.1	juffrou-tafel	36	17%	5	3%
2.1.1.1	kadet-held	34	16%	77	45%
2.1.5.1	emmer-ruling	33	16%	16	9%
2.1.6.1	ivoor-tydskrif	32	15%	9	5%
2.1.5.1	boete-walging	30	14%	6	4%
2.1.5.1	kussing-inspeksie	29	14%	13	8%
2.1.6.1	impuls-stelsel	24	14%	12	8%
2.1.5.1	vulkaan-dreiging	28	13%	7	4%
2.1.2.1	biskop-potlood	23	11%	6	4%
2.1.1.1	sambreeel-kierie	18	10%	22	15%
2.1.2.1	gesant-advies	18	10%	6	4%
2.1.6.1	kristal-debat	18	10%	8	5%
2.1.6.1	oproer-kennis	17	10%	4	3%
2.1.2.1	kliënt-traktaat	19	9%	8	5%
2.1.5.1	gordel-promosie	18	9%	9	5%
2.1.2.1	kompanjie-geheim	17	8%	10	6%
2.1.5.1	ink-gradering	13	7%	9	6%
2.1.2.1	loodgieter-opset	11	6%	5	3%
2.1.6.1	vy-toets	11	6%	9	6%
2.1.2.1	kaptein-japon	7	4%	2	1%
2.1.2.1	soldaat-gewoonte	6	3%	1	1%
2.1.2.1	heiden-vesting	1	1%	6	4%
2.1.2.1	student-tuig	1	1%	2	1%
2.1.2.1	rebel-wapen	1	0%	0	0%

1(b) **Segment:** In die geval van aangrensende vokale (soos in *samoeria-etiket* en *idee-eiening*) is voorspel dat respondente gebruik sal maak van die koppelteken of ·s·-valensiemorfeem waar vokale bots en 'n ·e·-valensiemorfeem in die geval van opeenhopende konsonante. Hierdie hipotese is bevestig in die data, aangesien segmentkwaliteit by elke moontlike antwoord 'n effek gehad het:

- (i) In die geval van antwoorde met 'n **koppelteken** het segmente waar **vokale aan mekaar grens** 'n duidelike invloed op respondente se keuses gehad;
- (ii) Antwoorde met 'n **·e·-valensiemorfeem** is deur die meerderheid verkies in vyf gevalle waar **konsonante aan mekaar gegrens** het (*soldaat-gewoonte*, *kliënt-traktaat*, *student-tuig*, *rebel-wapen* en *engel-lesing*), waaruit afgelei word dat konsonante wat aan mekaar grens 'n voorspeller van die ·e·-valensiemorfeem kán wees;
- (iii) Die meerderheid respondente het vir antwoorde met 'n **·s·-valensiemorfeem** gekies in die geval waar die eerste komponent met 'n **konsonant geëindig** het en die tweede komponent **met 'n vokaal begin** het; en
- (iv) By antwoorde **sonder 'n valensiemorfeem** het **elke segment** respondente se keuses bepaal – uit Tabel 4-3 is dit duidelik dat respondente oor vier van die vyf segmentele moontlikhede heen (die gevalle waar vokale aan mekaar grens uitgesluit) in die meerderheid gevalle kompositumvorms sonder valensiemorfeme gekies het;

1(c) **Semantiese kategorieë:** Uit die MANOVA-berekenings is waargeneem dat semantiese kategorieë tot 'n sekere mate 'n invloed op elke antwoord gehad het:

- (i) Neweskikkende komposita: Al is verwag dat al die komposita in hierdie kategorie met 'n koppelteken gekies sou word, is slegs sewe kompositumvorme met koppeltekens verkies. Die hipotese was dat respondente (byna gewaarborg) in hierdie kategorie vir 'n valensiemorfeem (die koppelteken) sou kies en is dus weerlê deur die data. Die waarskynlike rede hiervoor is dat sommige van die neweskikkende pseudokomposita ook dalk as apposisiekomposita (byvoorbeeld *sambreel-kierie* 'kierie soos 'n sambreel', of *wenk-instruksie* 'instruksie is soos 'n wenk') of onderskikkende komposita (byvoorbeeld *trofee-skild* 'skild is 'n soort trofee', of *hawe-diskoteek* 'diskoteek by 'n hawe') geïnterpreteer sou kon word. Myns

insiens kan hierdie semantiese kategorie dus tog wel as 'n voorspeller van die koppelteken as valensiemorfeem gesien word.

- (ii) Besitsgenitiewe komposita: Hierdie kategorie was veral bepalend vir die *·s·*-valensiemorfeem, maar ook die *·e·*-valensiemorfeem. Die hipotese word dus bevestig dat respondente in hierdie kategorie meestal die vorm met die *·s·*-valensiemorfeem sou kies, sou hulle enigsins kompositumvorme met 'n valensiemorfeem verkies.
- (iii) Komposita met 'n nielewende deelnemer: Slegs waar vokale aan mekaar gegrens het, is die koppelteken deur die meerderheid respondente ingevoeg, wat dui op die gebrek aan 'n invloed op dieselfde vlak as die eerste twee kategorieë op respondente se keuses vir 'n valensiemorfeem;
- (iv) Komposita met 'n tematiese verhouding tussen die komponente: Die koppeltekenvorm is verkies waar vokale aan mekaar gegrens het en die *·e·*-valensiemorfeem in die geval van engel-lesing en vy-toets, wat dui op die gebrek aan 'n werklike invloed op dieselfde vlak as die eerste twee kategorieë op respondente se keuses vir 'n valensiemorfeem.

Daar is ook voorspel dat taalagtergrond nie 'n faktor by respondente se keuses sou wees nie, maar uiteindelik was eerstetaalsprekers van Afrikaans meer geneig om kompositumvorme met koppeltekens te kies as wat eerstetaalsprekers van Nederlands was.

4.5 Samevatting

Die doel van hierdie hoofstuk was om 'n eksperiment te ontwerp en uit te voer waarmee aspekte van die kategoriseringsnetwerk van die valensiemorfeem in Afrikaanse komposita getoets kon word. Met inagneming van vorige eksperimente, asook faktore wat spesifiek in hierdie studie na vore getree het, is 'n vraelys saamgestel om gebruikers se taalgevoel te toets. Met behulp van statistiese analyses deur middel van ANOVA en MANOVA kon daar verbande nagespeur word tussen die faktore wat gekombineer is en respondente se keuses vir spesifieke vorme van pseudokomposita.

Semantiese kategorieë was die sterkste faktor wat respondente se keuses vir kompositavorme bepaal het. Uit die keuses wat deur die meerderheid gemaak is, is die besitsgenitiewe kategorie die invloedrykste gewees met dertien van die komposita wat deur die meerderheid respondente mét een van die valensiemorfeme verkies is. Die feit dat al die kompositumvorme met 'n *·s·*-

valensiemorfeem wat deur die meerderheid respondente verkies is in hierdie kategorie voorgekom het, weerlê dus die standpunte van veral Botha (1964) en Van Huyssteen (2005b), en dit regverdig beslis dat daar in die toekoms in meer detail na hierdie semantiese kategorie gekyk word. Daarnaas het segmentkwaliteit ook 'n belangrike rol gespeel, met die klempatroon (wat die derde taalkundige oorweging was) as die swakste faktor. Die MANOVA-model het 'n maksimumpassing van 86.5 wat betref antwoorde sonder 'n valensiemorfeem en daal tot 'n passing van 50.6 vir antwoorde met koppeltekens. Met betrekking tot die rol wat moedertaal speel, is aangetoon dat hierdie faktor slegs 'n invloed het waar antwoorde met koppeltekens oorweeg is. Gemiddeld 33% Afrikaanssprekendes het gekies vir antwoorde met koppeltekens teenoor die 27% Nederlandssprekendes. Hierdie waarneming stel ook verdere ondersoek in die vooruitsig, aangesien Afrikaans en Nederlands identiese spelreëls het wanneer dit kom by die gebruik van die koppelteken.

Hoofstuk 5: Gevolgtrekking en toekomswerk

5.1 Inleiding

In die eerste hoofstuk van hierdie navorsingsprojek is drie navorsingsvrae geformuleer:

1. Hoe kan die valensiemorfeem in Afrikaans gedefinieer word?
2. Hoe kan die valensiemorfeem in Afrikaans linguisties gemodelleer word?
3. Bevestig mense se gebruik van valensiemorfeme, spesifiek in komposita, hierdie linguistiese model?

In hierdie hoofstuk word die mate waarin daar geslaag is om hierdie vrae te beantwoord, geëvalueer. Benewens die terugskouing en evaluasie van insigte en bevindinge met betrekking tot die valensiemorfeem in Afrikaans, sal toekomstige studiemoontlikhede ook uitgewys en kortliks bespreek word.

5.2 Samevatting en terugskouing

Die eerste navorsingsvraag het 'n opname van bestaande beskrywings oor die valensiemorfeem in Afrikaans, maar ook ander tale wat insigte vir Afrikaans tot gevolg sou hê, vereis. In hoofstuk 2 is 'n omvattende oorsig van die bestaande literatuur met betrekking tot valensiemorfeme in veral Afrikaans en Nederlands, maar ook Duits, gegee. Een van die groot leemtes wat reeds in hoofstuk 1 bespreek is, is die gebrek aan resente insigte met betrekking tot Afrikaanse valensiemorfeme. Waar Afrikaanse taalkundiges – wat Botha (1964), Kempen (1969), Combrink (1990) en Van Huyssteen (2005b) insluit – hoofsaaklik die fonologiese waarde van valensiemorfeme insien, wys Nederlandse taalkundiges soos Neijt *et al.* (2010), Van Tiel *et al.* (2011) en Banga *et al.* (2013) op die moontlike semantiese interpretasies wat valensiemorfeemgebruik tot gevolg kan hê. Duitse taalkundiges, waaronder Nübling en Szczepaniak (2008) en Aranoff en Kürschner (2015), beklemtoon dat valensiemorfeme juis volwaardig valensiemorfeme is wánnere hulle ontwikkel tot uitsluitlik fonologiese elemente. In die literatuur word daar nooit uitgebreide sienings bespreek oor die teenwoordigheid van valensiemorfeme in ander komplekse soos afleidings en fleksievorme nie, met die uitsluiting van Combrink (1990) en Van Huyssteen (2005b). Hoofstuk 2 is afgesluit met 'n definisie van die valensiemorfeem in Afrikaans, wat aan die einde van die afdeling herbesoek word.

Die tweede navorsingsvraag het betrekking op die linguistiese modellering van die valensiemorfeem. Om hierdie vraag te kon beantwoord, moes besluit word op 'n teoretiese raamwerk om te volg. Daar is besluit op die KG, en in hoofstuk 3 is belangrike konstruksie binne die KG, in soverre hulle verband hou met die valensiemorfeem, uiteengesit met valensiemorfeemvoorbeelde. Uit die kognitiewe prosesse in die KG het **komposisie** (hoe en in watter volgorde komponentstrukture bymekaar gesit word) en **vestiging** (hoe gereedelik komponentstrukture deur gebruikers gebruik word) na die voorgrond getree as die belangrikste prosesse in terme waarvan die valensiemorfeem in Afrikaans beskryf behoort te word. Aspekte van komposisie wat tydens die beskrywing van die valensiemorfeem in ag geneem is, is konstruksieprofielering, semantiese en fonologiese afhanklikheid en konstituering. In terme van profielering dra die valensiemorfeem nie op enige vlak van die konstituering van komplekse by tot die konseptualisering van Afrikaanse komplekse nie. Die moontlikheid dat die valensiemorfeem egter as 'n oortolligheidsverskynsel in Afrikaanse woordvorming geag kan word, moet nog ondersoek word. Met betrekking tot vestiging is algemeenheid en produktiwiteit die maatstawwe aan die hand waarvan die valensiemorfeem beskryf is: Die teenwoordigheid van 'n valensiemorfeem in Afrikaanse komplekse is nie só algemeen nie, maar in die gevalle waarin hulle wel voorkom, is hulle produktief. Die tweede navorsingsvraag is beantwoord in die vorm van twee kategoriseringsnetwerke, Figuur 3-18 en Figuur 3-19. Die netwerke is gepostuleer aan die hand van 'n kompositumdatastel (bestaande uit 288 NN-komposita) en nonkompositumdatastel (bestaande uit 72 geaffigeerde vorme). Albei datastelle is morfologies geannoteer sodat die realiseringspool van die netwerke opgestel kon word. Die kompositumdatastel is ook semanties geannoteer in 'n poging om 'n konseptualiseringspool te postuleer vir die valensiemorfeem. Na aanleiding van die netwerke kan die definisie van die valensiemorfeem so aangepas word dat die konseptuele bydrae wat dit lewer in enige Afrikaanse kompleks so skematies is, dat dit in wese weglaatbaar is. Die hoogs skematiese aard van die valensiemorfeem se konseptuele inhoud diskwalifiseer dit nie as 'n morfeem nie, aangesien daar steeds konseptuele inhoud is.

Die verskillende benaderings tot die valensiemorfeem kan uiteindelik saamgevat word met die vraag: Is die valensiemorfeem 'n morfeem? Neef (2015) kritiseer taalkundiges wat 'n funksionele benadering tot die valensiemorfeem volg en voer aan dat taalkundiges betekenis/inhoud soek vir hierdie morfeem, terwyl dit niks meer as 'n vorm van stamallomorfie is nie. As die vereiste vir morfeemstatus insluit dat 'n morfeem 'n definitiewe vorm én (semantiese) funksie moet hê, is dit inderdaad moeilik om 'n valensiemorfeem as 'n morfeem te beskou weens die hoogs skematiese semantiese inhoud daarvan. Vanuit 'n KG-raamwerk is ek egter van mening dat die valensiemorfeem steeds as 'n morfeem kwalifiseer, ten spyte van die gebrek aan 'n spesifieke

konseptuele invoer wat daarmee geassosieer word. Hierdie opinie word gebaseer op die stelling wat Langacker (2013:16) maak dat 'n morfeem 'n vereenvoudigde simboliese vergestaltung op die konseptuele- en realiseringspool is wat nie in kleiner betekenisvolle dele geanaliseer kan word nie.

In hoofstuk 4 is aspekte van die taalmodel (i.e. kategoriseringsnetwerk) aan die hand van gebruikersintuisie geverifieer. 'n Eksperiment is opgestel waarin formele taalkundige faktore (klemtoon, segmentele samestelling en semantiese kategorisering) tegelyk getoets kon word. Met behulp van statistiese metodes (ANOVA en MANOVA) is 'n aantal waarnemings gemaak, wat insluit dat:

- (a) waar 'n besitsgenitiewe verhouding tussen komponente geld (soos in *kaptein-japon*) die meerderheid Afrikaans- en Nederlandssprekende respondente geneig is om 'n valensiomorfeem te gebruik (hetsy die *·s·*-valensiomorfeem, koppelteken of *·e·*-valensiomorfeem);
- (b) 'n opeenhoping van konsonante by komponentgrense (soos in *student-tuig*) 'n voorspeller van die *·e·*-valensiomorfeem blyk te wees;
- (c) koppeltekengebruik deur respondente hoofsaaklik gerig word deur (a) of daar 'n neweskikkende verhouding tussen die komponente van die komposita geld (soos in *baret-tulband*); en (b) of daar 'n opeenhoping van vokale by die komponentgrense voorkom (soos in *idee-eiening*); en
- (d) eerstetaalsprekers van Afrikaans meer as eerstetaalsprekers van Nederlands geneig is om koppeltekens in onbekende/nuwe komposita te gebruik.

Die kategoriseringsnetwerk vir komposita toon dat die valensiomorfeem (die koppelteken en *·s·*-valensiomorfeem uitgesluit) nie met 'n spesifieke konseptuele betekenis verbind kan word nie, en die eksperimentele data bevestig dit grootliks. Buiten die koppelteken wat duidelik gekondisioneer word deur 'n neweskikkende verhouding tussen die komponente van die komposita, is daar ook die *·s·*-valensiomorfeem wat deur die meerderheid respondente verkies is wanneer 'n besitsgenitiewe verhouding tussen die komponente voorgekom het. Dit is dus op hierdie stadium nog moontlik om met betrekking tot die valensiomorfeem in Afrikaans aan te voer dat die konseptuele inhoud daarvan nog nie heeltemal verlore is nie. Verdere ondersoek met betrekking tot produksie is nodig om die kategoriseringsnetwerk te weerlê of bevestig.

- 1(d) Uiteindelik kan die volgende definisie, met inagneming van die literatuur, konstruke van die KG en eksperiment wat onderneem is, geformuleer word:
- (a) Valensiemorfeme is **morfeme** in **komposita/afleiding/fleksievorme**, en verander 'n onafhanklike of afhanklike stam na 'n afhanklike(r) stam wat moet verbind met 'n onafhanklike stam of affiks;
 - (b) Die **keuse van 'n valensiemorfeem** (al dan nie) word in **sommige gevalle**, soos waar 'n neweskikkende of besitsgenitiewe verhouding tussen konstituente geld, beïnvloed deur die **verhouding tussen die stamme** in komposita (maar nie ander komplekse);
 - (c) Valensiemorfeme het **primêr 'n fonologiese funksie**;
 - (d) Valensiemorfeme het (tot 'n sekere mate) en is besig om hul **aanvanklike semantiese funksies te verloor** soos wat Afrikaans ontwikkel, maar daar is tans nog **tekens** van **besitsgenitiewe- en neweskikkende interpretasies**.

5.3 Toekomswerk

Deur die loop van hierdie studie is daar plek-plek verwys na 'n aantal toekomstige ondersoekmoontlikhede, wat die volgende insluit:

- (a) In watter mate maak grammatikale oortolligheid (wat kortliks in afdeling 3.3.1.1 bespreek is), gesien van uit 'n KG-perspektief, voorsiening vir taalverskynsels soos die valensiemorfeem? Oortolligheid as 'n tema binne die KG, en spesifiek in Afrikaans, bied die belowende uitkoms vir 'n aantal Afrikaanse taalverskynsels soos die valensiemorfeem en moontlik ook die dubbele ontkenning.
- (b) Wat is die verskil (indien enige) tussen stamallomorfie en die gebruik/invoeg van valensiemorfeme? Tans is Labrune (2014) se siening dat hierdie taalverskynsels as aparte gevolge van die woordvormingsproses gehou moet word nie gewild onder taalkundiges nie (waarna verwys is in afdeling 3.3.1.2).
- (c) 'n Gedetailleerde en teoreties/prakties gefundeerde ondersoek na die verskil tussen die BVH teenoor die EVH en of dit enigsins belangrik is (veral as 'n mens binne 'n KG-raamwerk werk), sal beslis meer sekerheid in die taalkunde meebring.
- (d) 'n Ondersoek soos dié van Krott *et al.* (2001) na die paradigmatisering analogiese funksie van valensiemorfeme in Afrikaans sal ook tot 'n groter mate van sekerheid oor valensiemorfeemgebruik lei. Paradigmatiese analogie as 'n voorspeller van valensie-

morfeme blyk intuïtief logies en onweerlegbaar te wees, maar Afrikaans behoort steeds te baat by 'n eksperiment op die skaal van Krott *et al.* (2001) om die mate waarin analogie hierdie verskynsel help verklaar, te bepaal.

- (e) Wat is die omvang van funksieoortlikhede vir die koppelteken in Afrikaans? As uitbreiding op hierdie vraag kan daar ook gekyk word na die moontlike morfeemstatus van die koppelteken. Dit het reeds uit hierdie studie geblyk dat die koppelteken 'n veelsydige element in Afrikaans is wat nie net beperk is tot 'n merker van neweskikkendheid nie. Verdere ondersoek oor hierdie "morfeem" behoort interessante resultate te lewer.
- (f) Die herannotasie van die AuCoPro- en NCHLT-korpus (wat deel behoort uit te maak van die ondersoek wat in (b) genoem is) sal lei tot betroubaarder data vir die toekomstige bestudering van die valensiemorfeem. Daar is in afdeling 1.5.2 kommentaar gelewer op die wyse waarop die annotasie in hierdie datastelle gedoen is en dat daar ruimte vir verbetering bestaan.

BRONNELYS

Aranoff, M. & Fuhrhop, N. 2002. Restricting suffix combinations in German and English: closing suffixes and the monosuffix constraint. *Natural Language & Linguistic Theory* 20(3):451-490.

Baayen, R.H. 2014. Experimental and psycholinguistic approaches to studying derivation. (In Lieber, R. & Štekauer, P., eds. Oxford handbook of derivational morphology. Oxford: Oxford University Press. p. 95-117).

Banga, A., Hanssen, E., Schreuder, R. & Neijt, A. 2012. How subtle differences in orthography influence conceptual interpretation. *Written Language & Literacy* 15(2):185-208.

Banga, A., Hanssen, E., Schreuder, R. & Neijt, A. 2013. Two languages, two sets of interpretations: Language-specific influences of morphological form on Dutch and English speakers' interpretation of compounds. *Cognitive Linguistics* 24(2):195-220.

Bertram, R. & Hyönä, J. 2013. The role of hyphens at the constituent boundary in compound word identification. *Experimental Psychology* 60(3):157-163.

Booij, G. 1992. Compounding in Dutch. *Rivista di Linguistica* 4(1):37-59.

Booij, G. 2005. Compounding and derivation: evidence for Construction Morphology. (In Dressler, W.U., Rainer, F., Kastovsky, D. & Pfeiffer, O. eds. Morphology and its demarcations. Amsterdam: John Benjamins. p.109-132).

Booij, G. 2010. Construction morphology. Oxford: Oxford University Press.

Botha, R.P. 1964. Voorstudie tot 'n klassifikasie van Afrikaanse komposita. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. (Verhandeling - M.A.)

Braunmüller, K. 2015. Competing tendencies in Germanic pronomina and deictic systems: The most general principle will prevail." (In Hilpert, M., Östman, J., Mertzluft, C., Rießler, M. & Duke, J., eds. New Trends in Nordic and General Linguistics. Berlin: Mouton de Gruyter. p.11-27).

Butler, A. 2014. Die deelwoord in Afrikaans: perspektiewe vanuit 'n kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsraamwerk. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Verhandeling - M.A.)

Combrink, J.G.H. 1990. Afrikaanse morfologie: Capita Exemplaria. Pretoria: Academica.

Combrink, J.G.H. & De Stadler, L.G. 1987. Afrikaanse fonologie. Johannesburg: Macmillan Suid-Afrika.

Culicover, P.W. & Jackendoff, R. 2005. Simpler syntax. New York: Oxford University Press.

De Vos, J. 2014. Morphological and processing issues in Dutch structurally ambiguous compounds: The role of the -s- interfix. Oxford: University of Oxford. (Proefskrif - M.Phil.)

Don, J. 2009. IE, Germanic: Dutch. (In Lieber, R. & Štekauer, P., reds. The Oxford Handbook of Compounding. Oxford: Oxford University Press. p. 370-385).

Evans, V., Bergen, B.K. & Zinken, J. 2007. The cognitive linguistic enterprise: An overview. (In Evans, V., Bergen, B.K. & Zinken, J., reds. The cognitive linguistics reader. London: Equinox. p.1-36).

Field, A. 2013. Discovering statistics using IBM SPSS statistics. 4e uitg. London: Sage.

Frank, R. 2002. Phrase structure composition and syntactic dependencies. Cambridge: MIT Press.

Fuhrhop, N. & Kürschner, S. 2015. Linking elements in Germanic. (In Müller, P.O., Ohnheiser, I., Olsen, S. & Rainer, F., reds. Word-Formation: An international handbook of the languages of Europe. Berlin: De Gruyter. p. 568-582).

Guevara, E. 2007. Binary branching and linguistic theory: Morphological arguments. (In Picchi, M.P. & Pona, A. reds. *Proceedings of the XXXII Incontro di Grammatica Generativa*. Alessandria: Edizioni dell'Orso. p.1-18.

Hanssen, E. 2011. Linking elements in compounds: Regional variation in speech production and perception. Nijmegen: Radboud Universiteit Nijmegen. (Proefskrif – Ph.D.).

Hanssen, E., Banga, A., Neijt A. & Schreuder R. 2012. The similarity of plural endings and linking elements in regional speech variants of Dutch. *Language and Speech* 55(3):437-454.

Hilpert, M. 2013. Constructional change in English: developments in allomorphy, word formation, and syntax. Cambridge: Cambridge University Press.

Jansen, C., Schreuder, R. & Neijt, A. 2007. The influence of spelling conventions on perceived plurality in compounds: A comparison of Dutch and Afrikaans. *Written Language & Literacy* 10(2):105-114.

Kempen, W. 1969. Samestelling, afleiding en woordsoortelike meerkompleksiteit in Afrikaans. Kaapstad: Nasou Beperk.

Koester, D., Gunter, T.C., Wagner, S. & Friederici, A.D. 2004. Morphosyntax, prosody, and linking elements: The auditory processing of German nominal compounds. *Journal of Cognitive Neuroscience* 16(9):1647-1668.

Krott A., Baayen, R.H. & Schreuder, R. 2001. Analogy in morphology: modeling the choice of linking morphemes in Dutch. *Linguistics* 39(1):51-93.

Krott, A., Hagoort, P. & Baayen, R.H. 2004. Sublexical units and supralexic combinatorics in the processing of interfixed Dutch compounds. *Language and Cognitive Processes* 19(3):453-471.

Krott, A., Schreuder, R., Baayen, R.H. & Dressler, W.U. 2007. Analogical effects on linking elements in German compound words. *Language and Cognitive Processes* 22(1):25-57.

Labrune, L. 2014. Featural linking elements in Basque compounds. *Morphology* 24(4):377-405.

Langacker, R.W. 2003. Constructions in cognitive grammar. *English Linguistics* 20(1):41-83.

Langacker, R.W. 2008. Cognitive grammar: a basic introduction. Oxford: Oxford University Press.

Langacker, R.W. 2013. Essentials of cognitive grammar. New York: Oxford University Press.

- Libben, G. 2014. The nature of compounds: A psychocentric perspective. *Cognitive Neuropsychology* 31(1-2):8-25.
- Mattens, W.H.M. 1970. De Indifferentialis: een onderzoek naar het anumerieke gebruik van het substantief in het algemeen bruikbaar Nederlands. Assen: Van Gorcum.
- Neef, M. 2015. The status of so-called linking elements in German: Arguments in favor of a non-functional analysis. *Word Structure* 8(1):29-52.
- Neijt, A., Baayen, H. & Schreuder, R. 2006. Formal and semantic constraints on the interpretation of the suffix -s in reading Dutch nominal compounds. *Written Language and Literacy* 9(2):247-264.
- Neijt, A. & Kroon, S. 2010. De taalkundige onderbouwing van spellingregels De officiële uitleg van de spelling van tussenklanken in samenstellingen in het Groene Boekje vergeleken met de uitleg in de Van Dale Basisspellinggids. *Pedagogische Studiën* 87:202-218.
- Neijt, A., Schreuder, R. & Jansen, C. 2010. Van boekenbonnen en feëverhale De tussenklank e(n) in Nederlands en Afrikaanse samestellingen: vorm of betekenis? *Nederlandse Taalkunde* 15(2):125-147.
- Neuer, W.L. 2003. Social research methods: qualitative and quantitative approaches. 5e uitg. Boston: Allyn & Bacon.
- Nübling, D. & Szczepaniak, R. 2008. On the way from morphology to phonology: German linking elements and the role of the phonological word. *Morphology* 18:1-25.
- Nübling, D. & Szczepaniak, R. 2013. Linking elements in German origin, change, functionalization. *Morphology* 23:67-89.
- Raidt, E.H. 1991. Afrikaans en sy Europese verlede. Pretoria: Nasou Beperk.
- Renner, V. 2013. English *cum*, a borrowed coordinator turned complex-compound marker. *Morphology* 23:57-66.

Scalise, S. & Guevara, E. 2005. The lexical approach to word-formation and the notion of the lexicon. (In Štekauer, P. & Lieber, R., eds. *Handbook of Word-Formation*. Dordrecht: Springer. p. 233-265)

Schmid, H.J. 2011. *English morphology and word-formation: an introduction*. 2de uitg. Berlin: Erich Schmidt.

Schreuder, R., Neijt, A., Van der Weide, F. & Baayen, H. 1998. Regular plurals in Dutch compounds: Linking graphemes or morphemes? *Language and Cognitive Processes* 13(5):551-573.

Štekauer, P., Valera, S. & Körtvélyessy, L. 2015. *Word-formation in the world's languages: a typological survey*. Cambridge: Cambridge University Press.

Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. 2009. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. 10de uitg. Kaapstad: Pharos Woordeboeke.

Taylor, J. 2002. *Cognitive grammar*. Oxford: Oxford University Press.

Tuggy, D. 2003. *Abrelatas* and *scarecrow* nouns: Exocentric verb-noun compounds as illustrations of basic principles of cognitive grammar. *International Journal of English Studies* 3(2):25-61.

Tuggy, D. 2005. Cognitive approach to word-formation. (In Štekauer, P. & Lieber, R., eds. *Handbook of Word-Formation*. Dordrecht: Springer. p. 233-265).

Van Huyssteen, G.B. 2000. *Die reduplikasiekonstruksie in Afrikaans: Enkele aspekte van 'n kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsmodel vir Afrikaans*. Potchefstroom: PU vir CHO. (Proefskrif – Ph.D.)

Van Huyssteen, G.B. 2002. Teoretiese vooronderstellings van 'n kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsmodel vir die Afrikaanse grammatika. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies* 20:303-323.

Van Huyssteen, G.B. 2005a. 'n Kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsmodel vir die Afrikaanse grammatika. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies* 23(2):125-137.

Van Huyssteen, G.B. 2005b. On valence morphemes in Afrikaans. Bydrae gelewer by die International Cognitive Linguistics Conference, Seoul, Korea, 19 Julie 2005. <http://www.gerhard.pro/other/> Datum van gebruik: 12 Oktober 2016. [PowerPoint-aanbieding].

Van Huyssteen, G.B. 2010. (Re)defining component structures in morphological constructions: A cognitive grammar perspective. (In Michel, S. & Onysko, A., reds. *Cognitive Approaches to Word-Formation*. Berlin: Mouton de Gruyter. p. 97-126.)

Van Huyssteen, G.B. 2014. Morfologie. (In Carstens, W.A.M. & Bosman, N., reds. *Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers. p. 171-208).

Van Tiel, B., Rem, M. & Neijt, A. 2011. De historische ontwikkeling van de tussenklank in Nederlandse nominale samenstellingen. *Nederlandse Taalkunde* 16(2):120-140.

Van Zaanen, M., Van Huyssteen, G., Aussems, S., Emmery, C. & Eiselen, R. 2014. The development of Dutch and Afrikaans language resources for compound boundary analysis. (In *Proceedings of the 9th International Conference on Language Resources and Evaluation*. p. 1056:1062).

Verhoeven, B., Van Huyssteen, G.B., Van Zaanen, M. & Daelemans W. 2014. Annotation guidelines for compound analysis. *Computational Linguistics & Psycholinguistics Technical Report Series*. CTRS-005.

Verkuyl, H. 2007. De gedachte aan een meervoud in een eerste lid van een samenstelling: aan wat denkt men dan eigenlijk? (In Moerdijk, F., Van Santen, A. & Tempelaars, R., reds. *Leven met woorden. Opstellen aangeboden aan Piet van Sterkenburg*. Leiden: INL & Brill, p.457-466).

Wegener, H. 2008. The regrammaticalization of linking elements in German. (In Seoane, E. & López-Couso, M.J., reds. *Theoretical and Empirical Issues in Grammaticalization*. Amsterdam: John Benjamins Publishing Company, p.333-355).

Wilkinson, D. & Birmingham, P. 2003. *Using research instruments: A guide for researchers*. London: RoutledgeFalmer.

Wissing, D. 2010. Oor die onstabiele klemtoongedrag van Afrikaanse reduplikasies. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies* 28(1):13-23.

Wit, E.C. & Gillette, M. 1999. What is linguistic redundancy? Technical Report. Chicago, IL: University of Chicago.

ADDENDUM A

Etiket	Kategorie	Uiteensetting	Voorbeelde	Totaal
2.1.1.1*	IS	X is N1 en N2.	<i>eienaar-bouer</i> <i>weduwee-moeder</i> <i>mansmense</i>	51
2.1.1.2	IS	N2/N1 is 'n vergestalting van N1/N2 (wat 'n stof is).	<i>soda-as</i> <i>lawa-as</i> <i>kruienaeltjie</i>	3
2.1.1.3	IS	Sekere eienskappe van N1/N2 word toegeskryf aan N2/N1, maar hulle is nie identies nie.	<i>martelaarshouding</i> <i>kunstenaarsaard</i>	2
2.1.2.1*	BESIT	N1/N2 besit N2/N1 (enige besits- assosiasie) of N1/N2 het alleenreg of die uitsluitlike vermoë van toegang tot N2/N1.	<i>kiwi-eier</i> <i>regeringstroepe</i> <i>pioniersgees</i>	42
2.1.2.2	BESIT	N1/N2 is 'n fisieke/psigiese toestand wat deur N2/N1 ervaar word.	<i>cum-kandidaat</i> <i>kudde-instink</i> <i>liggaamshitte</i>	3
2.1.2.3	BESIT	N1/N2 het die eienskap waarna N2/N1 verwys.	<i>prestige-uitgawe</i> <i>turbo-enjin</i>	7
2.1.2.4	BESIT	N1/N2 het N2/N1 as komponent/ deel.	<i>landbou-ekonomie</i> <i>koedoe-ingewande</i> <i>rune-inskripsie</i>	20
2.1.2.5	BESIT	N1/N2 is 'n groep/stel/ vereniging/ versameling van N2/N1.	-	0

2.1.3.1	IN	N1/N2 is 'n objek fisiek gesitueerd in of naby N2/N1.	<i>blikkiesgroente</i> <i>gesigsmasker</i>	9
2.1.3.2	IN	N1/N2 is 'n gebeurtenis/ aktiwiteit fisiek gesitueerd in N2/N1.	<i>dorpsfees</i> <i>bindingsketting</i> <i>bruilofsmaal</i>	4
2.1.3.3	IN	N1/N2 is 'n objek tydelik gesitueerd in of naby N2/N1, of dit is 'n deelnemer in 'n proses wat daar plaasvind.	<i>dorpswag</i> <i>doodsbed</i>	2
2.1.3.4	IN	N1/N2 is 'n gebeurtenis/ aktiwiteit tydelik gesitueerd in of naby N2/N1.	<i>verkeersknoop</i> <i>verkeersongeluk</i>	3
2.1.4.1	AKTEUR	N1/N2 is 'n lewende deelnemer aan N2/N1 (wat 'n proses is).	<i>bou-inspekteur</i> <i>bewaringslui</i>	12
2.1.4.2	AKTEUR	N1/N2 is 'n lewende deelnemer in 'n gebeurtenis waaraan N2/N1 ook deelneem, maar N1/N2 is meer sentraal as N2/N1.	<i>ontwerpersklere</i> <i>hondeman</i> <i>groente-eter</i> <i>radio-ingenieur</i>	4
2.1.5.1*	INSTR	N1/N2 is 'n deelnemer aan die aktiwiteit of gebeurtenis N2/N1, maar N1/N2 is nie 'n AKTEUR nie.	<i>gedragsafwyking</i> <i>gewigsverlies</i> <i>verbindingsweg</i> <i>senu-ineenstorting</i>	62
2.1.5.2	INSTR	Die kompositum word geassosieer met 'n gebeurtenis waaraan N1/N2 en N2/N1 deelnemers is, maar	-	0

		N1/N2 is meer sentraal en nie 'n AKTEUR nie.		
2.1.6.1*	TEMA	N1/N2 se beskrywende en proporsionele inhoud hou verband met N2/N1.	<i>utiliteitsbeginsel</i> <i>lewenstyl</i> <i>ruimte-eeu</i> <i>admissie-eksamen</i> <i>handelsgeheim</i>	40
2.1.6.2	TEMA	N1/N2 is 'n versameling items waarvan die beskrywende en proporsionele inhoud verband hou met N2/N1 of N1/N2 is 'n gebeurtenis wat N2/N1 beskryf.	<i>ervaringsgebied</i> <i>gedragspatrone</i>	2
2.1.6.3	TEMA	N1/N2 is 'n psigiese proses of aktiwiteit gemik op N2/N1 of dit is 'n aktiwiteit wat die gevolg daarvan is.	<i>magneto-ontsteking</i> <i>wilshandeling</i> <i>regsgeldigheid</i> <i>magsbalans</i> <i>huweliksontrou</i>	16
2.1.6.4	TEMA	N1/N2 is 'n bedrag geld of ander kommoditeit wat in ruil vir N2/N1 gegee is.	<i>onderhoudskoste</i> <i>eenheidskoste</i> <i>aanvangskapitaal</i> <i>rente-inkomste</i>	6

ADDENDUM B

Q1.1 (Nederlandse versie volgt) Welkom by my vraelys oor die Afrikaanse valensiemorfeem! My studie gaan oor die valensiemorfeem (ook genoem die tussenklank) en die gebruik daarvan in Afrikaanse samestellings. 'n Voorbeeld hiervan is die '-s-' in 'koningsfamilie'. Vir die empiriese deel van my studie kort ek moedertaalsprekers van Afrikaans, moedertaalsprekers van Nederlands wat Afrikaans praat as 'n bykomende taal en ook Nederlanders wat gewoon nuuskierig is oor Afrikaans, maar dit nie vlot kan praat of heeltemal verstaan nie. Die eerste deel van hierdie vraelys behels die beantwoording van 'n paar algemene vrae oor geslag, ouderdom en universiteitsopleiding. In die tweede deel het jy die keuse om óf al die vrae te beantwoord óf net die helfte. Dit is moontlik om die vrae oor 'n tydperk te beantwoord en dis nie nodig om alles dadelik klaar te maak nie. Solank 'cookies' op jou rekenaar geaktiveer is, sal die vraelys outomaties aangaan by die laaste vraag wat jy ingevul het as jy die skakel weer oopmaak. Die instruksies rakende die invul van die vrae word later gegee en is duidelik, maar as daar onduidelikhede is, voel vry om my te kontak (benmapstieks@gmail.com). Baie dankie vir jou deelname aan my vraelys. Jou bereidwilligheid word opreg waardeer en ek hoop jy geniet dit!

Welkom bij mijn enquête over de tussenklank in Afrikaanse woorden! Het onderzoek waar ik uw medewerking voor vraag, gaat over de tussenklank (het zogenaamde valensiemorfeem) in Afrikaanse samestellingen. Een voorbeeld is de '-s-' in een woord als 'koningsfamilie'. Het onderzoek staat of valt bij de medewerking van moedertaalsprekers van het Afrikaans, niet-moedertaalsprekers van het Afrikaans (die wel moedertaalsprekers van het Nederlands zijn) en ook Nederlandstaligen die nieuwsgierig zijn naar het Afrikaans, maar het niet kunnen spreken. Het eerste deel van deze enquête bevat algemene vragen over uw achtergrond. U hebt de keuze om in het tweede deel óf al de vragen te beantwoorden óf alleen de helfte. Het is ook mogelijk het beantwoorden van de vragen te spreiden over meerdere sessies - het hoeft niet in één keer afgemaakt te worden. Zolang u cookies toegestaan hebt, zal de enquête gewoon doorgaan zodra u de link weer open maakt. De instructies bij de vragen moeten vanzelfsprekend zijn, maar mocht u vragen hebben kunt u contact met mij opnemen (benmapstieks@gmail.com). Hartelijk dank voor uw deelname aan mijn enquête. Bedankt voor uw bereidwilligheid! Uw feedback is belangrijk.

Demografiese inligting:

Q1.2 Jy is 'n: / U bent een:

- Man / Man (1)
- Vrou / Vrouw (2)

Q1.3 Watter stelling beskryf jou ouderdom die beste: / Welke stelling beskryf jou leeftyd die beste:

- Tussen 18 en 30 jaar / Tussen 18 en 30 jaar (1)
- Tussen 30 en 40 jaar / Tussen 30 en 40 jaar (2)
- Tussen 40 en 50 jaar / Tussen 40 en 50 jaar (3)
- Tussen 50 en 60 jaar / Tussen 50 en 60 jaar (4)
- Ouers as 60 jaar / Ouder dan 60 jaar (5)

Q1.4 Is/Was jy 'n student? Indien jy "ja" antwoord, watter graad/diploma/sertifikaat gaan jy behaal, of wat is jou hoogste kwalifikasie? Bv. B.Ing Bedryfsingenieurswese / Wat is uw hoogste genoteerde opleiding? Eg. BSc Geneeskunde

Q1.5 Is Afrikaans jou huistaal/eerste taal? / Is Afrikaans uw eerste taal?

- Ja / Ja (1)
- Nee / Nee (2)

Q1.6 Watter stelling beskryf jou kontak met Afrikaans die beste? / Welke stelling beskryf uw contact met Afrikaans die beste?

- Afrikaans is my moedertaal / Afrikaans is mijn moedertaal (4)
- Ek het 'n universiteitskursus daarvoor gehad / Ik heb op universitair niveau cursus(sen) Afrikaans gevolg. (1)
- Ek het Afrikaans buitemuurs geleer praat / Ik heb Afrikaans buiten de universiteit leren praten (2)
- Ek het nog net van Afrikaans gehoor, maar kan dit nie praat of verstaan nie / Ik heb alleen nog van Afrikaans gehoord, maar ik kan het niet spreken of goed begrijpen (3)

Instruksies:

Q1.8 Elke meervoudige keusevraag bestaan uit 'n verduidelikende sin (betekenis), en jy moet dan die samestelling kies wat die beste daarby pas. Let daarop dat dit uitgedinkte konsepte is wat beskryf word; jy sal dus nie die antwoorde in 'n woordeboek vind nie. Die verduidelikende sin verskyn in Afrikaans en Nederlands, maar die verskillende samestellingsmoontlikhede net in Afrikaans. Sien hieronder vir 'n voorbeeld. Iedere meerkeusevraag bestaan uit een toelichtende zin (betekenis). Kies een samestelling die er het best bij past. Let op dat het allemaal verzonden concepten zijn. U zult de antwoorden dus niet in een woordenboek vinden. De zinnen zijn in het Afrikaans en het Nederlands, maar de samestellingsmogelijkheden staan alleen in het Afrikaans. Zie beneden voor een voorbeeld.

Q97 Elke vraag lyk so: / Elke vraag ziet zo uit:

'n Verslag waarin daar oor 'n eend gerapporteer word, noem jy 'n: / **Een verslag waarin gerapporteer word over een eend, noem jij een:**

eendverslag

eend-verslag

eendeverslag

eendsverslag

Q99 Wanneer jy 'n op 'n vraag klik om 'n antwoord te kies, vertoon die hele vraag rooi en jou keuse 'n donkerder rooi: / Wanneer u op een vraag klikt om het te beantwoorden, verschijnt het in rood en die keuze die u maakt in donker rood:

'n Verslag waarin daar oor 'n eend gerapporteer word, noem jy 'n: / **Een verslag waarin gerapporteer word over een eend, noem jij een:**

eendverslag

eend-verslag

eendeverslag

eendsverslag

Q1.7 Die vraelys bestaan uit veertig of tagtig meervuldigekeusevrae. Wil jy veertig vrae (ongeveer 10 minute) of tagtig vrae (ongeveer 15 minute) beantwoord? (Ek sal dit besonder baie waardeer as jy al tagtig beantwoord.) / De enquête bestaat uit veertig of tachtig meerkeuzenvragen. Wil jij veertig vragen (ongeveer 10 minuten) of tachtig vragen (ongeveer 15 minuten) beantwoorden? (Ik zou het erg waarderen als u alle tachtig vragen zou willen beantwoorden.)

- Veertig / Veertig (1)
- Tagtig / Tachtig (2)

If Veertig / Veertig Is Selected, Then Skip To End of Block

Toetsmateriaal:

Q1.10 'n Opname van 'n eggo, noem jy 'n: / Een opname van een echo, noem jij een:

- eggoöpname (1)
- eggo-opname (2)
- eggosopname (4)

Q1.11 'n Eienskap waaraan jy 'n bende kan uitken, noem jy 'n: / Een eigenskap waaraan jij een bende kunt identificeren, noem jij een:

- bende-eienskap (2)
- bendeseienskap (4)

Q1.12 'n Toestel wat funksioneer as 'n radio en 'n abakus, noem jy 'n: / Een toestel dat functioneert als een radio en een abacus, noem jij een:

- radio-abakus (2)
- radiosabakus (4)

Q1.9 'n Indeks waarin gare gelys is, noem jy 'n: / Een index van garen, noem jij een:

- gareïndeks (1)
- gare-indeks (2)
- garesindeks (4)

Q1.16 'n Vertrek wat dien as 'n kroeg en 'n solder, noem jy 'n: / Een vertrek dat functioneert als een kroeg en een zolder, noem jij een:

- kroegsolder (1)
- kroeg-solder (2)
- kroeësolder (3)
- kroegssolder (4)

Q1.18 Die winning van suurstof, noem jy: / De winning van zuurstof, noem jij:

- suurstofwinning (1)
- suurstofswinning (2)
- suurstowwewinning (3)
- suurstofswinning (4)

Q1.14 'n Oes van die vrugtesoort pruim, noem jy 'n: / Een oogst van de vruchtensoort pruim, noem jij een:

- pruimoes (1)
- pruim-oes (2)
- pruimsoes (4)

Q1.15 Die opset/omgewing waarin 'n loodgieter werk, noem jy die: / De plek waar een loodgieter werkt, noem jij de:

- loodgieteropset (1)
- loodgieter-opset (2)
- loodgietereopset (3)
- loodgietersopset (4)

Q1.17 Kennis oor 'n oproer, noem jy: / Kennis over een oproer, noem jij:

- oproerkennis (1)
- oproer-kennis (2)
- oproerekennis (3)
- oproerskennis (4)

Q1.22 Die kontrole van 'n alibi, noem jy: / De controle van een alibi, noem jij:

- alibikontrolle (1)
- alibi-kontrolle (2)
- alibiskontrolle (4)

Q1.19 Die vesting waar 'n heiden bly, noem jy 'n: / De plaats waar een heiden woont, noem jij een:

- heidenvesting (1)
- heiden-vesting (2)
- heidenevesting (3)
- heidensvesting (4)

Q1.20 'n Sambreel wat ook gebruik kan word as 'n kerie, noem jy 'n: / Een paraplu die je ook als wandelstok kunt gebruiken, noem jij een:

- sambreelkerie (1)
- sambreel-kerie (2)
- sambrelekerie (3)
- sambreelskerie (4)

Q1.21 Die formule wat iemand gebruik wanneer hy pasta maak, noem jy 'n: / Het recept dat iemand gebruikt om pasta te maken, noem jij een:

- pastaformule (1)
- pasta-formule (2)
- pastasformule (4)

Q1.24 'n Plek wat 'n hawe (bedags) en 'n diskoteek (snags) is, noem jy 'n: / Een plek die overdag een haven is en 's avonds een discotheek is, noem jij een:

- hawediskoteek (1)
- hawe-diskoteek (2)
- hawesdiskoteek (4)

Q1.13 Die raaisel rondom die groot toename (op party plekke) en afname (in ander plekke) in hitte, noem jy die: / De raaisel over de toename (in sommige plekken) en afname (in andere plekken) van warmte, noem jij de:

- hitteraaisel (1)
- hitte-raaisel (2)
- hittesraaisel (4)

Q1.23 Die pistool wat 'n ninja gebruik, noem jy 'n: / Het pistool dat een ninja gebruikt, noem jij een:

- ninjapistool (1)
- ninja-pistool (2)
- ninjaepistool (3)
- ninjaspistool (4)

Q1.25 'n Resep wat beskryf hoe poeier gemaak word, noem jy 'n: / Een recept dat beskryf hoe poeder gemaak word, noem jij een:

- poeierresep (1)
- poeier-resep (2)
- poeiereresep (3)
- poeiersresep (4)

Q1.27 Die hotel waar 'n hertog oornag, noem jy 'n: / Het hotel waar een hertog zou overnachten, noem jij een:

- hertoghotel (1)
- hertog-hotel (2)
- hertoëhotel (3)
- hertogshotel (4)

Q1.36 'n Wenk wat ook dien as 'n instruksie, noem jy 'n: / Een tip/wenk die ook een instructie is, noem jij een:

- wenkinstruksie (1)
- wenk-instruksie (2)
- wenkeinstruksie (3)
- wenksinstruksie (4)

Q1.28 'n Vrug wat 'n kruis is tussen 'n appel en 'n lemoen, noem jy 'n: / Een vrucht die een combinatie van een appel en een sinaasappel is, noem jij een:

- appellemoen (1)
- appel-lemoen (2)
- appelelemoen (3)
- appelslemoen (4)

Q1.26 Die restourasie van 'n vensters, noem jy: / De restauratie van een raam, noem jij:

- vensterrestouratie (1)
- venster-restouratie (2)
- venstererestourasie (3)
- venstersrestourasie (4)

Q1.29 'n Advertensie waarin vla geadverteer word, noem jy 'n: / Een advertentie die vla adverteert, noem jij:

- vla-advertensie (2)
- vlasadvertensie (4)

Q1.31 Die adres van 'n balju, noem jy die: / Het adres van een baljuw, noem jij een:

- baljuadres (1)
- balju-adres (2)
- baljusadres (4)

Q1.32 'n Kafee wat ook 'n ouditorium is, noem jy 'n: / Een winkel die ook een auditorium is, noem jij een:

- kafeeouditorium (1)
- kafee-ouditorium (2)
- kafeesouditorium (4)

Q1.33 'n Ensiklopedie wat die munt as onderwerp het, noem jy 'n: / Een encyclopedie met de munt als het onderwerp, noem jij een:

- muntensiklopedie (1)
- munt-ensiklopedie (2)
- munteënsiklopedie (3)
- muntsensiklopedie (4)

Q1.30 Die integrasie/saamsmelt van 'n (reën)bui, noem jy: / De integratie van een (regen)bui, noem jij:

- buiïntegrasie (1)
- bui-integrasie (2)
- buieïntegrasie (3)
- buisintegrasie (4)

Q1.39 Die japon wat aan 'n kaptein behoort, noem jy 'n: / De pyjama die aan een kapitein behoort, noem jij een:

- kapteinjapon (1)
- kaptein-japon (2)
- kapteinejapon (3)
- kapteinsjapon (4)

Q1.34 'n Eksperiment waarin 'n moeras bestudeer word, noem jy 'n: / Een experiment waarbij een moeras bestudeerd word, noem jij een:

- moerasesperiment (1)
- moeras-eksperiment (2)
- moerasseëksperiment (3)
- moerasesperiment (4)

Q1.40 'n Persoon wat beide 'n matroos en 'n medikus is, noem jy 'n: / Een persoon die zowel matroos als medicus is, noem jij een:

- matroosmedikus (1)
- matroos-medikus (2)
- matrosemedikus (3)

Q1.47 Die tuig wat 'n student gebruik, noem jy 'n: / Het vervoermiddel dat een student gebruikt, noem jij een:

- studenttuig (1)
- student-tuig (2)
- studentetuig (3)
- studentstuig (4)

Q1.38 Die gradering van inkt, noem jy: / De gradering van inkt, noem jij:

- inktgradering (1)
- inkt-gradering (2)
- inkegradering (3)
- inksgradering (4)

Q1.37 'n Debat oor die gebruik van 'n kristal, noem jy 'n: / Een debat over het gebruik van een kristal, noem jij een:

- kristaldebat (1)
- kristal-debat (2)
- kristaldebatebat (3)
- kristalsdebat (4)

Q1.48 'n Hoofbedekking wat kan funksioneer as 'n baret en 'n tulband, noem jy 'n: / Een hoofbedekking die zowel baret als tulband is, noem jij een:

- barettulband (1)
- baret-tulband (2)
- barettetulband (3)
- baretstulband (4)

Q1.46 Toverij waarby 'n riet gebruik word, noem jy: / Toverij waar een riet gebruik word, noem jij:

- riettoewery (1)
- riet-toewery (2)
- rietetowery (3)
- rietstowery (4)

Q1.41 'n Toets waarmee die kwaliteit van 'n vy getoets word, noem jy 'n: / Een test waarmee die kwaliteit van een vijf getoetst wordt, noem jij een:

- vytoets (1)
- vy-toets (2)
- vyetoets (3)
- vystoets (4)

Q1.43 Die gilde waaraan 'n attaché behoort, noem jy 'n: / Een gilde voor een attaché, noem jij een:

- attachégilde (1)
- attaché-gilde (2)
- attachéegilde (3)
- attachésgilde (4)

Q1.45 'n Stelsel waarin 'n impuls beskryf word, noem jy 'n: / Een stelsel wat een impuls beskryft, noem jij een:

- impulsstelsel (1)
- impuls-stelsel (2)
- impulsstelsel (3)
- impulsstelsel (4)

Q1.42 Die handel van 'n kano, noem jy: / De handel van een kano, noem jij:

- kanohandel (1)
- kano-handel (2)
- kanoehandel (3)
- kanoshandel (4)

Q1.44 'n Objek wat dien as beide 'n trofee en 'n skild, noem jy 'n: / Een object dat zowel een schild als een trofee is, noem jij een:

- trofeeskild (1)
- trofee-skild (2)
- trofeëskild (3)

Q1.35 Die advies wat 'n gesant verskaf, noem jy: / Het advies dat een gezant geeft, noem jij:

- gesantadvies (1)
- gesant-advies (2)
- gesanteadvies (3)
- gesantsadvies (4)

Q2.2 Walging wat gemik is op 'n boete, noem jy: / Walging van een boete, noem jij:

- boetewalging (1)
- boete-walging (2)
- boeteswalging (4)

Q2.3 Die berging van 'n mango, noem jy: / Het opbergen van een mango, noem jij:

- mangoberging (1)
- mango-berging (2)
- mangosberging (4)

Q2.5 'n Objek wat beide 'n medalje en 'n baken is, noem jy 'n: / Een object dat dient als medaille en baken, noem jij een:

- medaljebaken (1)
- medalje-baken (2)
- medaljesbaken (4)

Q2.4 Die tafel van 'n juffrou, noem jy 'n: / De tafel van een lerares, noem jij een:

- juffrou Tafel (1)
- juffrou-tafel (2)
- juffrouetafel (3)
- juffroustafel (4)

Q2.11 'n Ekspedisie waar 'n tombe besoek word, noem jy 'n: / Een expeditie waarbij een tombe bezocht wordt, noem jij een:

- tombeëkspedisie (1)
- tombe-ekspedisie (2)
- tombesekspedisie (4)

Q2.6 'n Lesing wat gegee word oor 'n engel, noem jy 'n: / Een lezing over een engel, noem jij een:

- engellesing (1)
- engel-lesing (2)
- engelelesing (3)
- engelslesing (4)

Q2.7 Die ruiling van 'n emmer, noem jy: / De ruiling van een emmer, noem jij:

- emmerruiling (1)
- emmer-ruiling (2)
- emmereruiling (3)
- emmersruiling (4)

Q2.8 Die potlood waarmee 'n biskop 'n belangrike dokument onderteken, noem jy 'n: / Een potlood dat een bisschop gebruikt om een belangrijk document te ondertekenen, noem jij een:

- biskoppotlood (1)
- biskop-potlood (2)
- biskoppepotlood (3)
- biskopspotlood (4)

Q2.10 'n Akkoord wat die handel van 'n sebra reël, noem jy 'n: / Een akkoord dat die handel van een zebra regelt, noem jij een:

- sebra-akkoord (2)
- sebrasakkoord (4)

Q2.9 'n Psalm wat iemand as sy eie motto gebruik, noem jy 'n: / Een psalm die iemand als zijn eigen motto gebruik, noem jij een:

- psalmmotto (1)
- psalm-motto (2)
- psalmemotto (3)
- psalmsmotto (4)

Q2.12 Die etiket van 'n samoerai, noem jy 'n: / Het etiket van een samoerai, noem jij een:

- samoerai-etiket (2)
- samoeraisetiket (4)

Q2.13 'n Persoon wat beide 'n matrone en 'n apteker is, noem jy 'n: / Een persoon die een matrone en ook een apotheker is, noem jij een:

- matroneapteker (1)
- matrone-apteker (2)
- matronesapteker (4)

Q2.14 Die episode van 'n televisiereeks waarin 'n pêrel 'n belangrike rol speel, noem jy die: / Een episode in een televisieserie waarin een parel een belangrijke rol speelt, noem jij de:

- pêlepisode (1)
- pêrel-episode (2)
- pêleëpisode (3)
- pêrelsepisode (4)

Q2.15 Die inspeksie van 'n kussing, noem jy: / De inspectie van een kussen, noem jij:

- kussinginspeksie (1)
- kussing-inspeksie (2)
- kussingeïnspeksie (3)
- kussingsinspeksie (4)

Q2.23 Die analise van 'n kiem, noem jy: / De analyse van een ziektekiem, noem jij:

- kiemanalise (1)
- kiem-analise (2)
- kiemsanalise (4)

Q2.16 Die embleem van 'n teater, noem jy 'n: / Het embleem van een theater, noem jij een:

- teaterembleem (1)
- teater-embleem (2)
- teatersembleem (4)

Q2.18 'n Taboe by die uitvoering van 'n blyspel, noem jy 'n: / Een taboe bij de opvoering van een comédie, noem jij een:

- blyspeltaboe (1)
- blyspel-taboe (2)
- blyspeletaboe (3)
- blyspelstaboe (4)

Q2.25 'n Skildery wat ook funksioneer as 'n kosyn, noem jy 'n: / Een schilderij dat ook functioneert als een kozijn, noem jij een:

- skilderykosyn (1)
- skildery-kosyn (2)
- skilderyekosyn (3)
- skilderyskosyn (4)

Q2.19 'n Promosie waarin 'n gordel geadverteer word, noem jy 'n: / Een advertentie voor een gordel, noem jij een:

- gordelpromosie (1)
- gordel-promosie (2)
- gordelepromosie (3)
- gordelspromosie (4)

Q2.21 'n Plek wat dien as 'n siekeboeg en 'n tehuis, noem jy 'n: / Een plek die functioneert als een ziekenboeg en een tehuis, noem jij een:

- siekeboegtehuis (1)
- siekeboeg-tehuis (2)
- siekeboeëtehuis (3)
- siekeboegstehuis (4)

Q2.34 'n Opsie om 'n lantern te koop, noem jy 'n: / Een optie om een lantaarn te kopen, noem jij een:

- lanternopsie (1)
- lantern-opsie (2)
- lanternsopsie (4)

Q2.22 'n Tabel waarin die verskillende aspekte van 'n kraai geëvalueer word, noem jy 'n: / Een tabel waarin verschillende aspecten van een kraai geëvalueerd worden, noem jij een:

- kraaitabel (1)
- kraai-tabel (2)
- kraaietabel (3)
- kraaistabel (4)

Q2.20 'n Gewoonte waaraan jy 'n soldaat kan uitken, noem jy 'n: / Een gewoonte waardoor jij een soldaat kunt identificeren, noem jij een:

- soldaatgewoonte (1)
- soldaat-gewoonte (2)
- soldategewoonte (3)
- soldaatsgewoonte (4)

Q2.37 'n Boek wat dien as 'n joernaal en 'n album, noem jy 'n: / Een boek dat dient als dagboek en album, noem jij een:

- joernaalalbum (1)
- joernaal-album (2)
- joernaalsalbum (4)

Q2.24 'n Geheim (byvoorbeeld met betrekking tot handel) van 'n kompanjie, noem jy 'n: / Een geheim (bijvoorbeeld met betrekking tot handel) van een compagnie, noem jij een:

- kompanjiegeheim (1)
- kompanjie-geheim (2)
- kompanjieëgeheim (3)
- kompanjiesgeheim (4)

Q2.26 'n Versoek vir die aankoop van 'n portret, noem jy 'n: / Een verzoek voor de aankoop van een portret noem, jij een:

- portretversoek (1)
- portret-versoek (2)
- portretteversoek (3)
- portretsversoek (4)

Q2.27 'n Tradisie waartydens graniet gebruik word, noem jy 'n: / Een traditie waarin graniet wordt gebruikt, noem jij:

- graniettradisie (1)
- graniet-tradisie (2)
- granietetradisie (3)
- granietstradisie (4)

Q2.28 Die traktaat wat 'n kliënt aangaan, noem jy 'n: / Het traktaat dat door een cliënt aangegaan wordt, noem jij een:

- kliënttraktaat (1)
- kliënt-traktaat (2)
- kliëntetraktaat (3)
- kliëntstraktaat (4)

Q2.30 'n Onderzoek wat handel oor lawaai, noem jy 'n: / Een onderzoek dat gaat over lawaai, noem jij een:

- lawaaiöndersoek (1)
- lawaai-ondersoek (2)
- lawaaisondersoek (4)

Q2.31 Die eiening van 'n idee, noem jy: / De toe-eiening van een idee, noem jij:

- idee-eiening (2)
- ideeseiening (4)

Q2.29 'n Persoon wat beide 'n akrobaat en 'n tenoor is, noem jy 'n: / Een persoon die zowel een acrobaat als een tenor is, noem jij een:

- akrobaattenoer (1)
- akrobaat-tenoor (2)
- akrobatetenoor (3)
- akrobaatstenoer (4)

Q2.32 'n Offer wat deur 'n heks gebring is, noem jy 'n: / Een offer dat door een heks wordt gemaak, noem jij een:

- heksoffer (1)
- heks-offer (2)
- hekseoffer (3)

Q2.35 Die intimidasie wat deur 'n storm veroorsaak word, noem jy: / De intimidatie die door een storm veroorzaakt wordt, noem jij:

- stormintimidasie (1)
- storm-intimidasie (2)
- stormeïntimidasie (3)
- stormsintimidasie (4)

Q2.33 'n Persoon wat beide 'n lakei en 'n eienaar is, noem jy 'n: / Een persoon die zowel een lakei als een eienaar is, noem jij een:

- lakeiëinaar (1)
- lakei-eienaar (2)
- lakeiseienaar (4)

Q2.36 Die unie waaraan 'n agent behoort, noem jy 'n: / De unie waar een agent behoort, noem jij een:

- agentunie (1)
- agent-unie (2)
- agentsunie (4)

Q2.17 'n Plek wat funksioneer as 'n bistro en 'n apteek, noem jy 'n: / Een plek die funksioneer as 'n bistro en 'n apteek, noem jy 'n:

- bistroapteek (1)
- bistro-apteek (2)
- bistroapteek (4)

Q2.39 Die dreiging van 'n vulkaan wat gaan uitbars, noem jy: / De dreiging van 'n vulkaan wat gaan uitbars, noem jy:

- vulkaandreiging (1)
- vulkaan-dreiging (2)
- vulkanedreiging (3)
- vulkaandreiging (4)

Q2.38 'n Tydskrif waarin ivoor bespreek word, noem jy 'n: / Een tydskrif waarin ivoor bespreek word, noem jy 'n:

- ivoortydskrif (1)
- ivoor-tydskrif (2)
- ivoretydskrif (3)
- ivoorstydskrif (4)

Q2.41 Iemand wat 'n kadet en 'n held is, noem jy 'n: / Iemand wat 'n kadet en 'n held is, noem jy 'n:

- kadetheld (1)
- kadet-held (2)
- kadetteheld (3)
- kadetsheld (4)

Q2.40 Die wapen wat 'n rebel gebruik, noem jy 'n: / Het wapen wat 'n rebel gebruik, noem jy 'n:

- rebelwapen (1)
- rebel-wapen (2)
- rebellewapen (3)
- rebelswapen (4)